# vrye weekblad

R5.00



4 NOVEMBER 1988 - 2 FEBRUARIE 1994

Met poppe van 1,9 m het Toyota ingenieurs die kajuitgrootte en sitposisies geëvalueer en elke moontlike stukkie binneruimte benut. Só is oorgenoeg ruimte geskep – sodat vyf volwassenes baie geriefliker kan sit met meer ruimte vir die kop, skouers, heupe en bene.

Ons het die voorste sitplekrûe laat inkurwe, om knieë nuwe vryheid agter te gee. Ons het die leibane van die vloer na die deurdrumpels verskuif sodat mens kan strek. En toe, sonder om grondvryhoogte in te boet, die hele vloerpan laat sak vir meer kopruimte. Daar is ook meer as genoeg ruimte vir jou bagasie. 'n Hele 456 dm³*, want die Camry het die grootste bak in sy klas. Maar ruimte is nie alles in die Camry nie. Elke model het kragstuur, 'n afstandbeheerde sluitstelsel en elektries verstelbare kantspieëls. Lugversorging, wat kragtig vloei met skaars 'n fluistering, is standaard in almal behalwe die 200i. En dan is daar 'n verwarmer sonder die ongerief van 'n stroom skroeiwarm lug in jou gesig as jy dit aanskakel.






*Volgens die motortydskrif Car se ISO blokmeetmetode.

# Om die nuwe Toyota Camry meer ruimte te gee, moes ons briljante ingenieurs eers pop speel.

Daar is nog heelwat kenmerke, maar ons beveel aan jy ondersoek hulle self. Skuif agter die stuurwiel van die nuwe Camry in en kyk goed rond. Een ding is seker. Jy sal agterkom daar is volop ruimte vir alles ... behalwe verbetering.

**Alles loop reg, altyd reg**

**TOYOTA**

C A M R Y

Die Camry reeks: 200i 5-spoed; 200i 5-spoed (L/V); 200Si 5-spoed; 200Si 4-spoed Outo; 220SEi 5-spoed; 220SEi 4-spoed Outo; 300SEi 5-spoed; 300SEi 4-spoed Outo. ***Tolvrye Camry Infolyn:*** 0800-139111

LINDSAY SMITHERS-FCB 2768/A

# stil,

Van hier *(rou en kwaad)* tot hier *(slick en mooi)*


Vrye Weekblad

Prys: R1,20

# Mandela: 'n nuwe era

BINNE

Joe Slovo en die Boere...



# broers,

## 'n blad verby

Jy hou die laaste uitgawe van *Vrye Weekblad* in jou hande. Die laaste bladsy van 'n formidabele hoofstuk in die joernalistiek en die politiek van Suid-Afrika. Die einde van 'n era, maar nie 'n tragiese einde nie - 'n trotse een. Dit was 'n stryd goed gestry. Loop saam met ons 'n draai oor vyf jaar en steek 'n dop op ons begrafnisfees

**Loop so bietjie saam met ons deur die geskiedenis van *Vrye Weekblad*, en daarmee saam, soos 'n skaduwee, die nuusgebeure wat die pad met ons saamgeloop het. INA VAN DER LINDE het deur ou *Vrye Weekblaaie* gaan blaai van ons geboorte op 4 November 1988, deur ons grootwordjare tot by ons sterfbed**

# 1988 kom loop saam met ons deur die geskiedenis

DIE eerste uitgawe van *Vrye Weekblad* verskyn so in die doodsnikke van die jaar 1988. Die opskrif van die eerste hoofberig lui "Mandela: 'n nuwe era." Vir die eerste keer kon lesers in Afrikaans oor die man Nelson Mandela lees sonder dat hy as geweldenaar, terroris en godlose kommunis afgemaak word. In dié tyd was daar sterk gerugte dat Mandela vrygelaat gaan word, en die artikels het gegaan oor watter versoenende rol Mandela sou kon speel met die geboorte van die Nuwe Suid-Afrika.

Terloops, dié "Nuwe Suid-Afrika" is deur *Vrye Weekblad* gebruik heelwat meer as 'n jaar voor die Nasionale Party dit aangegryp het.

In die uitgawe skryf Elsabé Wessels uit Leverkusen, Duitsland: "By die Idasa-kongres in Duitsland is die ANC se beleid van gewapende stryd skerp deur lede van die wit afvaardiging uit Suid-Afrika veroordeel. Vars in hul geheue was die bloedige tonele by Wimpy-restaurante en koopsentrums tuis.

"In ANC-geledere self is daar geskille oor die sukses van hul geweldprogram. Die ANC



## Wil iemand dié ouman nog hê?

e wou ophou droom nie.

"Laat Heer u seën op hul daal," sug die mense e Botha-paar toe. Al die ministers ... onde saam. Ek wonder of hulle ... e Staatspresident iets anders ... nie.

Prof Koekemoer ... met skriflesing ... bed. Ek kon sweer hy probeer 'n boodskappie ... die Kabinet in sy teks insmokkel: "Moenie van uself meer dink as wat jy behoort te dink nie," en ... het almal ...

verwelkom hy die "party-ondersteunende pers" se redakteurs op die verhoog...

PW kom aan die woord. Hy sê met God se genade sal die land se toekoms verseker wees. Die mense klap hande, seker met die wete dat niks minder as dit nodig gaan wees ... op die oomblik aangaan nie.

Die toejuiging raak 'n bietjie meer ... asties as PW sê Suid-Afrika se toekoms sal nie deur 'n soort Lancaster House-beraad beslis word nie ... "South

het oor die afgelope maande baie meer sagte - burgerlike - as harde, militere en ander staatsteikens getref. ANC-woordvoerders dring daarop aan dat die militêre vleuel se veldtog van openbare geweld op harde teikens gemik is. In Leverkusen het hulle terreurdade teen sagte teikens skerp veroordeel. Daar is konflik oor die morele verdediging van bomaanvalle op burgerlikes."

Die foto op die eerste voorblad was een van Sampie Terreblanche, Joe Slovo en Wynand Malan onder die hofie "Joe Slovo en die Boere". Dié foto is later deur die Nasionale Party op plakkate en in advertensies teen die DP gebruik, en *Vrye Weekblad* moes die NP deur 'n interdik van die Hooggeregshof verbied om dit verder te gebruik.

REEDS MET DIE eerste uitgawe word die grondslag gelê vir 'n stewige, opwindende kunsblad wat rolprente, boeke, musiek en toneel insluit. Gerrit Olivier skryf oor die Afrikaanse Letterkunde en Veldheer (Charles) Malan en sy kombersie: "As ons

hom moet glo is Afrikaanse letterkundiges 'n bloedskandelike familie wat onder dieselfde sambreeltjie loop en rusie maak. Saans sit hulle om die Afrikaanse vuurtjie, kruip onder die GALsterige kombersie in. Onder so 'n parogiale kombersie kan 'n literêre wind maklik na 'n kanonskoot klink..."

*Vrye Weekblad* se credo verskyn ook in die eerste uitgawe. Max du Preez spel daarin die beleid van *Vrye Weekblad* uit: onverbonde, geen spesiale lojaliteite teenoor enige politieke party of belangegroep nie, ons behoort nie aan enige geldmag of maatskappye groep nie. Ons wil betroubare, gebalanseerde inligting vir ons lesers kan gee - 'n skaars produk in Suid-Afrika in die jaar 1988. Hy skryf:

*"Op die oomblik is al die groot Afrikaanse koerante bondgenote van die Nasionale Party terwyl die enigste ander primêre nuusbron, die SAUK, deur die staat beheer word. Hierdie verhouding tussen regerende party en media moet noodwendig 'n inbiberende invloed op beriggewing hê.*


*Ons sê: Na die duiwel met die Totale Aanslag wat so gemanipuleer is om Suid-Afrikaners in die donker te hou. Afrikaanssprekendes is nie kinders nie en hulle is nie onnosel nie. Ons het 'n reg om te weet wat in ons land aangaan en wat ons regeerders en mede-burgers doen en dink.*

Vrye Weekblad *wil ons lesers soveel inligting moontlik gee - maar dis nog die tyd van die noodregulasies met erge beperkings op persvryheid.*

*En hoekom is ons naam* Vrye Weekblad*? Prof Braam Viljoen was die doper. Want ons is vry van ideologieë; vry van propaganda en slagspreuke; vry van eng inhibisies, vry van manipulering deur Staatspresidente, ministers, Broeders, generaals en groot kapitaliste - vry om vir die moderne Afrikaanssprekende te sê: lees en besluit self."*

IN DIE TWEEDE uitgawe is daar 'n agtergrondberig oor die Leverkusen-konferensie met die ANC deur 'n Wits-akademikus, Mark Swilling, waarin hy die verskillende standpunte uiteensit. *Vrye Weekblad* is kort daarna aangekla dat hy 'n verbode persoon, Joe Slovo, aangehaal het, en die redakteur kry sy eerste stywe boete en opgeskorte tronkstraf - ten spyte daarvan dat in die hof aangetoon is dat ander koerante in dieselfde tyd lang regstreekse aanhalings van Slovo gebruik het, terwyl *Vrye Weekblad* slegs indirek na Slovo se standpunt verwys het. Die vendetta met die hof as werktuig het begin.

In die derde uitgawe was die hoofberig oor Barend Strydom se rasse-bloedbad in Pretoria met agtergrondinligting oor regse terreurplanne en die infiltrering van die SAP en SAW deur regses. Baie temas wat reeds in die vroeë uitgawes aangesny word, het later van die land se grootste stories geword.




*Vrye Weekblad* se eerste spotprent

EN ONS BEGIN die stories vertel van die armes, die onderdruktes en die lydendes: Soos die middeljarige, ongeletterde Eric Sambo. 'n Plaaswerker in die Soutpansbergdistrik wat R80 per maand verdien. Hy is deur 'n frisgeboude boer van 23 vir 'n nag lank aan 'n boom vasgebind, geskop en geslaan. Vier plaaswerkers is beveel om hom met apiesvy-latte geslaan, 'n sak is oor sy gesig getrek, water oor hom uitgegooi. Die boer het sy voete is onder hom uitgeskop en skote teen sy kop afgevuur. Sambo is deur sy aanrander na die polisiekantoor op Levubu gebring waar hy kort daarna dood is aan bloeding op die brein.

Jacobus Vorster, en nog 'n boer, Petrus Jacobus Leonard, is aangekla van moord op Sambo. Die uitspraak: Vorster is nie op moord skuldig bevind nie, maar aan strafbare manslag; Leonard is skuldig bevind aan aanranding.

TWEE WEKE NA ons op straat verskyn het, op 25 November, word die eerste skote van bo (nie Bo nie) op *Vrye Weekblad* afgevuur. In 'n voorbladberig vertel ons van 'n faks van Kobie Coetsee, minister van Justisie, wat ons op kantoor ontvang het. Hierin dreig hy om *Vrye Weekblad* toe te maak. Die klagte: die nuusblad dien as 'n middel om sienswyses uit te druk wat deur 'n onwettige organisasie gepropageer word.

Die faks is na aanleiding van *Vrye Weekblad* se aansoek om registrasie aan ons gestuur. Die registrasiefooi is normaalweg R10. *Vrye Weekblad* moes uiteindelik R30 000 vir die voorreg betaal. Dit was die meeste wat nog ooit van 'n koerant in Suid-Afrika gevra is om as nuusblad te registreer.

DIE GROOT KROKODIL sluit die jaar vir ons af. Staatspresident PW Botha stel 'n eis om skadevergoeding van R100 000 teen ons in, met 'n verdere eis dat *Vrye Weekblad* "onvoorwaardelike apologie" aanteken omdat ons sy amp van Staatspresident aangetas en sy "karakter in sy persoonlike hoedanigheid" gekwets het. Dit gaan oor 'n berig in 'n vorige uitgawe waarin gesê is: "Staatspresident PW Botha en die Minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, het self die berugte Mafia-baas Vito Palazzolo ontmoet en saam met hom geëet."

*Vrye Weekblad* het geweier om om verskoning te vra of die geld te betaal. Die saak is laat vaar nadat Botha uit sy amp getree het.

# 1989 die moordbende-sage begin

DIE JAAR 1989 begin met gissinge oor die stigting van 'n nuwe verenigde opposisieparty. Die loodsingskomitee vergader op 12 Januarie. Wimpie de Klerk vertel op 6 Januarie aan *Vrye Weekblad* dat hy nie verbaas sal wees nie indien die nuwe party groot klem op buite-parlementêre betrokkenheid sou lê.

Betrokke by die gesprek is Zach de Beer van die Progressiewe Federale Party (PFP), Denis Worrall se Onafhanklike Party, en Wynand Malan se Nasionale Demokratiese Beweging.

DIS ook die jaar dat die AWB-leier, die Moses van die Boerevolk, die Groot Karwats, se gewildheid so afneem dat die AWB feitlik van die map af verdwyn. Eugene TerreBlanche en Jani Allan - die vrou wat digterlik uitwei oor die man se "rich, earth-brown voice" - is betrap nadat hulle 'n hek by die amper-heilige Paardekraal-monument buite Krugersdorp, oopforseer het. Met 'n brandewynbottel met "tee" daarin. Stories kom uit oor sy drinkgewoontes, en Manie Maritz, 'n man wat geglo het dat TerreBlanche deur God gestuur is om die leier van die AWB te wees, bedank uit die beweging.



VRYE Weekblad

DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

Politieke teater in jou eie huis - 9

EKSKLUSIEF! Soetlief en die Ondier: die volledige bandopnames - 7

LET US IN!

Vlok-plan val plat

SA kry stil-stil nóg 'n 'Berlynse muur'

Wie en wat is die 'breë demokratiese beweging'? - 5

IN SY RUBRIEK hekel Egbertus Klaagvoort lustig met die souserige detail:

*'n Kreet uit die laer: Wie is die dapper Generaal? ET! Maar of hy nou môre so danig sal hoef te stry voor die Hooge Raad, of is dit nou die Here XVII, betwyfel ek.*

*Neefs, ons geliefde Hoofleier, of is dit nou die blikgodjie, is van elders nog meer geliefd. 'n Koekstoer by 'n Volksmonument met die engelse Blondine lyk my mos skoon volksvreemd. Het ons verniet ons osse deur die meule gejaag om meer regs as die NP te bly, terwyl ander hul hande tot op ander bene werk? Hoe rym dit dan?"*

EN IN die jaar hou Mangosuthu Buthelezi nog 'n beeld voor as vredemaker. Hy staan sy man teen PW Botha, hy waarsku teen die pad van geweld "wat die pad sonder trofeë sal wees", maar sê in 'n middelblad-artikel hy bevind hom in 'n dilemma:

*"My probleem is dat die spanning so hoog loop dat daar geen waarborg is dat selfs al volg 'n mens die roete (van nie-geweld)...het geweld reeds onder swartmense ontplof".*

Hy vertel van die rusie met PW Botha in 1980 wat 'n einde gebring het aan enige gesprekke tussen die twee. *"Hy het geskud van woede, hy was baie kwaad maar ek het voet by stuk gehou omdat hy voorgestel het dat ek nie my memorandum (oor my weiering om onafhanklikheid te aanvaar) aan die pers moes gee nie.*

*Ek het ook baie kwaad geword. Piet Koornhof het probeer om my te oorreed om toe te gee, maar hy het nie geslaag nie... Mnr. Botha en ek is só uitmekaar".*

IN *Vrye Weekblad* van 20 Januarie word vertel (en geoordeel) oor die stryd om PW Botha se kroon. Kandidate is Pik Botha (sterk aanspraakmaker na die skikking in Namibia en sy toere in Afrika in), Barend du Plessis (PW se gunsteling), FW de Klerk (visieloos), Chris Heunis (wie se reputasie in die stryd om Helderberg met Denis Worrall geknou is), en Magnus Malan ('n man met 'n gebrek aan visie en politieke diepte).

In 'n artikel op 10 Februarie bespiegel Max du Preez en Elsabé Wessels oor Frederik Willem de Klerk wat so pas sy eerste toespraak as die nuwe Staatspresident agter die rug het, en almal verras het met "verligte" uitsprake soos 'n stelling dat die NP nie so 'n groot ideologiese obsessie het met die groepkonsep het as wat baie beweer nie.

Hulle skryf: "Maar seker die mees kritieke vraag is: Gaan FW aanvaar dat

hy die regses finaal verloor het en dat hy 'n slag oor sy ander skouer moet begin kyk, of gaan hy ook oorval word deur 'n die-volk-moet-weer-verenig-word-nostalgie?"


Vrye Weekblad
Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika
Namibia: bloedige geboorte
UDF sê sy sê oòr Demokrate 3
Groot literêre kanonne pak mekaar 12
Kom spreek ons, ons wil jou toesluit
SMEERVELDTOG VAN WEERMAG SKEND ÓÓK 435
Die Rooi Rassis is nou Kameraad Aquila! — 13

CAREL BOSHOFF kom met sy voorstel vir 'n "land uitsluitlik vir Afrikaners en ander inlyfbare blankes" in die dorre noord-wes Kaapland. "Die grond sit en wag soos 'n bruid. Die bruidskat is die liefde van die bruidegom. En die bruidegom is die Afrikanervolk. Saam gaan hulle 'n nuwe land bou", sê hy aan *Vrye Weekblad.*

In Maart het die klein stroompie ontmoetings met die ANC in die buiteland deur allerhande groepe 'n stroom geword. Die jongste was 'n groep Stellenbosse studenteleiers wat 'n sterk ANC in Lusaka ontmoet het.

IN APRIL loop dinge in Namibia lelik skeef. Jacques Pauw berig oor die langverwagte vredesfees wat in 'n wilde orgie van bloed en kruit ontaard het. Op die voorblad is 'n foto van 21 Swapo-vegters wat verstrooi in die bos by Ondeshifiwa lê. Die vredesplan hang aan 'n dun draadjie en die massa-grafte in die noorde vermeerder by die dag.

*"Die bitterheid en verwyte loop wyd: teenoor Swapo wat die skikplan verbreek en sy vegters na hul dood gestuur het; teenoor Suid-Afrika wie se weermag weer soos 'n moordmasjien deur die noorde loop; en teenoor Untag, wie se onbeholpenheid die bloedvergieting nie kon stuit nie...*

*Dit is steeds nie duidelik wat daartoe aanleiding gegee het dat die Swapo-magte die land weer moes binnegaan in stryd met Resolusie 435 nie. Dit was 'n ernstige oordeelsfout wat Swapo duur te staan kan kom in terme van internasionale respek en binnelandse steun.*

*Dit is baie duidelik dat Swapo basisse binne Namibia wil vestig. Dit is heeltemal teenstrydig met die huidige skikplan. Baie van die Swapo-vegters is heeltemal onbewus van die vredesplan. Die grootste probleem is dus om die boodskap by die vegters te kry."*

IN DIE volgende uitgawe is die bloedvergieting in Namibia voorlopig verby, maar vrede is steeds nie 'n woord wat met veel oortuiging in die noorde van Namibia gebruik word nie.

Meer as 300 soldate is dood, en diepe agterdog tussen politieke groeperinge is aan die orde van die dag. Die hele wêreld van Havana tot in Harare is vies vir Sam Nujoma, die Swapo-leier, oor die fiasko. Dieselfde uitgawe (14 April), vertel van die stigting van die Demokratiese Party en hul troika-leierskap: Wynand Malan, Denis Worrall en Zach de Beer.

ANDREA VINASSA voer 'n roerende onderhoud in dié uitgawe met Shawn Slovo, dogter van die sekretaris-generaal van die SA Kommunisteparty, Joe Slovo, wat bekroon is vir haar draaiboek *A World Apart,* oor die verhouding met haar ouers.

"As my ma nog geleef het, sou ek nie dié soort draaiboek geskryf het nie," sê sy. Ruth First is in 1982 in 'n briefbom-ontploffing by die Eduardo Mondlane Universiteit in Maputo dood.

Dit was in 'n tyd toe ma en dogter besig was met 'n tentatiewe versoening. Die ontstuimige verhouding tussen ma en dogter vorm die agtergrond van haar verhaal. Dis 'n verhaal oor die verhouding tussen 'n dertienjarige meisie en haar ma. Sentraal is die gebrek aan aandag en begrip van haar ma se kant.

"In die laaste jare voor haar dood het ons eers regtig begin praat... ons het nooit werklik politieke gesprekke gehad nie. My ouers het probeer om ons te beskerm van hulle politiek."

DIE voorbladberig op 21 April vertel die verhaal van die massiewe versetveldtog teen apartheid wat in Johannesburg aangekondig gaan word. Dit word georganiseer deur die Five Freedoms Forum en Actstop en word gesteun deur die UDF en Cosatu.

IN dieselfde uitgawe is daar 'n artikel oor die Boesmans:

*Vandag, meer as ooit tevore, vra mens die vraag oor hoekom dit vir die weermag nodig was om soldate van dié mense te maak. In die geskiedenis van die bosoorlog was daar net twee Swapo-insypelings in Boesmanland.*

*Tog hou die weermag vol: Die doel van die Boesmansoldaat was om 'n stabiele veiligheidsituasie te handhaaf sodat die politieke leiers hulle volle aandag kon wy aan die politieke, sosiale en kulturele ontwikkeling van die Boesmans.*

*Hulle motiveer verder: 'Hulle is so verwesters dat hulle nie eens meer tradisionele klere wil hê nie. Die jong seuns koop pyl en boë in die winkels en moet van die blankes leer om met stokkies vuur te maak.'*

*En dis hier waar openlik vertel word hoe die weermag die Boesmans leer drink het. By die Omega-basis strompel 'n Boesman-man in uniform rond en skree iets onhoorbaar, terwyl die vroue en kinders in die agtergrond uit hul krotte na hom loer.*

*Vir baie jare het die weermag trots vertel dat 'n Boesman die Honoris Crux-medalje vir dapperheid ontvang het.*

*Vandag is die drankwinkel om Tsumkwe 'n lewende monument."*

IN Mei word die Wit Wolf, Barend Strydom in die Hooggeregshof in Pretoria al glimlaggende, skuldig bevind op agt klagtes van moord en sestien van poging tot moord. Die "skamerige jongman met liefdeswoorde op sy lippe en moord in sy hart", het vele fasette, skryf Jacques Pauw. Aan die een kant het die hof gehoor van 'n diep-toegewyde Christen wat hom vir drie dae afgesonder het vir meditasie en gebed om Christus se toestemming vir sy moordplan te kry. Toe Christus nie na hom teruggekom het nie, het hy geglo dat hy goedkeuring het.

Die moorde was om die voortbestaan van die Christendom en die Boerevolk in Suid-Afrika te verseker en kommunisme te verslaan.

EN op Stellenbosch word die Voëlvry-konsert van *Vrye Weekblad* en Shifty Records verbied. En net daar gooi die Drie Gewelshotel buite die Eikestad toe sy deure vir Johannes Kerkorrel, Die Gereformeerde Blues Band, André Letoit, Bernoldus Niemand en die Swart Gevaar oop. Meer as 1 500 studente oorstroom die plek.


DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA
VRYE Weekblad
Grosskopf praat
EKSKLUSIEF
Regering kan swart wees, sê Broeders - 2

OP 9 Junie is die noodtoestand 1 093 dae oud. Ingevolge Proklamasie R95 is die regsoewereiniteit in Suid-Afrika gedeeltelik opgeskort en met 'n stel noodmaatreëls vervang wat gewoonlik net in oorlogstye toegepas word.

Die drie jaar wat gevolg het, is gekenmerk deur die aanhouding van duisende anti-apartheidsaktiviste, die inperking van individue en organisasies, die pers is aan bande gelê en buitengewone magte is aan lede van die veiligheidsmagte gegee. In 1988 alleen is 32 organisasies ingeperk. Sodoende is hulle verbied om aan enige politieke bedrywighede deel te neem.

Die Kommissie vir Menseregte beweer dat sowat 35 000 mense onder die noodmaatreëls aangehou is. Aangehoudenes het geen vanselfsprekende reg tot 'n prokureur nie.

Na die suksesvolle eetstakings aan die begin van die jaar is die regering gedwing om sowat 900 aangehoudendes vry te laat. In die meeste gevalle is uiters streng inperkingsmaatreëls op hulle van toepassing gemaak.

Het dit gewerk? Nee, sê anti-apartheidsbewegings en menseregte-organisasies, ja, sê die regering.

Halssnoermoorde het voorlopig verdwyn en geweld het bedaar. Maar die aantal ANC- en PAC-aanslae is nie gekeer nie. In 1984 was daar 44 aanvalle, en twee jaar later, 230 aanvalle. In 1988 het dit aangegroei tot 280 aanvalle.

Nog nie een gerespekteerde swart leier het na vore gekom in die Nasionale Raad van die regering te dien nie. Wynand Malan van die DP spreek hom sterk uit ten gunste van die opheffing van die noodtoestand. Onderhandelinge kan onmoontlik begin voordat die noodtoestand nie beëindig is nie.

VENDETTA!!, verklaar ons op die voorblad van die uitgawe van 23 Junie. *Vrye Weekblad* en sy redakteur word skuldig bevind omdat hy Joe Slovo, 'n gelyste persoon, aangehaal het. 'n Johannesburgse streeklanddros bevind dat dit eintlik 'n tegniese oortreding was. Dit is 'n objektiewe berig wat nie opruiend is nie en nie die staat se veiligheid in gevaar stel nie. Nogtans word Max du Preez ses maande tronk toe gestuur, vir vyf jaar opgeskort. Wending Publikasies, uitgewer van *Vrye Weekblad*, is met R1 000 beboet, ook opgeskort vir vyf jaar.

En asof dit nie genoeg is nie, wil die Veiligheidspolisie ons ingevolge die noodtoestand se mediaregulasies aankla omdat ons kwansuis diensplig ondermyn. Dit gaan oor aanhalings uit 'n verslag van die hofsaak van die gewetensbeswaarde Charles Bester. Dié het onder andere gesê hy glo vas God wil hê dat hy diensplig weier, omdat die weermag die stelsel van apartheid ondersteun. 'n Hele reeks aanklagte word teen *Vrye Weekblad* gelê weens verbrekings van die noodregulasies, maar die meeste verval uiteindelik toe dit nog nie in die hof uitgekom het toe die noodtoestand afgeskaf is nie.

OP 30 Junie berig *Vrye Weekblad* oor die Nasionale Party se nuwe aksieplan vir 'n nuwe Suid-Afrika, waarmee FW de Klerk op sy kongresse kom, maar 'n blote verskansing van apartheid en wit minderheidsregte is. Die aksieplan beskerm steeds groepregte en vra dat apartheidswette met deernis toegepas word. Maar dit gaan nie apartheid beëindig nie, dit gaan nie die swart meerderheid tevrede stel nie, en nog minder die internasionale gemeenskap.

Op 7 Junie voer *Vrye Weekblad* die eerste onderhoud met Hein Grosskopf, "die 25-jarige ANC-guerrilla wie se gesig oral in Suid-Afrika op landdros- en polisiekantore se mure pryk as 'n gesoekte persoon". Hy verklaar: "As ek jou doodmaak oor wie jy is en wat jy as 'n persoon is, is dit moord. Maar indien ek jou doodmaak omdat jy in die pad van vrede staan, is dit nie moord nie."

"Ek is 'n lid van Ukhonto we Sizwe. Ek is 'n politieke soldaat."

Hein Grosskopf is 'n lang, skraal, blondekop jong Afrikaner met skerp blou oë en 'n effense Bolandse brei.

Hy sit ontspanne oorkant my in 'n hotelkamer in Lusaka en gesels.

Maar ons praat oor sy lewe as 'n ANC-guerrilla, oor politieke geweld, oor die minister van Wet en Orde se aanklag dat hy vir die Krugersdorpse motorbom en twee ander bomaanvalle verantwoordelik was. En hy praat oor sy trots op sy ma en haar veldtog teen diegene wat hom sonder verhoor weens moord en terrorisme skuldig bevind het.

Grosskopf skroom nie om sy lidmaatskap van die ANC en die beweging se militêre vleuel te verdedig nie. Hy praat helder en duidelik, hy soek nie na antwoorde en verklarings en regverdigings nie. "Oorlog verg 'n koue, praktiese aanslag," sê hy maklik.

IN AUGUSTUS woon Jacques Pauw 'n byeenkoms by van die Gemeente van die Verbondsvolk op Potchefstroom. Die dominee is Gert Steenkamp. Op die verhoog in die saal sit Manie Maritz, gewese veggeneraal van die AWB. Die dominee preek:

*"Kaffers kan net stink en steel! Ons is in die gemors; die kaffers neem ons oor! In die Oos-Kaap was die NG-vroue die meide se voete om te wys hoe lief hulle die kaffers het."*

Daar's gemeentes in Parys, Steelpoort, Vryheid, Pretoria en Bainsvlei by Bloemfontein. Lidmate glo hulle is direkte afstammelinge van Adam en Abraham en een van die verlore stamme van Israel. Hulle is uitverkore en net hulle kan die koningkryk van God binnegaan.

Die dominee preek verder:

*Yahweh het my geroep. Daarom is ek nie bang wat ek aan u gaan sê nie.*

*Die NG Kerk lieg as hulle sê die kaffer, hotnot en koelie is u naaste. Vandag se kerke laat my dink aan 'n lang, onheilige trein wat vol kaffers sit. Ek wil vandag vir u vra: my volk, klim af en vlug uit hierdie gehoer van wêreld...*

*Daar is dae wat ek wil neerval en my oë nie wil ophou huil oor ons blondekopdogters wat hand om die lyf met 'n kaffer loop nie. Stuur my: ek sal die kaffers se koppe teen die mure vashardloop! Laat hulle vrek neerslaan!*

*My volk besoedel hom met 'n wese wat nie 'n mens is nie.*

Die kinders van Adam, verduidelik die dominee, is spierwit - iemand wat deur die son bruingebrand kan word.

Hy vra die uitverkorenes om hul harte met liefde te vul: "Liefde is wanneer u bereid is om vir Yahweh te sterf. Bou in u harte en dié van u kinders 'n liefde vir Yahweh, want hy gaan nog sy hand optel en anderskleuriges vernietig".

Later het dit geblyk dat Karen Rautenbach, Wit Wolf Barend Strydom se vrou, en haar familie, almal lede is van die Gemeente.

EINDE Augustus begin die "gesprekke oor gesprekke" met die ANC. Max du Preez berig oor die eerste formele voorstel vir 'n onderhandelde skikking wat voorsiening maak vir 'n skietstaking en nie oorgangsregering wat deur die ANC en die Breë Demokratiese Beweging aanvaar is. Dit staan bekend as die Harare-dokument.

FW de Klerk, waarnemende Staatspresident, ontmoet die volgende week vir president Kenneth Kaunda van Zambië om die dokument te bespreek.

OP 5 September hou wit Suid-Afrika verkiesing. Die Nasionale Party staan stemme af na links en regs. Die Demokratiese Party het oorwinnings in sekere setel-gebiede behaal, soos Wynand Malan se oorwinning in Randburg teen die NP-kandidaat, diplomaat Glenn Babb. En die NP bloei: Louis de Waal vat die setel Noord-Rand vir die DP, Jan Momberg vat Simonstad, Kobus Jordaan vat Umhlanga by die NP af, die DP vat Edenvale en Hillbrow terug van die NP en in Helderberg word minister Chris Heunis byna onttroon. Met enkele stemme behou hy sy setel teen Denis Worrall van die DP.

EN DIE Kaapse Vlakte ontaard in 'n bloedige oorlogsone. Dit bars orals los: Van die middestad van Johannesburg, Benoni, Universiteit van Natal, tot by Mitchell's Plein, Durban, Reigerpark aan die Oos-Rand en selfs op Rustenburg.

OP 15 September trap tienduisende bruin, wit en swart Kapenaars die Moederstap stof. Hulle eien die stad vir hulself toe en in 'n ongekende solidariteit kom die waarskuwing: Hier kom People's Power!.



DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

Die makabere moord op Griffiths Mxenge opgelos - 2

BLOEDSPOOR

Ontmoet kaptein Dirk Johannes Coetzee, bevelvoerder van 'n moordbende van die SA Polisie. Hy vertel eksklusief die volle grusame verhaal van politieke sluipmoorde, gifkelkies, buitelandse bomaanvalle en briefbomme.

VAN DIE SAP

Dirk Coetzee: die mens - 5

ANTON Lubowski word doodgeskiet voor sy huis in Windhoek. In 'n ontroerende essay onthou Max du Preez hom:

*"Anton Lubowski was my vriend.*

*Van al die mense wat ek ken, was hy seker die één wat die lewe die liefste gehad het... Woensdagmiddag was daar 'n foto op die Star se voorblad waar polisiemanne sy lyk in 'n lyksak sit.*

*My kop het net daar vasgeslaan en aanhou sê: Lubof hoort nie in 'n polisie-lyksak nie. 'n Man met 'n goeie skoot showmanship, wat van partytjies hou, sybemde en vinnige motors, wat huil as hy van sy kinders praat wat nie meer by hom bly nie en wat 'n sin vir humor het.*

*Hy het genoeg waagmoed gehad om in 'n gepolariseerde gemeenskap brûe te slaan. Hy het vrede gemaak daarmee dat Suider-Afrika nie Europa is nie. Hy het dit makliker gemaak vir ander wit Namibiane om hul vrese en inhibisies agter te laat en deel van die nuwe nasie van Namibia te word".*

DIE beswaar teen diensplig laai op met 780 jong wit Suid-Afrikaners wat weier om in die SAW te dien. Hulle het 'n nuwe nasionale register van dienspligbeswaardes onderteken.


VIR die eerste keer staan 'n polisieman op en sê hard genoeg dat almal hom hoor: genoeg is genoeg. Luit. Gregory Rockman plaas sy loopbaan op die spel deur die gewelddadige optrede van die onluste-polisie in Mitchell's Plein en bestempel hulle optrede as dié van "'n trop wilde honde".

IN September 1989 begin die Stryd om Richards Bay Minerals uit die duinegebied by St. Lucia te hou. En in die res van Natal, vloei die bloed. Die magstryd tussen die UDF/Cosatu en Inkatha, het maar pas begin.

OP 3 Oktober berig Max du Preez oor die opwindende proses wat besig is om op dreef te kom: gesprekke oor gesprekke tussen die ANC en die regering.

- FW de Klerk het klaarblyklik afgesien van sy vorige streng voorwaarde dat geweld afgesweer moet word voor onderhandelinge begin. Verskeie ANC-leiers word vrygelaat, waaronder Walter Sisulu, Govan Mbeki, Ahmed Kathrada, Raymond Mhlaba en Wilton Makwayi. Hulle word nie gevra om eers geweld af te sweer nie.
- Die ANC en die Breë Demokratiese Beweging het voorwaardes gestel vir 'n gesprek, naamlik die vrylating van Nelson Mandela, die skrap van oorblywende segregasiewette, die opheffing van die noodtoestand en erkenning deur die regering dat organisasies soos die ANC 'n rol te speel het in die land se politiek.

TWEE WEKE later kom die grootste skare in die geskiedenis by Soccer City buite Johannesburg byeen om die vrygelate ANC-leiers te verwelkom.






Vrye Weekblad

Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika

27 Januarie 1989

Vrye Weekblad se hofsaak: toetssaak vir persvryheid 3

André Letoit skryf oor twee soorte Boere-drinkers 6

Skikking: Hoe voel die mense van Namibia self? 8 & 9

Botha se era van korrupsie

Jong seun kry polisie-koeël in die kop

MINISTER, SIT DIT TERUG!

Ewe skielik word ANC-kleure vertoon, ANC-slagspreuke geuiter en die oogmerke van die steeds verbode organisasie word oop-en-bloot bevorder.

DIE eerste van 'n reeks *Vrye Weekblad Boeke*-bylae verskyn. Dit word gekenmerk deur artikels van uitstekende kwaliteit, besonderse onderwerpe en uitstaande boeke. 'n Hoogtepunt is 'n onderhoud met Etienne Leroux. Hy werk aan 'n nuwe boek. Ryk Hattingh en Koos Prinsloo het met hom gaan gesels op sy plaas by Koffiefontein:

*Stephen le Roux (die 67-jarige man agter die skuilnaam Etienne Leroux) sit agter 'n kliptoonbank in die ingangsportaal van die groot wit opstal met die blou vensterrame en kosyne wat aan Griekeland herinner. Uit 'n klein yskassie haal hy blikkies Black Label, Coke in 'n literbottel wat hy iemand vra om oop te draai. Sy hande is nie meer sterk genoeg nie. Hy weet ook nie wat om met hulle te doen nie. Vroetel met drie tjekboeke in plastiekvouers voor hom. Soos tarotkaarte.*

*'n Bejaarde vrou verskyn met 'n souttert op 'n skinkbord. "Kleinbaas?" sê sy vir Stephen. Niemand is nog honger nie. Later aan etenstafel bedien sy en 'n jonger, meer onderdanige vrou onder bevel van Elizabeth le Roux aartappels, pikante soetwortels, broccoli, filet en tong, gestoofde appels met room en vla.*

*Elizabeth haal 'n bottel wyn uit die buffet, KWV Cabernet... 'n Stuk van die kurkprop het afgebreek (met die oopmaak), en Stephen klap die bottel met beide hande. Onbandig. Amper ongeduldig. Elizabeth staan op om die bottel by hom te vat. Sy druk die stuk kurk met 'n mes af. Hy skink die wyn, vra die seën voor hulle eet. Vinnig, onhoorbaar, so asof hy nie wil hê die mense om die tafel moet hoor wat hy sê nie.*

IN die uitgawe van 10 November bedank prof. Sampie Terreblanche, 'n leier van die DP, uit die Afrikaner Broederbond. Wynand Malan en Willem de Klerk, albei in die leierskorps van die DP, is steeds in die AB.

EN in dieselfde uitgawe vertel ons die storie van Namibia se eerste demokratiese verkiesing. Mense loop tot 40 kilometers ver om te gaan stem en staan vir ure in die warm son.

OP 17 November bars die bom. Die geskiedkundige uitgawe van *Vrye Weekblad* verskyn waarin kaptein Dirk Coetzee, bevelvoerder van 'n moordbende van die SA Polisie, vir die eerste keer die volle grusame verhaal van politieke sluipmoorde, gifkelkies, buitelandse bomaanvalle en briefbomme. Die opskrif op die voorblad basuin uit: BLOEDSPOOR VAN DIE SAP.

Coetzee vertel aan Jacques Pauw:

*Ek was in die hart van die hoer. Ek ken die diepste geheimenisse van hierdie eenheid wat verhewe is bo die wet. Ek is self skuldig of minstens medepligtig aan talle moorde wat ons moes pleeg.*

Verhale ontvou van gevange ANC-guerillas wat eers verdoof en dan tromp-op met Russiese pistole deur hul koppe geskiet is, van lyke wat met buitebande verbrand is, waarna die as in riviere gegooi is en van teenstanders wat met 'n generaal se spesiale doepa vergiftig is.

Dis 'n verhaal van gewese ANC-guerilla's - wat Askari's genoem word - wat op 'n geheime plaas net buite Pretoria "geswaai" word om ou makkers wat te astrant begin word, binne en buite Suid-Afrika te gaan "piets" of "raps".

Dis boonop die verhaal van een van die polisiemag se briljanste maar mees omstrede polisiemanne se aandeel en kennis van die dood van talle anti-apartheidsaktiviste wat deur die SAP geskiet, gesteek, vergiftig en opgeblaas is.

Coetzee se doodsregister sluit in die moord op die anti-apartheidsaktivis Griffiths Mxenge; die moord op twee ANC-lede naby Komatipoort; die bomaanslag op Chris Hani; 'n moordaanslag op die ANC-lid Marius Schoon in Botswana; die verbranding van vakbondleiers in die Oos-Kaap; die moord op Ruth First.

'n SKOKGOLF trek deur die land. Die onthullings word opgevolg met ander: 'n Gewese lid van die polisie se moordbende, David "Spyker" Tshikalanga, vertel hy was tussen 1981 en 1984 by operasies betrokke onder drie verskillende bevelvoerders: kapt Dirk Coetzee, kapt Jan Coetzee en maj Eugene de Kock. Eugene de Kock is die leier van die polisie se beweerde moordbendes wat op Vlakplaas opgelei word.

Daar het hulle geleer om die mes te draai voor hy dit uit trek. "So maak mens glo die gat groter. En as ek 'n keel moet afsny, moet ek sny tot ek die been voel. Dan is iemand morsdood".

DAN volg die uitgawe van 1 Desember waarin die bewering volg dat generaal Lothar Neethling, hoof van die forensiese afdeling van die SAP, persoonlik gif aan Coetzee oorhandig het om twee ANC-verdagtes te vergiftig.

DIE jaar eindig in onsekerheid. Middel-Desember kondig Staatspresident FW de Klerk aan dat hy nie 'n geregtelike kommissie van ondersoek oor die moordbende-sage gaan aanstel nie. Jacques Pauw wonder of ons ooit antwoorde gaan kry op vrae soos wie het die bevele gegee vir die totstandkoming van so 'n moordbende? Het die kabinet geweet? Hoe het die moordbendes ontstaan? En, bestaan die bendes nog?

# 1990

# kophou en vasvat - maar eers nog sluk-sluk aan die skokke

IN 1990 is dit 'n kwessie van sitplekgordels vasmaak en klou vir al wat jy werd is.

Maar eers peul nog wurms uit die verrotte vrugte.

In die uitgawe van 12 Januarie word onthul:

- Die Brit wat in 1982 vir die veiligheidspolisie 'n bom by die kantore van die ANC in Londen geplant het, Peter Casselton, is in Suid-Afrika opgespoor. Hy vertel bang en platsak dat sy eertydse makkers hom soek en dat sy lewe bedreig word. Interpol soek hom en sy seiljag word gekonfiskeer - die seiljag wat hy saam met Craig Williamson (presidentsraadslid en oud-spioen) besit.
- 'n Sweedse burger, H Human, het hom aan die ANC in Zimbabwe gaan oorgee en beweer dat hy 'n agent van die SA Veiligheidspolisie is wat deelgeneem het aan die beplanning van die moord op die ANC-leier Dulcie September in Parys in 1988.
- Barney Horn, 'n polisieman wat 13 jaar lank in diens was van die Teeninsurgensie Opleidingskamp by Maleoskop in Transvaal, vertel van brutale en wydverspreide polisiegeweld, van martelmetodes wat alledaags geword het, van twee veiligheidspolisiemanne wat 'n swartman se lyk in 'n mynskag afgegooi het, van wilde skote wat die onluspolisie in 'n staat van dronkenskap in skares ingeskiet het, en van rubberkoeëls wat met flitsbatterye vervang is om dit meer dodelik te maak.

Dis regte spy-stuff: Na die onthullinge vlug Horn land-uit, maar word eers uit Israel gedeporteer, vermoedelik na 'n versoek van die Suid-Afrikaanse owerhede. Hy is op 'n vliegtuig na Rome gesit, waar hy weer aangehou is. *Vrye Weekblad* se vertoë oor twee dae het gekeer dat die Italiaanse regering hom deporteer of aan wagtende personeel van die SA ambassade op die lughawe Fiumucino oorhandig. Die Italiaanse owerhede het toegestem dat hy na Holland kan vlieg, waar Amnestie Internasionaal hom bygestaan het.


DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

Oom Manie Maritz, die Blou Bul van Brits - 9

Nelson laat skanse tuimel

Harms begin ondersoek na moordbendes

IN DIE UITGAWE van 26 Januarie voorspel *Vrye Weekblad* dat Mandela se vrylating waarskynlik volgende week aangekondig gaan word. Dit volg na 'n memorandum van tien bladsye wat in Desember deur Mandela aan Staatspresident FW de Klerk oorhandig is, glo positief deur De Klerk en sy regering ontvang is. Die volledige dokument word in dié uitgawe gepubliseer.

En dan sit Max alweer sy voet daarin. In die uitgawe van 2 Februarie vertel hy in besonderhede van 'n professor by die Instituut vir Sowjet-studies aan die Universiteit van Stellenbosch wat werk vir die Nasionale Intelligensiediens.

Hy word aangekla vogens die Wet op Beveiliging van Inligting, en na 'n in camera-verhoor kry die man nog 'n opgeskorte vonnis...

DIE uitgawe van 9 Februarie vertel van die verstommende week wat verby is. Nelson Mandela is op die punt om uitgelaat te word, president FW de Klerk het die ANC en die PAC ontban, en die land maak hom reg vir toenadering tussen óú vyande.

In dié uitgawe skryf 'n uitasem Max du Preez: "Dit was die eerste gate in ons eie Berlynse muur. Al breek De Klerk self nie nog 'n enkele steen af nie, die burgers van Suid-Afrika sal dit nouself doen. In die Natte se eie taal: 'n heel muur is nie meer haalbaar nie. As ek 'n hoed gedra het, sou ek dit vir FW afgehaal het."

IN Februarie beskryf Elsabé Wessels iets van Nelson Mandela se byna magiese leierskap: Ná 27 jaar in die gevangenis is dié 72-jarige ANC-leier binne 'n week na sy vrylating besig om die onmoontlike reg te kry: om sy eie gevolg in die ANC, UDF en Cosatu onder hom te konsolideer en terselfdertyd die brose verstandhouding met die De Klerk-regering gestand te doen en homself onder alle gemeenskappe en in die oë van die buiteland as 'n staatsman te vestig.

ASOF op 'n rolskaats kry die nuus momentum: die Harms-kommissie van ondersoek na moordbendes begin in Pretoria, en eetstakings onder 340 politieke gevangenes op Robbeneiland, en Pretoria-Sentraal. Taxigeweld breek los aan die Oos-Rand.

OP 30 Maart sien ons die groeiende golf van geweld wat die land oorspoel. Binne 'n

week is 40 mense dood in voorvalle van geweld, en die afgelope maand 250. Ons sien ook wittes in die Vrystaatse Goudveld wat aanvalle loods op swartes. Beskuldigings dat die polisie geweld gebruik sonder om oproeriges genoegsaam te waarsku, word toenemend gemaak.



HULLE begin praat! In die uitgawe van 12 April word die twee spanne - dié van die ANC en dié van die regering - aangekondig wat vir die eerste keer rondom 'n tafel mekaar in die oë gaan kyk om oor die toekoms te praat. In die ANC-span sit Nelson Mandela, Thabo Mbeki, Ruth Mompati, dr Beyers Naudé, Archie Gumede, Alfred Nzo, Ahmed Kathrada, Cheryl Carolus en Joe Modise.
En in die regeringspan sit FW de Klerk, Dawie de Villiers, Kobie Coetsee, Barend du Plessis, Adriaan Vlok, Stoffel van der Merwe, Roelf Meyer, Pik Botha en Gerrit Viljoen.

IN die opvolgende week begin Dirk Coetzee - in ballingskap in Londen - met sy getuienis oor die moordbendes voor die Harmse-kommissie in Londen. David Beresford van *The Gaurdian*, som dit so op:

"Suid-Afrika was nog altyd die land van die bisarre, en gister is tekenend daarvan toe agt regspanne uit Suid-Afrika 'n paar treë van Trafalgar vergader het om te hoor hoe 'n gewese tuinier, David "Spyker" Tshikalanga, hulle probeer oortuig dat hy 'n moordenaar is."

Die regspanne vir die polisie probeer desperaat aantoon dat Coetzee, Tshikalanga en Almond Nofemela, almal lieg. En die storie is opgemaak dat hulle as polisie-moordbende verantwoordelik was vir die moord op die menseregte-prokureur, Griffiths Mxenge.

Nog nooit het soveel mense só hard probeer om 'n regter te oortuig dat hulle soveel moorde gepleeg het nie.

OP 4 Mei ontmoet die afvaardiging van die ANC en die NP mekaar by Groote Schuur in Kaapstad. Hennie Serfontein en Elsabé Wessels vertel van die "heilige onderneming" - in die woorde van Nelson Mandela - wat dié dag aangegaan is: om die land na 'n vreedsame toekoms te lei.

EN in teenstelling, skryf Fanie Olivier in sy gereëlde rubriek Lospraatjies oor die opbloei van towery en heksery in Venda, wat 'n mens na jou asem laat snak. Daar is die vernietiging van hekse, meestal deur hulle te stenig of te verbrand.

Dan is daar muti-moorde - waar mense vermoor word om liggaamsdele te bekom om sekere voordele by die voorvaders te beding. Skedels word ingemessel in die fondamente van nuwe winkels, of organe word begrawe in 'n avokadoboord om 'n goeie oes op te lewer.

"EN onthou, as daar gesê word dat iemand by 'n muti-moord betrokke is, is dit so goed as bewys. Jy is skuldig die oomblik wanneer gesê word jy is skuldig.

Soos die kaptein in die dorpie naby hom op die berg. Hy wil by 'n gas - Ronald - weet hoekom die mense nie van die kaptein hou nie.

Die antwoord: "Hy was aandadig aan 'n muti-moord".

"Ek ken vir Ronald al drie jaar, het gehelp met sy skoolganery en meen dat hy kan help om alternatiewe waardes in sy gemeenskap in te dra. Een van hulle is dat 'n man nie skuldig is totdat hy skuldig bewys word nie. Ons het al baie daaroor gepraat.

'Where is the proof? What evidence is there?' pleit ek. Hy trek sy skouers op, want dis eintlik 'n lawwe vraag: die mense sê mos, en hulle sal nie sê as dit nie so is nie...

Ek bly stil soos mens baie hier stilbly en miskien raak iets tog vir hom ongemaklik. Want met 'n skuif wat ons kwasi-gesofistikeerde Westerse logika nie kan volg nie, vervolg hy triomfantelik: "There was also a witch in the village!"



ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

Vrye Weekblad

Hier is die mense wat die regses wil dood hê:

Wit terreur

- Mandela moet op Jan Smuts vermoor word
- FW, Pik, Magnus en Vlok moet sterf
- KP-LP moet help om parlement te beset
- BSB help met wapens en opleiding
- Regse oorname die laaste fase

Berigte bl 2-7

Insypelaar Jannie Smith praat uit AWB-binnekring

JACQUES Pauw kom met nog onthullings in Mei. Dié keer kom vertel 'n gewese waarnemende streeksbestuurder en koördineerder van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB), Petrus Jacobus (Pieter) Botes, van 'n organisasie wie se tentakels tot in Europa en midde-Afrika strek; van meesterplanne vir ontwrigting en destabilisasie van buurstate; en van die chaos wat die afgelope jaar binne die BSB heers en waarskynlik tot die ongelukkige dood van Anton Lubowski gelei het.

ONS tart die leeu verder: 'n foto word op die voorblad geplaas van Joe Verster, die grootbaas van die BSB. Dít ten spyte van die feit dat regter Louis Harmse verbied het dat enige foto's van die man en ander BSB-lede geplaas mag word. Maar die dag van sy verskyning voor die Harmse-kommissie, daag hy soos al die ander, vermom agter 'n welige haardos en baard daar op.

Na weke van getuienis en kruisondervraging, bebaarde en behaarde BSB-lede in

die getuiebank en blatante pogings om inligting van die publiek te weerhou, weet Suid-Afrika steeds min van die geheime militêre organisasie.


DIS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA
Vrye Weekblad
FW se Dopperse dinge - p8
BSB-bom bars
* Adriaan Vlok het geweet
* Cholera in Swapo-water
* Selle tot in Zaïre
Ontmoet Joe Verster, BSB grootbaas




DIS Augustus en die Pretoria-minuut word onderteken. Die weg word voorberei vir onderhandelinge om te begin.

NOG 'n tema wat regdeur die jaar loop, is die kwessie van die vereniging van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika, enersyds en die vraag wat die NG Kerk oor strukturele eenheid in Oktober gaan besluit.

In Julie kom die skok: Allan Boesak, die man wat die Sendingkerk na eenheid met die NGKA moet lei, bedank na sy en Elna Botha se verhouding op die lappe kom.


Ina van der Linde skryf op 13 Julie:

"ALLAN, jy kan ons nie nou drop nie", was die woorde van 'n ouderling uit die Boland die vorige keer toe Boesak as moderator van die NG Sendingkerk bedank het.

Ds Jan Mettler, predikant van Mitchell's Plein het gepleit: "Dit kan jy nie aan ons doen nie, ook nie aan die Kerk wat jy liefhet nie. Jy plaas ons in 'n leierskapskrisis en jy bring die kerk se geloofwaardigheid in gedrang". Boesak het gehoor gegee en sy amp hervat.

Vandeesweek het Boesak hulle finaal gedrop. Maar dié keer was dit nie oor politieke of teologiese verskille nie, maar oor 'n morele en sedelike kwessie.

DIE res van die kerkdrama rondom vereniging, is gedeeltelik 'n gevolg van die bedanking van Boesak. Einde September kom die groot ontnugtering toe die proses van kerkvereniging in Belhar misluk. Met teleurstelling en 'n bitter smaak in die mond is afgevaardigdes van die NGKA en die Sendingkerk huis toe na 'n paar dae van hoë drama. Eers het die Sendingkerk geweier om voort te gaan met kerkeenheid omdat die NGKA nie volgens die kerkwet opgetree het in die besluitnemingsprosesse vir kerkeenheid nie, en later het dit geblyk dat ook die Sendingkerk nog sekere prosedurestappe moet doen alvorens hulle kan saamsmelt. En die klem op die regsprosedures gaan om die groot vrees: wat as die kerke skeur en van die gemeentelede besluit om met die bruidskat van die gemeente agter te bly en nie met die vereniging saam te gaan nie.




IN Oktober word na net sulke groot drama en emosie uiteindelik besluit om modelle vir kerkeenheid te ondersoek. 'n Yslike teleurstelling vir sommige, terwyl ander dit sien as 'n groot deurbraak.

DAN volg die Rustenburg-kerkeberaad in November. Weer 'n oomblik wat mense aan die hart gryp. Prof Willie Jonker vra sy swart broers plaasvervangend namens die NG Kerk om verskoning vir apartheid. En Aartsbiskop Desmond Tutu aanvaar dit plaasvervangend. Jonker word verguis deur regses in die NG Kerk, maar dit bring tog versoening tussen kerkmense wat 'n rol as vredemakers tussen verskillende politieke groeperinge wil speel.

EN in die uitgawe van 16 November berig ons oor die begin van genl Lothar Neethling se epiese saak teen *Vrye Weekblad*.




Cheryl Carolus (Foto: Sarah Prall)







Dr. Edith Raidt, Van Zyl Slabbert en Breyten Breytenbach (Foto: Sally Shorkend)

Joe Slovo en Cyril Ramaphosa (Foto: Sally Shorkend)



Desmond Tutu (Foto: Sally Shorkend)




Chris Hani (Foto: Sally Shorkend)



Gatsha Buthelezi (Foto: Sally Shorkend)



Walter Sisulu, Oliver Tambo, Kenneth Kaunda (Foto: Sally Shorkend)

# 1991

## O, 1991! Wie lieg, wie lieg nie?

ONS VAL DIE JAAR 1991 binne met nog geraamtes wat nie in die kas wil terug nie. Jacques Pauw kom met die soveelste onthulling: Die erkenning van die selfverklaarde professionele Ierse moordenaar, Donald Acheson, dat hy nie self die Swapo-leier Anton Lubowski vermoor het nie, maar dat dit die werk was van die Burgerlike Samewerkingsburo.

En Magnus Malan, minister van Verdediging, het te vertelle dat Lubowski 'n betaalde agent van Militêre Inligting was en dus nie deur die weermag vermoor sou word nie.

Maar Pauw glo nie die Generaal nie. Hy noem die name van Staal Burger en Chappie Maree, albei lede van die BSB, wat ook albei in Windhoek was in die tyd toe Lubowski geskiet is. Pauw voorspel dat die kanse skraal is dat die moordenaars van Lubowski ooit voor die hof gedaag gaan word.

By naskoue, was hy reg.

EN ons oomblik van triomf breek aan: Regter Johan Kriegler bevind dat Dirk Johannes Coetzee se bewerings rondom moord, vergiftiging, brandstigting en diefstal in opdrag van die SA Polisie, as die waarheid aanvaar word. Daarteenoor is luit-genl Lothar Paul Neethling, hoof van die forensiese afdeling van die polisie, 'n "voorbedagte en misleidende getuie" wat in alle waarskynlikheid gif aan Coetzee verskaf het om ANC lede mee te vergiftig. Neethling word gelas om die koste (na raming R1,5 miljoen) van *VWB* se twee advokate te betaal.

ONS spoor Sandra Laing op, die vrou wie se lewe 25 jaar gelede - sy was toe tien jaar oud - vir ewig geruïneer toe sy geherklassifiseer is as bruin. Sandra se geval het destyds opslae gemaak. Gebore as die kind van 'n gesiene, wit egpaar van Piet Retief, in die Oos-Transvaal. Maar haar klasmaats in die laerskool het gekla oor haar kroeserige hare en bruin vel. Sy is hergeklassifiseer as 'n "kleurling", en die polisie het haar uit die skool kom haal.

Dit was die begin van 'n leeftyd van rondswerf van een kleurgroep na 'n ander. Vandag is sy 'n eensame, hartseer vrou van 35 vir wie die afskaffing van die Wet op Rasseklassifikasie te laat gekom het. Sy woon in 'n armoedige huisie in Witbok, naby Johannesburg, en het alle voeling met haar familie verloor.




DIE ANC reik sy beleidsdokument uit, wat die agenda uitspel vir 'n veelpartykonferensie wat moet lei tot 'n tussentydse regering en 'n grondwetgewende vergadering. Hiermee neem die ANC vir die eerste maal die inisiatief en slaag daarin om sy uiters negatiewe beeld, veroorsaak deur interne politieke en organisatoriese probleme, asook 'n persepsie van agressiewe onbuigsaamheid na die Desember-kongres van die vorige jaar, af te skud.

IN gesprekke wat Hennie Serfontein met Mangosuthu Buthelezi voer, word dit in dié tyd al duideliker: Hierdie is nie 'n man wat bereid is om enige mag af te staan nie. Hy waarsku: "Lol met die Zoeloes en jy speel met vuur".

Later die jaar skryf Serfontein weer oor Gatsha, die Messias, wat blindelings deur sy party verafgod word - soos 'n Jonas Savimbi, Fidel Castro of Hastings Banda. Dis ondenkbaar om hom by partykongresse van die vloer af te kritisieer, of selfs net van hom te verskil. Hy laat nie veel besprekingstyd toe nie, omdat Buthelezi se woord wet is.

INA van der Linde gaan krap op Potchefstroom rond en ontdek dat Potchefstroom se Doppers - die mense wat op 'n tyd die fakkel van die verligte beweging onder Afrikaners gedra het - benepe en geïsoleerd geraak het. Dit gaan saam met die feit dat die teologiese skool van die Gereformeerde Kerke gerysmier is deur 'n groepie regses wat nie net op politieke gebied laer trek nie, maar veral op teologiese gebied al meer irrelevant raak en in hulself gekeer.

MAX du Preez rig 'n ope brief aan FW de Klerk, wat oor televisie gesê het hy gaan nie namens die NP en die Afrikaner sê hy is jammer oor wat apartheid aan die land se swart en bruinmense gedoen het nie:

*Jy gaan so ver om te sê die NP se geskiedenis is basies een van uit te reik na regverdigheid.*

*Hoe is dit moontlik: duisende mense is uit hul huise in Distrik Ses en Sophiatown uitgesmyt, dis met stootskrapers platgestoot en die grond is vir witmense gegee.*

*Solank jy weier om te erken apartheid was verkeerd en boos en jy weier om namens*

*jou party aan die slagoffers van die stelsel te sê jy is jammer, sal ek bly glo dat jy en jou party nie regtig in hul harte verander het nie, maar bloot besef het ander stappe is nou nodig om jul eie voortbestaan en bevoorregte posisies te verseker. Kyk jou swart medeburgers in die oë en sê vir hulle: 'Apartheid was 'n verskiklike fout. Vat ons hand en aanvaar ons is opreg jammer oor wat die bose stelsel aan julle en julle voorgeslag gedoen het. Vergewe ons en stap saam met ons die toekoms in..'*




ONS skryf oor plaaskinders wat uitgebuit word deur boere, maar ook oor wit werkers wat hul ekonomiese en sosiaal-bevoorregte posisie in die werkplek verloor het, veral in die myne.

MAAR dié maand het ons plesier ook. Oor die verhoor van Winnie Mandela skryf Audrey Brown:

*"Verskoon my mense, maar ek is seker bietjie deurmekaar. Ek is nie seker of ek in die hof is, en of ek deel is van die ateljeegehoor tydens 'n opname van LA Law nie. Want sien, ek sit hier in Hof 4e van die Randse Hooggeregshof waar die sogenaamde moeder van die volk en drie ander op aanklagte van menseroof en aanranding met opset om ernstig beseer, verskyn. Die verhoor is gekenmerk deur intrige, spektakel en spekulasie."*

EN Egbertus Klaagvoort (8 Maart 1991) lewer sosiale kommentaar op tieners van 'n ivy-league skool wat 'n bruinman doodgeslaan het:

*"Daar het julle dit, vriende, die kaffirbashers van Dale College gaan die vagevuur betree, al is dit net met 'n stukkie gemeenskapsdiens hier en 'n twee jaar hardepad daar. Egbertus is trots dat onse koloniale skole in die ware setlaarstradisie aanhou optree, en wie voel nie by behoort die skoolhoof vir sy voortgesette ondersteuning aan te prys nie? Hy het voorwaar in sy midde 'n kreatiewe bokkiespan: as jy kan kaffirs bash, het jy mos nie doele nodig nie?"*

En op 14 Maart 1991:

*"Vrinde, die aanslag uit Ulundi duur voort. Parlemente word meedoënloos geopen en toesprake word afgerammel sonder aansiens des gesondheids. Admiraal you-know-who het intussen op die vergifnis-bandwagon geklouter en vind dit 'n verfrissende nuwe refrein. Sal Madam se man dan nooit insien hoe voordelig dit kan wees om te bieg nie?"*

EN Nettie Pikeur gaan van krag-tot-krag. Fynproe het alte geleerd begin, mettertyd haar skoene uitgeskop, en so tussen al die namedroppery deur 'n góédgelese kook-en-gesels rubriek geword

So klink sy op haar beste:

*Min dinge laat 'n mens se moed so sak as skermerkelk-happies.*

*Jy staan dop-in-die-hand en gesels met die baas se boring vrou, wiegend op jou baaipolfaais en hoop vir 'n happie. Helaas, dan kom dit: winkelwitbrood-driehoeke met marmite op repies blaarslaai, doopsouse gemaak met kondensmelk en salad cream, slap sausage rolls, weense worsies en miniatuur uitjies die kleure van verkeersligte ingeryg met kaasblokkies op 'n stokkie.*

En hier's die resepte wat die cocktailgedoentes van saaiheid kan red: Duiwels in oorpakkies (blouskimmelkaas, vinkelsaad, ontpitte pruimedante, repies dun spek en filo-deeg); salm-kornette van ricotta-kaas met peper en pietersielie, toegedraai in dun snye gerookte salm; oesers in wingerdblare.

Soms is die lees alleen genoeg.

IN April 1991 vertel Hennie Serfontein die ANC kom tweede beste van die onderhandelinge af en dat die regering besig is om die ANC te uitoorlê. Hy vertel van die stryd tussen die interne leierskap en die manne van Robbeneiland.

Dan is daar die stryd tussen die pragmatiste en die hardliners.

Die hardliners (meestal kommuniste) beskuldig die pragmatiste daarvan dat hulle nie vergaderings op grassroots-vlak bywoon nie, dat hulle uit voeling met mense is en hulle verontagsaam.

Die pragmatiste beskuldig kommuniste soos Mac Maharaj en Ronnie Kasrils daarvan dat hulle onderduims is en besig is met rewolusionêre plannetjies.

Winnie se negatiewe beeld as kindermishandelaar help ook nie om die beeld van die ANC op te kikker nie.

OP 24 Mei herdenk ons Bob Dylan se 50ste verjaarsdag met 'n voorbladfoto en 'n storie en ons dra 'n seldsame foto van die afgekapte kop van die Leeu van Houtbosberg, kaptein Makgoba die Noord-oos Transvaal. Dié strateeg en uitstaande vegter van die omgewing van Magoebaskloof het die ZAR met sy weiering om sy grond af te staan soveel hel gegee, dat Paul Kruger se magte hom opsluit wou doodmaak. Uiteindelik het hulle met behulp van Swazi-krygers hom gevang, is sy kop afgekap, en in 'n goiingsak Pretoria toe gestuur dat Paul Kruger dit kan sien.




IN die uitgawe van 30 Mei sit Du Preez 'n debat aan die gang wat ander meen liefs kon gebly het. Die debat oor die Boer. In sy rubriek Vrydagoggend, mediteer hy oor die Afrikaner. Hy vind dié geskiedenis van die middel van die vorige eeu tot hier by die depressie van die jare dertig, aangrypend.

*Wat se ding is 'n Afrikaner? En wie is Boere en wie is nie? Is Afrikaner-wees - en Boerwees - teenstrydig met Afrikanerskap en nierassigheid? Gaan dit oor taal of oor kultuur of oor etnisiteit?*

*"Ek is 'n Afrikaner en 'n Boer en dis glad nie vir my 'n issue nie. Dis so 'n bietjie kultuur, bietjie taal, bietjie geskiedenis,*

*bietjie invloed van die NG Kerk en Christelik-Nasionale skole, 'n bietjie reaksie teenoor ander Suid-Afrikaners wat nie van Afrikaners hou nie. Dit maak my lewe ryker en dit is grotendeels verantwoordelik vir my sterk sin vir demokrasie en regverdigheid en my verbintenis tot die land en die grond.*

*"En hoe gouer ander etniese groepe in 'n soortgelyke rustige sin vrede maak met hul etnisiteit en dit nie of wil ontken of chauvinisties daaroor is nie, hoe beter vir ons almal hier in Afrika.*




Hierop antwoord Jacques Pauw in 'n heel on-Pauw-tipe artikel:

*"Ek 'n 'Boer'? Se moer.*

*Ek assosieer my beslis nie met die subspesie van wit Afrikaanssprekende rassiste nie.*

*Ek dink ook nie Max du Preez kan werklik nie, maar dit het ongelukkig hoogmode vir linksgesinde Afrikaners geword om hulself na dekades weer 'Boere' te noem. Daai ding van terug na die wortels, sien.*

*Veral die manne wat uithang by die Yard of Ale, beweer hy, het die manier om as die keelgate eers goed geolie is en die rewolusie volvoer is, alte aardig mekaar te 'Boer' en te 'kaffer' asof dit nuwe modewoorde is.*

*Ek het min sin aan die geskiedenis van die 'Boere' en vind dit hoegenaamd nie aangrypend nie. Piet Retief was g'n heilige nie, man. Hy't Dingaan bedonner en heel moonlk sy verdiende loon gekry.*

*Boere is diegene wat pleit vir die herstel van die ou Boere Republieke. Ek het geen probleme daarmee nie, maar ek het wel probleme met leftie-Afrikaners wat hulself skielik 'Boere' noem omdat dit goed op die oor val en die kamerade oor 'n draught bier beïndruk."*

Selfs prof Willem Saayman van Menlopark gooi sy stuiwertjie in:


*Ek wil graag in daardie promised land ingaan met 'n paar goetertjies wat eie was aan my voorgeslagte in hierdie land (nie dié in Europa nie) en wat ons gesamentlike bestaan in hierdie land nie net moontlik kan maak nie, maar perdalks ook kan verryk.*

*Om dit te kan doen, sal ons Boere sekere figure, simbole en gebeurtenisse uit die geskiedenis moet reclaim, juis om te wys dat die hele Boeregeskiedenis nie net uit rassisme, kapitalisme en kolonialistiese verdrukking bestaan het nie....*

*Iets van die instinktiewe verbondenheid aan die harde aarde van hierdie streek wat sommige vroeë Boere gekenmerk het, iets van die weerbarstige vryheidsdrif by die beste van hulle, iets van die menslikheid wat saamleef met vreemde mense in 'n vreemde land moontlik gemaak het.*

*...my Boergeskiedenis (kan) tog iets bruikbaars bied vir my en ander blekes om bleek Afrikane te word.*

*Dit, lyk dit my, sal wel in die toekoms noodsaaklik wees.*




ONS dra 'n artikel oor pastoor Ray McCauley, "Johannes die doper in 'n snyerspak", en sy merkwaardige transformasie van charismatic prediker tot versoener in die politiek.

Ons kunsblaaie word steeds beter. Andrea Vinassa maak almal kwaad. So praat pure vintage Vinassa:

*(5 JULIE 1991) Barnardo Bertolucci has become increasingly foolish with each film he has made. His visually breathtaking film version of Paul Bowles's novel,* The Sheltering Sky, *can even be seen as offensive in its stereotyping of Africans as morally treacherous objects of sexual desire.*

*Bertolucci had all the credentials to pull off a successful version of* The Sheltering Sky, *but he blew it.*

Sy vertel ons oor die draaiboekskrywer, oor Bertolucci self, seun van 'n Marxistiese digter en rolprent-kritikus, en as ons klaar is weet ons uit watter rolprenttradisie hy kom en watter films hy alles gemaak het.

*I must say I was astounded by the Great Marxist Filmmaker's lack of skepticism and his propagation of illusions about 'darkest' Africa and to keep Africans in their role as naive and passive objects of desire....*

Braam Kruger bied 'n "crash course in kunsversameling" aan. Van beeldhouers tot skilders en grafiese kunstenaars. Sy raad aan kunsliefhebbers:

*Laat ek jou dadelik verseker, jy is altyd reg en niemand kan jou verkeerd bewys nie. Daar is g'n so 'n ding soos kuns om die regte redes koop nie. Geen rede is te fickle nie, ook nie vir die maak daarvan nie, for that matter. Niemand wou nog ooit 'n werk van my hê om dieselfde redes warom ek dit gemaak het nie, as daar redes was, bygesê. Ek ken self versamelaars wat net spesifieke onderwerpe versamel asof dit posseëls is, soos renosters, monsters, naakstudies en moffiekuns, en ook hulle het goeie werke raakgeloop.*


(Oor swart kunstenaars): *Net so min as wat jy dink aan wit prokureurs, vroulike dokters, of christelike toonbankassistente, so min gee ek 'n moer om of witmenskunstenaars curios uitdraai. En of black artists onder die oorlede hand van Bill Ainslie, oornagse klone van Jackson Pollock word. Myns insiens is minderwaardige skildertalent hopeloos oorstimuleer onder swartstudente, maar aan die ander kant is dit nie meer tradsionele swart beeldhouers wat vir hulle wit tydgenote ore aansit nie. So vergeet maar van wit gilletjies dat ons te Eurosentries is, of dat die nuwe kultuur dié of dáárdie kant toe gestoot behoort te word.*




*Daar is nie grense in die praktyk nie."*

IN September skryf Hennie Serfontein dat die NP steeds die wit politiek oorheers - en beskou die regses nie as 'n ernstige politieke bedreiging nie. Op onlangse kongresse het die party om die waarheid te sê 'n duidelike hardekwashouding teenoor die regses ingeneem.

FW de Klerk waarsku dat die NP nie sal toelaat dat hy in die onderhandelinge gestoomroller gaan word om waardes te aanvaar onder druk wat nie vir hom aanvaarbaar is nie. 'n Oormatige dominasie-model waar 'n persoon of instansie oormatige mag het, is 'n doodloopstraat wat nie kan werk nie en vir die NP absoluut onaanvaarbaar,aldus De Klerk.




Hy beklemtoon die NP is een van die politieke partye waarsonder die grondwet nie kan werk nie en dat dit die vermoë het om die aanvaarding van die grondwet te verhoed.

Die geweld duur week-na-week voort, en daarmee saam kom die grootste boereverneukery van die jaar. Die sogenaamde eetstakers, Adriaan Maritz, Henry Martin en Lood van Schalkwyk draai almal netjiese doeke voor die oë van die ganse land. Hulle bly kamtig byna twee maande sonder kos, en lê byna sterwend in die HF Verwoerd-hospitaal. Intussen verorber hulle in die geheim 'n Lunchbar-per-dag.

IN die uitgawe van 25 Oktober tart Esma Anderson die sedebewakers met 'n artikel oor pornografie waarby foto's verskyn (ter illustrasie, natuurlik) wat deur die Appèlraad oor Publikasies verbied is, en langsaan, dié wat wel toegelaat word.

En in die uitgawe van 1 - 6 November vertel Jacques Pauw waarom hy met onvermoeide ywer met sy ondersoeke na moordbendes voortgaan terwyl die res van die volk nie wil weet nie:

*Maak toe die boeke van terreur, glo Suid-Afrika se grootste Afrikaanse koerant. Vergeet van die verlede en kyk na die toekoms. Om die daders van terreur aan die man te bring of te ontbloot, kan nog terreur en wraak tot gevolg hê.*

*Verstaan mens die logika korrek, moet Molly en Wilfried Lubowski ophou poog om Anton se vermeende moordenaars aan die Namibiese regering uitgelewer te kry, die weeskinders Mxenge minder wonder hoekom Victoria ook moes sterf en Maggie Friedman die dood van haar minnaar, David Webster, vergeet.*

*Waarskynlik stem die meerderheid van wit Suid-Afrikaners met Rapport saam: Kom ons vergewe en vergeet. Daar was oorlog in Suid-Afrika - die ANC het bomme in Wimpy-bars geplant en ons het hulle in ruil bloedneus geslaan.*

*"Die mening is kortsigtig en gaan SA in die toekoms baie duur te staan kom. Dit is noodsaaklik dat die waarheid vertel moet word en geregtigheid moet geskied. Die moordenaars moet aan die man gebring en gevonnis word - en daarna kan die politici amnestie vir hulle oorweeg."*

Pauw sê ware versoening in Suid-Afrika is net moontlik as ons almal in Suid-Afrika vrede gemaak hèt met ons bittere verlede. *"En 'n mens kan nie met die verlede vrede maak as jy nie toegelaat word om dit behoorlik te ken nie.* Sela.

IN November skryf Pearlie Joubert oor sekswerkers. Die 23-jarige Cindy is 'n masseur 'n hoer, 'n slet, 'n getroude vrou en 'n desperate ma.

*"Kyk sweetie, vra my enige iets. Ek's nie skaam nie, ek's nie bang nie, ek't nie skuld nie. I'm just trying to make a living and when the push comes to the shove, I close my eyes and do it for my country."*

Die onderhoud met manlike prostitute is skreiend: Robert en die boys se manlike en getroude kliënte kom stil-stil, bebril en geaktetas - soms tot een maal per week.

Hy glo die meeste van die mans is nie homoseksueel nie. Omdat fisieke kontak tussen mans so taboe is in ons samelewing, word seks tussen twee mans die ultimate fantasy...

Maar die mans word ook misbruik:

*"Hulle smag daarna dat iemand aan hulle vat en na hulle luister. Party kom hierheen vir 'n goeie massering en niks anders nie, maar die meeste kom hierheen met net een ding in hul koppe - seks. En dié mans misbruik en mishandel jou... Weet jy hoe voel dit as mense heeldag na jou gryp, jou bevoel en betas? Na 'n tyd in dié beroep kan ek dit byna nie meer verdra nie. Niemand moet aan my vat nie, maar dit is my werk.*

*Al die mistiek van seks is weg. Soos 'n mens 'n arm of 'n been masseer, doen mens dit ook met 'n penis. Om 'n verhouding met 'n ander mens te hê is byna onmoontlik omdat niemand jou ooit wil vertrou nie. Hoe vertrou jy iemand en verwag dieselfde as jy nie meer daarin glo nie?"*

IN dié uitgawe voer Christelle Terreblanche 'n onderhoud met Jan Rabie, voorloper van die Sestigers wat sedert die vyftigerjare al probeer om die oorlewing van Afrikaans te verseker en hom terselfdertyd vir die vereniging van alle Afrikaners - bruin, swart en wit - beywer het. Rabie se werke lees vandag amper profeties - hoewel hy nie altyd erkenning daarvoor gekry het nie.

Rabie sê:

*Ek is doodgewoon sat vir die Voortrekker-mentaliteit wat vir alle blanke Afrikaners voorgehou is, terwyl die meeste Afrikaanssprekendes*

*ontstaan en gewoon en bly woon het in die hartland, die geboorteland, die Boland, 'n eeu-en-'n-half voor die Groot Trek waaraan hulle nie deelgeneem het nie. Wit en bruin. Kortom, die Afrikaner, die persoon wat Afrikaans as huistaal praat, is gebore in die Boland...*

*Nou die dag daar by UWK, toe praat hulle van 'n bruin wêreld, maar dit is klaar, dis die mense wat klaar vermeng is - die Afrikaners van die toekoms - dit is die grootse nie-rassige bereiking tot nou toe in ons land, iets wat ons saam gedoen het, wit, bruin, swart, die dêm lot. En niemand reken hulle nie, hulle reken hulself nie, hulle is slapgat en laat almal op hulle trap.*

*Omdat ek besef het, wat die wit Afrikane betref, is daar net een genade vir hom in Afrika, en dit is om uit die verdomde gemors van kleur te kom. En daarom stoot ek nog altyd die geskiedenis en taal as eenheidsfaktor, die onstaan daarvan ook, dit is vir my die groot stryd vandag en die blêddie KP's is aanmekaar tussenin met hulle velkleur en so, hulle mors alles op.*

*Die sensuurraad was redelik beskaaf die afgelope jare, hulle het omtrent nooit 'n boek verbied nie. Maar ons is bang vir 'n herhaling aan die swart kant. Barbara Masekela en baie van die ander politieke leiers se uitlatings laat mense dink, ag nee, moet ons dan nou van vooraf oor begin?*

*Moenie 'n fout maak nie, daai spul wit en swart Transvalers wil ek glad nie hier (in die Boland) hê nie. Ek was bewus van my Afrikakonneksie en ek het doodgewoon gewonder waar ek kan deelneem. Maar wat het Afrika my gegee? In die Boland het ek die swarte nooit gesien nie. Net die bruines. Hy's 'n immigrant in die Boland, die bliksem, en hy noem ons immigrante."*




IN Desember skryf Hennie Serfontein oor die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty (SAKP) se eerste ope kongres binne Suid-Afrika se grense in die byna 50 jaar sedert die party - wat al 70 jaar lank bestaan - verban is.

Ironies vind dié kongres plaas in dieselfde naweek dat die Sowjet-Unie deur drie van sy sterkste republieke as "dood" verklaar is en in 'n tyd waarin byna elke sosialistiese land ter wêreld dié stelsel begin uitfaseer.

Dié kongres het hulle op hul agste nasionale kongres "onbeskaamd" verbind tot 'n "revolusionêre klassestryd teen die kapitalisme en die uiteindelike vestiging van 'n sosialistiese Suid-Afrika".

Een van die sterkste boodskappe wat uit dié kongres gekom het skryf Serfontein, "is die vasbeslotenheid om van nou af 'n baie meer onafhanklike rol te begin speel om so 'n eie identiteit vir die party te vestig."

Chris Hani is as die nuwe Algemene Sekretaris gekies en Joe Slovo as die nuwe voorsitter.

"Die verkiesing van Chris Hani as die nuwe Algemene Sekretaris van die SAKP in die plek van Joe Slovo, was 'n groot triomf vir die party. Maar terselfdertyd is dit 'n besluit wat waarskynlik vir die ANC nog probleme gaan besorg, veral rondom die kwessie van dubbele lidmaatskap en die lojaliteit van SAKP-lede. Daar is glo klaar 'n opstand in senior kringe in Umkontho we Sizwe oor die verkiesing".

Die nuwe manifes wat by die kongres voorgestel is spel duidelik uit dat samewerking met die ANC absoluut noodsaaklik is vir die "proses van nasionale demokratiese oorgang" omdat dit die mees regstreekse weg na die sosialisme is.

Die militante veteraan Harry Gwala het ná die kongres aan joernaliste gesê: "Ek is baie tevrede. Dit was 'n hoogs militante kongres en ons het gekry wat ons wou gehad het.

"Ons is 'n Marxistiese-Leninistiese party wat die kommunisme in Suid-Afrika wil vestig. Ons laat Lenin nie vaar net omdat daar diegene is wat apologeties oor hom is omdat hy nie demokraties genoeg was nie."

Govan Mbeki, die ander veteraan kommunis het ook ná die kongres gesê: "Ek is baie tevrede en kan nou gaan rus, want ek is daarvan oortuig dat Suid-Afrika eendag die bastion van die kommunisme in die wêreld gaan word."

Net so voor Kersfees, haal ons die mite uit Satan. Die plakkaat wat die storie adverteer, lees "Praat van die duiwel". Ina van der Linde gaan in 'n omvattende artikel die verskynsel na dat demonologie - die studie van demone. Dekades nadat meeste teoloë in die Weste besluit om Satan dood te verklaar en selfs om as lykbesorgers op te tree, het die demonologie as't ware weer opgestaan uit die dode. Die mens het nou maar eenvoudig 'n duiwel nodig.



# 1992

## Jou matras en my kombers

### - die ANC en die NP begin vry

DIE Boere is op ons met bom-aanvalle in Transvaal wat al meer spreek van groter sofistikasie in Transvaal.

En Max du Preez maak die Kapenaars die moer in.

Na 'n vakansie in die Kaap kom hy terug en besluit Kapenaars is wit, smug en aan die slaap.

Hy skryf:

*Toe ek nog in die Kaap gewoon het, is ek 'n slag of wat uit 'n witgepleisterde Kaaps-Hollandse huis gegooi (letterlik) en deur die plaaslike Boere-yuppies tot ongewenste gas verklaar weens my uitgesproke afkeer in die Kaapse snobisme en die smug wit pseudo-progressiwiteit.*

*Maar na 'n hele paar jaar terug in Johannesburg het ek begin hunker na die rustigheid van die Kaap en na, wat ek weer begin meen het, 'n groter openheid en verdraagsaamheid...*

*Ek het groter rustigheid gevind, ja. In Groter Kaapstad is alles stadiger en minder agressief as op die Witwatersrand.*

*Maar wat die res betref, het die hoop beskaam.*

*Ek het gesels met Bolandse bruinmense wat met 'n ongelooflike bitterheid praat oor hoe die Boere hulle steeds behandel.*

*'Ons is nog steeds slawe hier op die plase, meneer,' het 'n Paarlse vrou gesê.*

*'Die Boere (miskien het sy bedoel boere) sien ons nog steeds as diere, as hulle besittings. Plek-plek bou hulle vir ons beter huisies, maar dit gaan nie saam met meer respek nie, dis net om te sorg dat ons harder kan werk.'*

*Nie dat rassisme en sieklike, kleinlike provinsialisme net die prerogatief van wit Kapenaars is nie. Daar is heelwat tekens daarvan in die bruin gemeenskap ook. Dis 'n mite dat die Kaap meer gentle is, dat daar 'n groter verdraagsaamheid en welwillendheid is, dat Kapenaars en veral Kaapse Afrikaners meer beskaaf is as mense verder noord en oos, dat die Nuwe Suid-Afrika daar die beste aan die werk is.*

*En dit is alles sommer 'n hele pot snert!*




Hierop volg woedende briewe uit die Kaap. Hier's 'n man met 'n chip op die skouer, 'n galbraker wat veralgemeen.

DIESELFDE MAAND trek Ivor Powell 'n Andrea op die lesers en maak almal de duiwel in met sy kunsresensies. Die kleurfoto's van die kunswerke wat daarmee saamgaan, behoort enige siedende siel te kalmeer. In Mei verskyn 'n artikel oor Francis Bacon se afsterwe, met 'n laaste blik op die man se werk:

*And while you look you might remember that, more than anything, Bacon was concerned with rendering the immediacies of experience, with what he habitually referred to as 'sensations' as opposed to simple appearances.*

IN die uitgawe van 17 Januarie vertel Pearlie Joubert van 'n besoek aan Orania met Geloftedag:

*"Cheers, cheers! het julle gesien die vlag hang net halfmas? Dit is seker maar omdat Orania dood is."*

*Piet en sy gesin, sy neef en dié se gesin woon al 'n paar maande in Orania - die droom van 'n volkstaat van die leiers van die Afrikaner Volkswag, prof Carel Boshoff - in tweeslaapkamerhuise wat voorheen aan die bruin gesinne van Orania behoort het.*

*Vandag nog is die twee dele van die drop met 'n yslike draadheining en hek van mekaar geskei.*

*"Geloftedag was net vir die laadiedaas - ek't vandag gaan visvang.*

*"Cheers, Daagaatjy...op Orania wie se vlag halfmas hang," sê Piet en hou sy koffie-*

koppie voor hom uit.

By die afdraai na Orania hang die kafee se uithangbordjie: Koffie, Tee, Ensovoorts. Met die intrapslag by die kafee, val 'n doos vol vars brood op die vloer. "Toemaar, toemaar," paai die ma die kind wat om die toonbank hardloop om die brood op te tel. 'Gelukkig loop hier darem nie kaffers nie.'

Dit is Geloftedag in Orania en bitterlik warm. Teen sesuur die oggend is ongeveer 100 mense op 'n koppie buite die dorp saamgetrek vir Skriflesing, gebed; boerbonding en die hysing van die vyfkleur (die Vierkleur plus 'n stuk oranje) teen 'n radiomas. Die vlag kon net halfmas teen die radiopaal opgaan...




Dominee Bertie de Lange van Vierfontein lei die geloftediens. Anna Boshoff, prof. Boshoff se vrou, is in beheer van die oggend se dinge en met 'n blink wynrooi sisrok reël sy dat 'n kassetopname van die Slag van Bloedrivier oor twee luidsprekers gespeel word.

'Witman, vandag smoor jy in jou eie bloed,' sê 'n Zoeloe op Afrikaans en dominee Bertie skuif rond op sy stoel.

Maar veel van 'n fees was dit nie vir almal van Orania nie. Die inwoners van 'klein Soweto' - Piet en sy vrou Helena, sy neef Johan en dié se troeteldier, 'n tiener en 'n baba, 'n paar ander gesinne én 'n skilpad - het nie saam met die Boshoffs en ander gaste met sonop op die koppie gaan bid en Kent gij dat Volk op die bult gaan sing nie.

'Ons noem ons deel van die dorp sommer klein Soweto. As hier nie swartes is vir wie hulle kaffers noem nie, dan kry hulle witmense vir wie hulle kaffers kan noem,' sê Johan op sy stoepie.

'Mense kom sak en pak hier aan en bly vir 'n week of twee en dan waai hulle weer. Hier's te veel diskriminasie - niks geld, hier of werk nie,' sê Piet.

In skraal maande bring hy nie veel meer as R500 in nie. Orania se reëls bepaal ook dat geen inwoner buite die dorp mag werk of privaat handel mag dryf nie.

Later toe die son sak, speel Piet vir sy gaste van sy musiek. "Op my musiek dans ons die klippe van Orania blink..."

DIS die jaar waarin die ANC en die NP nader aan mekaar beweeg.

Dis die jaar wat Andries Beyers Potchefstroom vir die KP gevat het met 'n groot meerderheid.

En waar sit Andries nou?




EN dis die jaar van die Groot Droogte. Dit word vergelyk met die Groot Depressie van 1932 en 1933.

Boere speel links en regs bankrot. 'n Nuwe armblankedom van boere op die platteland kom tot stand.

TIENIE du Plessis skryf in sy rubriek Groenpraatjies so hieroor:

Die droogte laat almal sug. Die boere stap oor die dorre lande waar kurkdroë gewasse en profyt deur warrelwinde tot stof verwaai word. Nagtemperature van 25 grade celcius maak slaap 'n onaangename ondervinding.

Hoekom is ons so verbaas wanneer die voorspelbare wel plaasvind? Op die gedeelte van die planeet waar ons woon, is droogte die norm. Ons behoort eintlik verbasing uit te spreek oor die (redelike) goeie reënval van verlede jaar. Ondanks die gevaar verbonde aan vereenvoudiging van 'n komplekse gegewe, kan ons tog probeer om sekere aspekte van droogtes weer onder die loep te neem.

Daar's 'n verband tussen die uiters droë jare wat ooreenstem met die jare wanneer die temperatuur van die aarde na nuwe hoogte reik. Daar word ook 'n verband getrek tussen die verandering in see-oppervlaktemperature gedurende tye van droogte.

Is daar 'n verband is tussen seetemperature en 'n styging in wêreldtemparature? Sal seetemperature in die toekoms meer algemeen gebruik word in voorspellings van droogtes en reën. Kan so 'n wydverspreide verskynsel by streek-voorspellings van nut wees?

DIE gay-debat word aangevoer deur Johannes Bruwer wat beweer daar is ongeveer 4 miljoen Suid-Afrikaanse mans en vrou wat homoseksueel is - een uit elke tien mans is homoseksueel.

Gays loop almal deur onder wetlike en maatskaplike diskriminasie teen hulle. Die beeld van Suid-Afrikaanse homoseksuele is so swak, dat daar selfs noudat die land worstel met die uitwissing van diskriminasie en die skepping van 'n regverdige bestel, nog geen sterk verenigde front van homoseksuele na vore getree het om gay regte te beding nie. Hierin beleef Suid-Afrikaners 'n groot agterstand teenoor Amerika en Wes-Europa, waar wetlike beskerming van hul regte gegee word. 'n Rede vir die heersende homofobie in Suid-Afrika, volgens 'n boek Male Homosexuality in South Africa, geskryf deur Brian McKendrick en Gordon Isaacs, is dat homoseksualiteit verkeerdelik as 'n bedreiging beskou word vir die gevestigde heteroseksuele orde en die voortsetting daarvan. Homoseksuele vermeerder nie in samelewings waar gay regte beskerm word nie.

28 FEBRUARIE, en die debat oor die refe-

rendum, die ja- of nee-stem, bereik 'n noot van histerie. Max du Preez skryf: "Ek gaan ja stem, maar nie ja vir die SP of die NP nie. Die belangrikste rede waarom ek gaan ja stem is omdat ek glo dat dit die vinngste manier om finaal 'n einde aan dieoorheersing van wit politiek te bring." En dit het toe, het dit nie?

ESMA ANDERSON besoek die Western Deep Levels Suidmyn, net drie dae voordat vier mense op dieselfde plek in 'n rotsstorting sterf, waar hulle nog gestaan en kyk het hoe mynwerkers deur die rotswande boor. So stewig soos 'n rots is nie so stewig as wat die spreekwoord wil hê nie.




IN Mei verskyn een van die ontstellendste, ontsettendste verhale oor verkragting en vernedering in die huwelik onder die skuilnaam Sonja Grobbelaar. Met verbysterende eerlikheid skryf sy:

*Niemand het geweet ek lap my onderklere en word soms wakker met ontlasting aan my gesig nie. Ek het stilweg vet geword. En dom. Ek het in die agterhoek van die tuin gebid en slierte sondes deur die peperboom se takke gevleg in my soeke na samehang en sin. Dan het ek met bernude ywer die voordeur vir die mense oopgemaak en my woedende man tussen my bene ontvang.*

*Arrogante dogmatiek: Alles is wel, dit gaan goed met ons. Die pyn was verskuil, maar orals. Pyn sonder insig. Skuld. Dit het ek geken nog voordat ek my naam geken het.*

*Drie maande na haar troue met "een van die eerlikste prokureurs", 'n man met 'n tjekboek, 'n titel, trusts en annerlike troefkaarte: X was dronk en kwaad en ek was kwaad en swanger. Hy het my geskop, my hand in 'n laai vasgedruk en die motordeur toegeklap terwyl ek nog besig was om in te klim.... Seksuele teistering het geleidelik die plek van vuisgeweld ingeneem. Anale penetrasie, daarna penis-in-die-mond. Ek het ontlasting geruik en naar geword. 'n Week later het hy my ginekoloog vertel dat ek 'n weersin in seks het. Heelwat later sou hy die afkeer en al my ander sondes skets aan 'n bekende psigiater. Saam sou hulle tot die slotsom kom dat ek 'n skisofreen is.*

*X se verkragting van my was maar deel van my verkragting van myself: Skuldgevoelens die voedingsbron... Na byna vier dekades se suksesvolle rollesing, was ek 'n kreatuur: Manipulatiewe feeks, engel, sondaar, moeder, kind, Martha, Daisy, you name it. Maar die Here het nie van my naam vergeet nie. Ek sien Genade se fyn goue draadjie verweef in die dae wat verby is en ek staan verwonderd voor die liefde en die wysheid wat ek tog instaat is om te versamel. En so, met langtermyn psigoterapie, vergifnis, egskeiding, verhuising en die dinamika wat met al die dinge saamgaan, beland ek toe tussen drie berge.*

*Die egskeiding het 'n eenvoudiger, eerlike leefwyse gebring. Ek wou verkragting aanvoer as een van die redes vir die verbrokkeling van die huwelik. Vandag wonder ek of dit nie die resultaat was van 'n reeds gedoemde verbintenis nie. Miskien was die verkragting selfs 'n desperate poging om die huwelik te red. After all, as magsvertoon op kantoor slaag, waaron dan nie in 'n huwelik nie? My prokureur wou dit nie met my bespreek nie: "Moenie dáármee begin nie..."*


*Met hierdie artikel wil ek.*

DEBATTE begin oor die amptelike status van Afrikaans, die nuwe weermag, en Leon Wessels sê hy's bleddie jammer oor apartheid.

IN DIE UITGAWE 29 Mei begin 'n reeks treffer-artikels deur Pearlie Joubert oor haar epiese treinreis deur die land. Hier is 'n uittreksel uit die eerste artikel, met die titel "op die yster na iewers", 'n rit op die Transkaroo:

*Drie tannies is saam met my in die kompartement. Twee is susters. Van die Johannesburg-stasie tot kort duskant Stilfontein praat die drie oor treingeweld en eet padkos uit groot mandjies. Na elke ham-en-eiertoebroodjie haal die oudste suster waslappies uit plastieksakkies.*

*'Nee, jirre, mens kan ook deesdae niks meer doen en nêrens heen gaan nie,' sê sy beswaard. 'Die treine is mos ook swart en mens weet nooit wanneer die jonges hier instorm en dalk ons kos en goed vat nie.' Sy eet nog brood.*




*'You're in good shape. How old are you?' skree-vra 'n soldaat van Potchefstroom uit die gang. Ek en die ou tannies kyk vir mekaar. 'n Paar Kaapse vloekwoorde flits deur my kop, maar voor ek my kan vervies, trek die een tannie my terug in die kompartement.*

*Die Transkaroo van Johannesburg na Kaapstad is vol ou mense en jong latte in weermag-uniforms. Die oues sit doodstil in hul kompartemente en kyk na die vuil herfs-agterplase anderkant Braamfonteinstasie en later vir die swartmense wat by Makwassie-stasie op- en afklim.*

*Die ouer suster sê vir die kondukteur sy's bang 'dat die swartes in die kompartement inkom'. Die kondukteur, 'n swartman, sê hy sal 'uittjek, antie, moenie worrie nie'.*

*Die army-latte soek girls... maar daar's niemand anders behalwe 'n paar skooldogters en hul streng onderwyser nie. Wat laat*

*mens dink daar's iets eroties (romanties?) aan treinry?*

*Miskien is dit maar net die ritmiese gelui-de van staalwiele, die soeterige reuk van roet, die weggaan en koebaai-sê aan iemand op die perron.*

*Treine...die spoorlyn, die stil yskoue stasies in die Karoo waar die trein in die middel van die nag stop...*

*Jy word daarmee gebore, vertel die trein se eerste drywer, met die trein se pedale in jou voete, die knoppies en wysers in jou vingers en die vlaktes in jou oë.*

INA van der Linde ontleed die siel van die regse Hervormers na hulle kerkvergadering in Julie:

*Regs bo in die wapen van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is 'n Boer met 'n roer. Dié geweer het 'n storie.*

*Ses jaar gelede, toe die Hervormers eeufees gevier het, het prof. Adriaan Pont, kwasterige hoogleraar in Kerkgeskiedenis van die teologiese skool, vertel hoe die ou Transvaalse wapen heraldies aangepas is vir die Hervormde Kerk.*

*In vroeëre weergawes van die wapen verskyn die Boer soms met 'n graaf, ander kere met 'n geweer.*

*'Maar dank die Here, ons het besluit om die man met die geweer te behou', het Pont, self 'n man wat lief is vir 'n pistool in 'n holster om sy lyf, verduidelik.*

*Die wapen van die Hervormers is simbolies van hoe die kerk homself sien - 'n kerk wat ontstaan het uit die Voortrekkers, die halstarrige lotjie wat weggetrek het uit die Kaap omdat hulle nie van die Engelse bewind gehou het nie.*

*Dis nie 'n kerk wat doekies omdraai om bekend is vir taktvolle uitsprake nie.*


*Alan Paton het by geleentheid gesê die Hervormde Kerk is nie in die ware sin van die woord kerk nie. 'It is an organisation of stiff-necked, unloving people who have long since said goodbye to religion and morality.'*

*Uit 'n verslag op die Kerkvergadering blyk dit dat die besef dat hulle beeld in die swart gemeenskap uiters swak daar uitsien. Dit wil amper klink of 'n groeiende groepie Hervormers aan Paton wil begin sê: 'Ons is nie almal so nie.'"*

UITEINDELIK gaan die politieke stormwinde Augustus vir 'n wyle lê. En die tyd het aangebreek vir die nuwe politiek. Max du Preez skryf op 7 Augustus:




*Vrye Weekblad* het ook ander publikasies uitgegee: *The State of the Nation Report* saam met die dagblad *Sowetan*, en *TwoTone*, 'n Engelstalige jazz-tydskrif




*Die klimaks van die ANC se veldtog van massa-optrede dié week was 'n dramatiese sukses. Die nasionale politiek kan nie weer dieselfde wees nie, en nou is die pad gebaan vir werklike, realistiese onderhandeling. Maar dit het ook tyd geword dat die ANC sy retoriek afskaal en strategies meer gesofistikeerd begin optree.*

IN Oktober pak Esma Anderson 'n reeks oor alternatiewe medisyne. Dit het geweldig baie navorsing en gesprekke geverg. Dit sluit in akupunktuur, Bach Flower Remedies, refleksologie, aromaterapie en floatation tanks.

Oor homopatie skryf sy:

*Geneesmiddels moet die liggaam nie ook verrinneweer nie, sê die homeopate. Daarom dwing hulle genesing net met 'kragdadige' middels op die liggaam af nie, maar stimuleer eerder die liggaam se eie genesingskragte. Genesing uit die natuur is 'n eeu-oue gebruik, en die waarde daarvan word deur die jongste wetenskappe bevestig. Maar hoe kan dokters mense gesond maak sonder om hulle liggame 'n ander skok of newe-effek te gee weens die gebruik van kragtige chemikalieë? Hoe maak 'n mens medisyne meer liggaamsvriendelik. Eenvoudig: kyk opnuut na die natuur vir raad soos kruiedokters en die mense van ouds.*

*Dis nie Flaky New Age-hippie cum groen aktivis cum alternative health groupies nie. Dit is die beginsels waarvolgens homeopatie lankal genesing bied. En die genesing word al meer aanvaar namate mense die harmonie met die natuur probeer herwin wat met die kunsmatige lewenstyl van "vooruitgang verlore geraak het.*

OP 30 Oktober 1992 onthul VWB die "Derde Mag" getuienis van Joao Alberto Cuna deur Pearlie Joubert:

*Ek haat nie die ANC nie, en ek haat nie Inkatha nie. Ek weet nie eers mooi wie hulle is nie. Die witmense en die polisie het my in dié ding ingesleep," sê Cuna. Ongelukkig volg sy bewheringe dieselfde pad as Dirk Coetzee nadat hy aan die Goldstone-kommissie oorhandig is sodat sy getuienis ondersoek kan word.*

*Hoekom Cuna sou lieg oor moorde en sy hanteerders word nie beantwoord nie. Wat wel gebeur is dat die Goldstone-kommissie op die kantore van die die weermag se eenheid waar koverte operasies beplan word, toeslaan.*

# 1993
## die jaar van storms - en bloed

GEWELD word die tema van die jaar. Natal en die Oos-Rand is oorlogsones. Plase, kerke, hotels en tavernes, taxi's en motors op besige roetes word teikens van die onbeheerde moordaanvalle. Wie is skuldig? Apla? Die Interne Stabiliteitseenhede van die polisie? Die selfverdedigingseenhede in die townships?

Vrees veroorsaak toenemende emigrasie, geld vloei uit die land en wapenverkope skiet die hoogte in.

Nogtans verloop die gang van die ou Suid-Afrika.

IN JANUARIE 1993 onthul Hennie Serfontein die Afrikaner Broederbond (AB) as 'n bedreigde spesie. Hy het in besit gekom van 'n reeks hoogs vertroulike AB-dokumente wat vertel van die AB se eksistensiële krisis en sy vasklou aan geheimhouding:

*'n Sleutelfaktor in die huidige herwaardering van die AB oor sy toekoms is vrees onder sommige dat 'n nuwe regering dit kan verbied as in stryd met die handves van fundamentele regte, of minstens dat dit aan ernstige politieke en sosiale druk onderwerp gaan word.*

Die lang, vervelige afsterwe van die "ou" Broederbond kry later momentum wanneer groot getalle tog uit die AB bedank - moontlik om "ongedeerd" uit die ondervraging vir die SAUK-raad vir voornemende kandidate te kom.

WALLY Mbhele kry dit reg om eksklusief met 'n soldaat van APLA te praat. 'n Onderhoud wat 'n mens rillings gee oor die werk- en denkwyse van APLA verskyn in die uitgawe van 19 Februarie.

*Boers like TerreBlanche have consistently told Mandela that they won't get the land unless there was a spilling of blood, so APLA is adopting the same strategy.*

Met dié onderhoud het *VWB* vir die soveelste keer die grysgebied betree waar die openbare belang belangriker as die verslaggewer se veiligheid was.

OP 26 Maart lyk dit of rasse-aanvalle toeneem. Net na die stigting van die AWB se sogenaamde vergeldingseenheid en die Konserwatiewe Party se Mobilisasie-aksie, het Suid-Afrikaners begin wonder of die nagmerrie van baie dekades nie dalk besig is om waar te word nie: 'n bloedige kommunale oorlog tussen wit en swart.

Die vrees vir 'n rasse-oorlog sou verskeie kere weer in *VWB* ontleed word.

MAX du Preez sê op 30 April dat Barend (Wit Wolf) Strydom terug tronk toe gestuur moet word. Hy't dié stelling gemaak nadat die gewilde *Sixty Minutes* 'n afstootlike program oor Strydom, getitel "No Regrets", uitgesaai het.


*Hy moet daar sit vir die res van sy lewe. Die departement van Justisie en Korrektiewe Dienste sal moet uitwerk hoe, maar dit kan nie langer uitgestel word nie. Suid-Afrika kan 'n vry Barend Strydom en die simboliek rondom hom nie langer bekostig nie.*

10 APRIL 1993 - 'n bloedige dag in Suid-Afrikaanse geskiedenis. Chris Hani is vermoor en Suid-Afrika staan op die rand van 'n rasse-oorlog. Baie meen dis een van die belangrikste keerpunte in Suid-Afrikaanse politiek. Hennie Serfontein sê na Hani se dood sal die politiek in Suid-Afrika nooit weer dieselfde wees nie. Hani se dood het 'n politieke vakuum oor die politieke grense heen gelaat, en ernstige en onmiddellike probleme geskep vir die onderhandelingsproses, die ANC, en veral vir die NP in sy veldtog om swart steun te wen, sê Serfontein.

Hy bring hulde aan Chris Hani se staatsmanskap, sy verbintenis daartoe om 'n nuwe nasie in 'n toekomstige nie-rassige Suid-Afrika tot stand te bring en om sy mense van 'n breë, allesomvattende visie te voorsien, sonder haat teenoor witmense en veral die Afrikaner.

WALLY MBHELE skryf Hani se dood het die meeste swart mense hoop en vertroue in die onderhandelingsproses laat verloor het - en hulle voel die gewapende stryd moet weer hervat word:


*The situation has the potential for unprecedented anarchy. If an election date is not produced in the next round of talks, the ANC will find it difficult to convince ordi-*



*nary people that negotiations should continue at all"*

OP 23 April skryf Wally Mbhele dat 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag (ene Scheepers) wat ontbied is om te help toe Rudolf Botes en Alfred Dreyer in 'n brandende huis naby die FNB-stadion tydens Chris Hani se begrafnis vasgekeer is, moontlik die oorledenes se lewens kon gered het. Ene Scheepers het nie gereageer nie omdat hy gedink het die twee mans was swart.

SYLVIA Vollenhoven voer op 2 April 'n onderhoud met Joe Marks - 'n simbool van die bitter stryd teen apartheid in die stormagtige tagtigerjare in die Kaapse politiek. Marks was 'n vise-president van die United Democratic Front en 'n leidende lid van die Kommuniste-party in die Kaap, maar het uit die ANC en SAKP bedank en by die Demokratiese Party aangesluit.




In dié onderhoud versinnebeeld Marks die dilemma waarin kleurlinge hulle bevind:

*Om 'n professional prediction te maak van die kleuring vote is suicidal but I would think that at this point in time the coloured vote would go to the DP.*

En hy is nie werklik verkeerd nie - navorsing dui daarop dat die meeste bruin stemme na die NP en DP toe sal gaan.

*I must believe that there are people who are not happy about my decision to join the DP, but I'm still looking for the negative reaction. Instead hoor ek: Ek wil maar net sê ek het lankal gedink wanneer gaan Boete Joe die kak van die ANC los.*

*So, ek is nie gegewe van mense se witheid nie sê vir my van 'n doktersdegree, dan maak jy jouself eers swak by my. If you've got a good memory, maar jy's stupid dan gee hulle vir jou 'n degree.*




Op 14 Mei 1993 gesels Ina van der Linde met die identiese tweeling broers, Constand en Abraham Viljoen. En identies is in hulle geval werklikwaar identies - self hul stemme klink dieselfde. Boonop is albei boere. Van der Linde wys daarop uit dat ten spyte van die ooreenkomste is daar tog 'n kloof so groot soos die Suid-Afrikaanse werklikheid tussen hulle.

*VRYE WEEKBLAD* verander einde Mei sy formaat na dié van 'n A4-grootte tydskrif wat net elke twee weke uitkom.

VIRGINIA Keppler voer in Junie 'n onderhoud met Malcolm Lupton, sekretaris generaal van die nuutgestigte Front vir Nasionale Bevryding. Hulle poog om 'n bruin volkstaat tot stand te bring waar kleurlinge "op grond van hulle gesamentlike historiese ervaring," hulle eie nasionalisme kan bevorder.

IN dieselfde uitgawe dek Hennie Serfontein een van die "nuwe" NP se styddae op Pietersburg se skougronde onder die opskrif: "Dis 'n rally, poppie!". Die skare van 7000 is hoofsaaklik swart, net hier en daar steek 'n wit gesig uit. Na 'n dag van dié nuwe politiek haal hy 'n fris ouerige boer aan, wat klaarblyklik 'n lid is van die plaaslike NP bestuur; "Malan, Strijdom, Verwoerd en Jan De Klerk sal seker in hul grafte omdraai as hulle hierdie saamboerdery sien."

TEEN die agtergrond van slagspreuke soos, "Kill the Boer, Kill the Farmer," en 'n groeiende ongeduld tussen swart jeugdiges wat toenemend hul frustrasie in gewelddadige en kriminele maniere uitleef gee *VWB* op 8 Julie 'n persoonlike blik op die "ANC se terrible twins". Wally Mbhele praat met die "gehate, geliefde" Peter Mokaba, toe nog die president van die ANC-jeugliga, en Trudi du Toit met Tony Yengeni, die omstrede streeksekretaris van die ANC in die Wes-Kaap.

En dié twee woelgeeste bied geen verskonings aan vir hulle strydlustige styl van leierskap nie.

"HOE op God's aarde gaan dié twee planete bymekaar kom?" vra Ina van der Linde en Wally Mbhele op 22 Julie 1993 na hulle 'n in-diepte kuier aan die Vrystaatste platteland bring.

Hul toer van die geweldgesteisterde dorpies soos Koppies, Villiers ens. laat hulle met min hoop dat die wit gemeenskappe gaan leer hoe om hulle dorpe met hulle swart bure te deel.

Mbhele se geselsie met die wit Hans wat hom vroeër die middag in Koppies se "wit" kroeg uitgedwing het, word 'n stukkie klassieke Boerepolitiek:

*Mbhele: Jy het met my moeilikheid gesoek toe ek hier aankom. Dit het my die indruk gegee jy hou nie van swartmense nie.*

*Hans: Nee, ek het baie swart vriende in die township. Jy kan hulle gaan vra in Kwakwatsi - ek gaan gewoonlik soontoe en ek geniet myself saam met hulle.*

*Maar hulle wil ons dorp aan die brand kom steek. Ek het gedink jy kom van Kwakwatsi.*

*Maar ek kan sien jy's slim, jy's nie soos daardie mense van Kwakwatsi nie.*

*Mbhele: Jy sê jy behoort nie tot enige politieke organisasie nie, maar van watter een hou jy die meeste?*


*Hans: Inkatha. Want Gatsha Buthelezi wil ook vrede hê. Mandela is ook 'n goeie*

*man, maar goed vir fokol. Al waarvoor hy oorsee gaan, is om geld te kry om die ANC en kommuniste te help. Vandat Mandela uit die tronk gekom het, van Robbeneiland af, hoeveel mense is nie al dood nie? Sê my: hoeveel mense is al dood? Selfs swartmense is ook mense.*

*Mbhele: So jy verkies Buthelezi bo Terre-Blanche?*

*Hans: Eugene is fokol, man. Hy het g'n mag nie. Hy't niks nie.*

*Ons sal selfs vir die IFP stem.*




NÊRENS anders is die uiteenlopendheid van ons politiek so sigbaar as by die seremonies van die AWB en MK op dieselfde dag in Schweizer-Reneke nie. Max du Preez probeer sy eie neerslagtigheid oor dié dag besweer op 19 Augustus 1993. Louis Kirstein merk op dat die kommunis-spook wat nog so dik onder die regses loop, eintlik maar die witmense se tokkelossie is.

DINOSOURIëRS neem die wêreld oor. Met *Jurassic Park* se uitreiking breek 'n dino-manie los en Johannes Bruwer skryf oor die mistiek van hierdie monsters:

*So gou het hulle (dino's) deel van ons bewussyn geword dat 'n mens jou amper kan verbeel jy onthou hulle asof hulle daar was: 'n herinnering uit die kollektiewe onbewuste.*

Ontwerper Anton Sassenberg koop 'n goedkoop rubber dinosourussie en prakseer 'n skitterende voorblad wat 'n collectors item word.

BEVERLEY Mitchell en Christi van der Westhuizen kyk in September of die dae van teater getel is. Hulle skryf: *"In Suid-Afrika het teater die prooi van politieke en ekonomiese oorwegings geword. Aan die een kant het dit 'n soort luukse van die wit elite geword; aan die ander kant het dit veral in die tagtigerjare 'n wapen in die hand van die swart verdruktes geword. Albei kampe het teater vir hul eie doeleindes gebruik. Die wit elite het teater beskou as 'n manier om "beskaaf" te bly, om hulle as't ware koloniaal te vereenselwig met die kunshoofstede van Europa en Amerika. Die kulturele kommissars, protesteater se elite, het hul stemme dik gemaak en verklaar dat teater 'n ideologiese strydbyl moet wees, 'n wapen om die vryheidstryd te bevorder. Hulle het behep geraak met die teoretiese aspekte van teater, eerder as die praktiese, en in die proses vergeet teater is 'n kunsvorm.*

AKTRISES moet steeds - jare ná die seksuele revolusie - maar die klere laat waai indien hul filmaanbiedinge wil kry. Christi van der Westhuizen verklaar Sharon Stone dus die magtigste vrou in Hollywood: "'n Enkele ontkruis/kruis van die obskure aktrise se bene - en gevolglike verklapping van haar broekloosheid - in dié yspikseksriller [*Basic Instinct*] het haar die hoogtes ingeskiet." En: "1993 sou die jaar van die vrou in film gewees het. Dit het nooit gebeur nie." Die slotsom? Vroue se rolle is steeds beperk tot webwewende dominatrixes, skarlakenvroue, kastrerende tewe en busty besittings.





IN Oktober kyk Beverley na stand up-komediante: *"Die ware kuns van komedie lê nie in die grappe nie - dis wat daaragter skuil. Ware komediante is dapper en waagmoedige mense. Hulle durf die dinge raaksien en ontbul waarvan hul gebore wegskram, bang is om uit te druk. En wat hulle sien, is 'n soort waarheid: oor mense, oor hul situasie, oor wat mense seer- of bangmaak, oor dinge wat vir mense moeilik is - maar veral oor wat mense wil hê. 'n Grap verbreek die spanning, sê die onsêbare. Maar 'n ware grap, 'n komediant se grap, moet méér doen as om spanning te verlig, dit moet die wil en die begeerte bevry, dit moet die situasie verander."*

MUSIEK word nie geïgnoreer nie. In haar rubriek Christi speel pop skryf Christi van der Westhuizen: *"Prophets of da City is 'n bitter, Swart Bewussyn-besielde spulletjie. Die seuns het 'n boodskap, okay, en hulle is nie bang om dit in enigiemand se gesig uit te spoeg nie. Hulle verklaar onomwonde "I don't give a fuck if I'm offending ya". Om nie aanstoot te neem nie - veral as jy wit is, is moeilik. Keer op keer word na wit mense verwys as "devils" - wel eintlik word net na wit mans verwys; vir POC is wit vroue "bitches" op die arms van jingo-swart broers wat hulself try wit hou."*

Sy skryf oor die nuwe groot wit hoop op die Afrikaanse musiektoneel, Amanda Luyt en Harold Schenk se Ye-ye: *"'n Dominee iewers het die spulse paartjie van Satanisme beskuldig. Seker oor: a) Amanda se "onkuise" kleredrag; b) 'n wilde liedjie soos "Willekind". Nou moet mens darem onthou min dinge laat 'n plaat so goed verkoop soos 'n welgeplaaste houd en/of wellustig uitgesnikte woorde. Ongelukkig getuig die stuitige "Willekind" net van 'n ernstig onderdrukte seksualiteit - en te veel Ena Murray-boeke te jonk."*

'n Paar uitgawes later noem Ye-ye Van der Westhuizen 'n "downright rude little girl". In dieselfde uitgawe reageer Johannes Kerkorrel op haar onthulling van sy Breytenbach-neigings én werklike adres en noem haar "Miss PMT". Koos Kombuis se reaksie in 'n brief op die heer Kerkorrel se ongelukkigheid: "Kots kreef!"




ESMA ANDERSON en Martie Meiring belig in September die kwessie van grond-onreg. Die stryd van onterfde grondeienaars of huurpagters om toegang tot hul regmatige besit te kom, kom aan die pen. Die regering moet vinnig optree om die honderde vertoë van sulke gemeenskappe te kan behartig. So bid Karel Ramokoka by sy pa se graf op die plaas Schilpadsnest buite Rustenburg:

*"Ek groet jou, my pa.... my voorvaders... Wees ons genadig sodat julle kan terugkeer en die grond bewerk."*

IN tipiese *VWB*-styl verskyn 'n deurslaggewende groep stories op 29 September wat Afrikaans as "'n warmbloedige en veranderende taal met vele klanke en gesigte" skilder. Dit gee 'n verrykende kyk na die herkoms van dié bastertaal en na al die verskillende tonge wat haar (hom?) praat, ook gee dit erkenning aan die "wonder van Afrikaans" wat eintlik op die stoepe, die garages, die klein kerksaaltjies van die sg Kleurlinggebiede gedy het. Akteur Soli Philander sê elkeen het sy eie taal in die Kaap. Die skollie, die merchant, die sjebien, hoekstanners, daggarokers, buttonrokers, wynkoppe, hawkers, skoollaaities, sokkerouens, kerkmense ( Apostolics praat different van die NG), huisvrouens, ambagsmanne, ens. Maar almal kan mekaar verstaan.Die hawker is 'n digter - alles wat hy sê is rympies - kyk hoe dy die vy,'n peer virrie heer.

PIET Koornhof bieg in 'n verrassende onderhoud met Max du Preez op 14 Oktober dat hy al in 1950, 1951 geskryf het apartheid is in sy moer, nog voor dit begin het. Die oud-hoofsekretaris van die Afrikaner Broederbond en kabinetminister onder John Vorster en PW Botha maak dié en ander omstrede uitlatings oor sy ware denke oor al dié jare: *Ek dink mnr Mandela is 'n genade Gods vir Suid-Afrika. Ek dink mnr De Klerk ook, so ook mnr Ramaphosa, en mnr Sexwale, 'n baie agtermekaar kêrel. Goeie leiers. Tewens, ek het baie maal gesê ek kan bewys dat die swartmense in my lewe beter leiers opgelewer het as die witmense in ons eie vaderland.*

IN die laaste uitgawe van die jaar word 'n doodsteek gelewer aan persvryheid. Die appelhof bevind teen *Vrye Weekblad* en vir genl Lothar Neethling.

En genl Tienie Groenewald, een van die generaals van die Afrikaner Volksfront, vertel aan Ina van der Linde dat hy geleer het hoe langer onderhandel word, hoe groter word wedersydse begrip en hoe beter word die kans om 'n oplossing te kry. Hy sê: *Ons staan op die rand van 'n groot deurbraak, maar daar is by alle politieke leiers 'n gebrek aan staatsmanskap. Dit geld vir politieke leiers regoor die spektrum.*

*Soms dink ek ons is soos die volk van Israel wat uit Egipte die woestyn ingetrek het en terwyl Moses op die berg besig was om die gebooie te ontvang, het die volk alreeds weer 'n verkeerde pad ingeslaan. Die gevolg was dat die volk wéér 40 jaar die woestyn ingestuur is. Miskien moet ons ook eers weer 40 jaar woestyn toe gaan. Ek hoop nie dis die geval nie.*

IN die eerste uitgawe van 1994 vind Esma Anderson ook tekens van 'n kentering onder mynwerkers aan die Wes-Rand teenoor swartes, maar ou vrese bly: *"Ek was bang Mandela vat my geld, my pensioen. Dis maar wat ek in* Huisgenoot *gelees het,"* beken Blackie Swart.

Maar Dirk Kapp sien die ding so: *"Jy weet, ons boere is 'n ander nasie. Ek verstaan dit nie. Sê nou maar Jesus kom vandag hier op Glenharvie aan en wil vir ons preek en ons stap almal kerk toe. Gaan daai Boere nou voor die deur staan en sê jy mag nie inkom en jy nie omdat jou kleur nie reg is nie en dan omdraai en vir Jesus sê: Sorry, Here, maar U moet maar vir daai mense onder die boom hier buite gaan preek?"*

En hierdie uitgawe van 13 Januarie word toe onverwags die laaste properse *Vrye Weekblad.*


# Divisies van Denel (Edms) Bpk

**Lugvaart:**
**Houwteq**
(Grabouw) Tel: (024) 50 5911.
Faks: (024) 59 3400
**OTR**
(Bredasdorp) Tel: (02847) 59 010.
Faks: (02847) 59 067
**Simera (insluitende Atlas Aviation)**
(Kemptonpark) Tel: (011) 927 9111.
Faks: (011) 395 1103
**Besigheidsontwikkeling:**
**Dendex**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 428 0666.
Faks: (012) 453 914
**DMS (Korporatief)**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 428 0911.
Faks: (012) 428 0799
**Informatika en Eiendomme:**
**Infoplan**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 450 9111.
Faks: (012) 450 2879
**Excelsa**
(Pretoria-Oos) Tel: (012) 47 1106.
Faks: (012) 450 2879
**Bonaero Park (Edms) Bpk**
(Kemptonpark) Tel: (011) 918 1000.
Faks: (011) 918 1400
**Denprop**
(Kemptonpark) Tel: (011) 918 1000.
Faks: (011) 918 1400
**MediaMakers**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 428 0970.
Faks: (012) 428 0975
**Denelpen**
(Pretoria) Tel: (012) 341 4330.
Faks: (012) 44 2435
**Umed**
(Pretoria) Tel: (012) 44 3275.
Faks: (012) 44 5444
**Vervaardiging:**
**Naschem**
(Potchefstroom) Tel: (0148) 27 151.
Faks: (0148) 98 1241
**PMP**
(Pretoria-Wes) Tel: (012) 318 1911.
Faks: (012) 318 1000
**Somchem**
(Somerset-Wes en Wellington)
Tel: (024) 429 2911. Faks: (024) 429 2111
**Swartklip**
(Kaapstad) Tel: (021) 376 1500.
Faks: (021) 376 1108
**La Forge**
(Boksburg) Tel: (011) 894 1321.
Faks: (011) 894 5413
**Stelsels (meganies en elektronies):**
**Eloptro**
(Kemptonpark) Tel: (011) 921 4000.
Faks: (011) 973 1627
**Kentron**
(Irene) Tel: (012) 671 1911.
Faks: (012) 671 1127
**LIW**
(Verwoerdburg) Tel: (012) 620 9111.
Faks: (012) 620 2283
**Mechem Konsultante**
(Silverton) Tel: (012) 803 7290.
Faks: (012) 803 7189
**Musgrave**
(Bloemfontein) Tel: (051) 21 2921.
Faks: (051) 21 2903
**Bemarking**
**Dinmar**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 428 0910.
Faks: (012) 452 2843

DENEL

PRONAM TVL 1588






# Denel. 'n Nywerheidsreus verrys uit Suidelike Afrika.

Daar is 'n maatskappygroep in Suidelike Afrika met 'n brandende begeerte om almal se lewenskwaliteit te verhoog en om 'n beter toekoms vir huidige en toekomstige geslagte te skep. 'n Groep genaamd DENEL.

DENEL is kapitaalkragtig en beskik oor 'n breë batebasis, ervare bestuur en gevestigde geskiedenis as 'n betroubare en stabiele verskaffer van 'n wye reeks militêre-, kommersiële- en nywerheidsprodukte.

DENEL bestaan uit 25 aparte operasionele en nywerheidsdivisies wat as individuele besigheidseenhede in die volgende hoofkategorieë sake doen naamlik lugvaart, stelsels, vervaardiging en ingenieursdienste, informatika en eiendomme, sowel as internasionale bemarking.

As u vennoot in Suidelike Afrika, maak DENEL deure oop na die res van Afrika en die Suidelike Halfrond.

DENEL sluit suksesvolle alliansies met gevestigde internasionale maatskappye. As vennoot kan u deel in die rykdom van tegnologiese vaardigheid, bemarkingskundigheid en verspreidingsnetwerke wat die DENEL groep bied. Saam kan ons werk aan 'n beter toekoms.

Vir meer inligting kontak:
**Ferdi Stark, Direkteur: Bemarking, Tel: (27-12) 428-0609 of Faks (27-12) 45-2009. Denel (Edms) Bpk, Posbus 8322, Hennopsmeer, 0046, Republiek van Suid-Afrika.**

D E N E L

**Vir 'n beter toekoms**

▲ PRONAM TVL 1482





Jan Viljoen, Fochville-myner (Foto: Sally Shorkend)



Boere-braai (Foto: Gideon Mendel)




Salvation Army-manshostel, Johannesburg
(Foto: Sally Shorkend)



Karoo
(Foto: Paul Weinberg)



"Two kappies, Rehoboth" (Foto: Trevor Samson)

# Nou ja.
# Die baklei is verby



Ek gaan probeer om in my laaste skrywe in *Vrye Weekblad* so saaklik en onemosioneel moontlik te wees. Byna ses jaar van my lewe - die belangrikste ses jaar van my lewe - is geheel en al deur dié projek oorheers.

Kortliks eerstens: hoekom nou toemaak?

'n Hele paar faktore het saamgewerk. Bo-aan die lys is die teleurstellende advertensiesteun wat ons uit veral die Afrikaanse sakesektor gekry het. Dit was seker te verwagte gesien die aard van *Vrye Weekblad* en die stryde wat hy gestry het.

Die tweede faktor was die hoë regskoste wat *Vrye Weekblad* oor die laaste vyf jaar ernstig gekniehalter het, en wat steeds voortduur. Daar is nog 'n hele paar sake wat vanjaar teen *Vrye Weekblad* moet voortgaan, meestal sake wat deur die staat gesteun word. Meer as 'n derde van ons operasionele koste die laaste vyf jaar is aan regskoste bestee, en dit sluit nie die komende sake in nie.

Saam het dié twee faktore daarvoor gesorg dat *Vrye Weekblad* nooit finansieël sterk genoeg was om die soort joernalistiek wat ons geweet het ons moet en kan pleeg, aan te bied nie. Aan die begin was dit maklik om met net 'n paar mense en 'n miniskule begroting suiwer op adrenalien en idealisme te werk, maar dit het later al moeiliker geraak. En sonder finansiële gesondheid is groei ook moeilik - so half 'n bose kringloop.

OM VIR VYF jaar elke maand wakker te lê en wonder waarmee jou kollegas se salarisse of die drukkersrekening betaal gaan word, is nie een van my aangename herinneringe nie. Twee keer in die vyf jaar moes ons uitgawes oorslaan omdat drukkers geweier het om te druk voor hulle betaal is; twee keer is ons rekenaartoerusting weens swak betaling gekonfiskeer; verskeie kere is ons personeel 'n week of twee laat betaal. Hoe kon ek kollegas kwalik neem wat goeie aanbiedinge aanvaar het mét sekuriteit, byvoordele en normale werksure?

Die derde faktor wat die gevolg van die eerste twee was, was dus dat ons in 1994 soveel verder aan ons begroting sou moes sny dat ons joernalistieke gehalte ernstig daaronder sou ly. En as daar miskien nog plek was vir 'n skerp, hoogs leesbare en informatiewe *Vrye Weekblad*, is daar beslis nie plek vir 'n middelmatige, vervelige een nie. Dit sou vernederend vir ons almal hier wees.

Ons het dit verlede jaar al besef, en met die twee ander gehaltetydskrifte in Afrikaans, Insig en Die Suid-Afrikaan, begin gesels oor moontlike samesmelting - want hulle werk ook op 'n verlies. Maar dit was gou duidelik dit sou nie werk nie - die kulture is te verskillend van dié van *Vrye Weekblad*, en boonop wou die ander twee tydskrifte nie iets meer gereeld as 'n maandblad oorweeg nie.

Nasionale Pers se reaksie agterna toe die samesprekinge rugbaar geword het - die normale enigste-bul-in-die-kraal-arrogansie waaraan ons die laaste vyf jaar gewoond geraak het, het ons oortuig dat dit 'n goeie besluit was om nié met hulle in die bed te klim nie.


DIS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA
Vrye Weekblad
Nog 'n BSB-man bieg oor moorde en terreur
'Geen vrede sonder die Boere'


MAAR DAAR IS 'n ander kant van die hele saak. *Vrye Weekblad* was nooit bedoel as 'n kommersiële projek nie. Dit was 'n suiwer politieke, joernalistieke en kulturele intervensie. Waar dit kommersieël 'n mislukking was, was dit in dié sin wat my betref 'n sukses.


*Vrye Weekblad* kón mos nie juis geld maak nie, nie met die soort aanslag wat ons noodwendig jeens die Afrikaner- en regerende establishment moes hê nie. Daar was nie 'n natuurlike constituency soos wat byvoorbeeld die geval met die Weekly Mail was nie. Dit is gedoen ten spyte van 'n natuurlike mark.

In lande soos Holland en Swede is daar bedryfsfondse vir ernstiger koerante wat nie finansieël die mas opkom nie. Die media-monopolieë het hier iets soortgelyks probeer doen met die Independent Media Diversity Trust, waarvandaan *Vrye Weekblad* die laaste klompie maande met groot dankbaarheid 'n subsidie ontvang het.

Maar die IMDT is nie 'n mediabedryfsfonds nie, dis 'n Operasie Honger vir sukkelende koerante: as jy wragtig nie meer 'n dag langer kan nie, dan gaan smeek jy vir 'n aalmoes. En só 'n soort fonds wat homself soos 'n welsynsorganisasie gedra, kan nie sy rol behoorlik speel nie.

Na ek dit alles gesê het, moet ek darem ook diep binne myself kyk en sê: eintlik is *Vrye Weekblad* se geveg




oor; eintlik is die stryd klaar gestry. Ons het reggekry wat ons aanvanklik wou regkry. Dis hoekom ons nie juis hartseer is nie, net 'n bietjie nostalgies.

Die vraag is nou: moes ons nie verlede jaar toegemaak het vóór ons 'n juppierige Boere-*Newsweek* probeer word het in 'n poging om meer aanvaarbaar te wees vir adverteerders en lesers nie? Of moes ons dalk probeer aansukkel het tot ná die komende verkiesing?

Ek weet nie.

Daar is baie dinge wat ek nie weet oor die laaste vyf jaar nie. Maar een ding weet ek: dit was elke oomblik, selfs die swaarstes, werd. Dit was opwindend en bevredigend en skeppend. *Vrye Weekblad* het 'n positiewe rol gespeel en gehelp om die oper gemeenskap wat nou aan die ontstaan is, moontlik te maak. Ek is trots dat ek kon deel hê aan die skep van 'n positiewe simbool van hoop, integriteit en openhartigheid.

DAAR IS NOG 'n ding wat ek weet: die mense wat die laaste vyf jaar *Vrye Weekblad* was, is die beste wat die Suid-Afrikaanse joernalistiek nog geken het. En "beste" bedoel ek in die sin van toegewydheid, lojaliteit, idealisme, integriteit, werkywer, avontuurlus én bekwaamheid. Hulle is spesiale mense, my beste (surprise, surprise: enigste) vriende. Ek sal hulle nooit vergeet nie.

Was ek "mal" en 'n "tiran" en 'n "egoïs" en 'n "onbegeleide missiel" en 'n "maverick"?

Ek kan nie daaroor oordeel nie. Ek moes seker 'n bietjie mallerig gewees het om 'n projek sonder geld te loods wat meeste regdenkendes gedink het malligheid was. En "maverick" sien ek as 'n kompliment, as daarmee bedoel word onkonvensioneel en vrydenkend en sonder 'n ideologie of 'n baas. En wie weet, as ek as redakteur nie soms outokraties was nie, het ons dalk lankal ons deure toe moes maak. Of miskien juis nie. Maak nie meer saak nie.

Ek is diep dankbaar teenoor my kollegas oor die jare; vriende en raadgewers soos Van Zyl Slabbert en Sampie Terreblanche; medewerkers wat nie altyd betaal is nie; en getroue lesers wat altyd 'n intiemde verhouding met ons gehad het. En my twee kinders wat nie veel van my gesien het die laaste paar jaar nie.

Maar ons by *Vrye Weekblad* het geen rede om dankbaar te wees teenoor die magsfigure in die regering van die laaste vyf jaar nie; hul veiligheidsmagte; die meeste van hul staatsamptenare; die prokureurs-generaal, landdroste en regters wat hulle as werktuie van die Nasionale Party en die veiligheidsmagte laat misbruik het in 'n poging om dié stem dood te maak; baie van ons kollegas in die Afrikaanse perswêreld wat ons gedurig beskinder en in die rug wou steek; en die opportunistiese sakewêreld wat dit maar altyd veilig wou speel.

EK DINK *Vrye Weekblad* gaan dalk gemis word - selfs deur dié wat dit graag wou dooddruk en wat met die sluiting met breë glimlagte sit. Miskien kan dit herleef as die omstandighede dit oor 'n jaar of drie moontlik maak. Wie weet?

Gelukkig gaan ons op 'n hoë noot uit. Ten spyte van die hoë vlakke van geweld en konflik - kon ons anders verwag het? - is Suid-Afrika goed op pad om 'n demokrasie te bou wat menswaardigheid en voorspoed aan almal kan bring.

Iemand sal die nuwe regering moet hel gee. Jammer dit kan nie *Vrye Weekblad* wees nie.

Totsiens.

Max du Preez



Veranderend soos 'n verkleurmannetjie, maar nooit 'n manteldraaier nie, is ESMA ANDERSON, een van die eerste redaksielede, se oordeel oor *Vrye Weekblad*

# ons was te sexy vir ons volk

Dit was aand en dit was môre en vir die derde jaar was die land in donkerte gehul - stééds in 'n toestand. "No news" was "bad news". Selfs blanko spasies in koerante was onwettig. Die koerante kón nie en die Afrikaanse pers wóú nie.

Maar op 'n sonnige Vrydag, 4 November 1988, het daar iets gebeur.

"Ons steek niks weg nie," verklaar die eerste plakkaat. *Vrye Weekblad* is gebore. Geen heilige koeie nie. Gee hulle hel. "'n Nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika" (alweer coining a phrase, né) wat "boldly go where no man has gone before." Aan die stuur staan Max du Preez - veral aan die begin bekend as die maverick, die Mad Max van die koerantwêreld. En kyk hoe lyk hy nou.

Met die geboorte van *Vrye Weekblad* kom daar sommer ook 'n nuwe bandwagon. Afrikaners word Voëlvry. Die pad na Damaskus. Donnerse joiners, sou my oupa sê. Klim op die wa, klim op die wa, klim op die Alternatiewe Afrikaner-wa...

En almal fight 'n cause. Ons is mos almal slagoffers: Christelik Nasionale opvoeding, Totale Aanslag, Rooi Gevaar, Swart Gevaar... Witkaffers van Afrika. Die Goosens, Kerkorrels, Tonteldose, Bernoldus Niemands, Bleskoppe teen Apartheid, Takhare vir Vrede en die baardbekke vir hulleself.

Randy Rambo en die Rough Riders.

Alternatiewes ten spyt, dreun ons ou volkie: gee FW 'n kans. Wydsbeen oor die Rubicon. Ja-nee. Ag nou ja. Nou ja toe. So ja.

En hoor jy die magtige gepiep: Néé.

Vrou, gee aan die Lunchbar en stop tog die groen onderbroek. Daar's Wêreldhandelsentrums om te bestorm, plakkers om te slaan en verja, voordeure om weg te blaas (*Vrye Weekblad* s'n), mense om af te maai en beeldhouwerke om stukkend te slaan (onthou die ET-fallus in die museum?).

Dit skryf tot poetry (vra vir Piet Skiet). En alles allitereer tog so pragtig. Wit Wolwe, Boere Bevrydingsbeweging, Boere Republikeinse Leër, Kappiekommando, Afrikaner Volksfront...

Van Kerkplein, Paardekraal en Bloedstraat tot Ventersdorp. Boere met roere en -deesdae meer van pas - kommersiële plofstof.

Stil broers, daar gaan 'n bond verby. Die geheim is uit. Be ruder to a Broeder. Now you see me, now you don't. Stigtings, verenigings, bonde... Kry 'n Band-aid vir die taalpaal.

Maar die heel belangrikste: ons manne in blou (en bruin). Troepie doepie... Moordbendes, Vlakplaaste en derde magte. Sit jou cop op 'n blok. Nag generaal (vir die duisendste maal). McNally, Harms, kommissies van ondersoek. Die land brand nog steeds.

Boipatong, Swannieville, Sebokeng, Sharpville, Bisho... Heidelberg Tavern, King Williamstown, St George's Cathedral... Stille nag, bloedige nag. Uit die rou van onse hemel. Staak die waansin! The land of milk and no Hani.

Oom Piet Koornhof sien liefde in full colour - hy's te sexy vir sy volk.

EN dít was die dae van *Vrye Weekblad*. Al vyf jaar, twee maande en 'n handjievol dae daarvan. Oral het *Vrye Weekblad* haar merk gelaat. 'n Stempel afgedruk: van voorblad, T-hemp, lamppaal tot regbank. Voortdurend veranderend soos 'n verkleurmannetjie, maar nooit 'n manteldraaier nie.

Van "Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika" en "Ons ís die nuwe Suid-Afrika" tot uiteindelik "Onafhanklik, Onverbonde, Onverskrokke". Ek wil my half verbeel daar was op 'n tyd ook 'n "The news magazine for the irreverent" - nogal bilingual ook.

Maar deur dit alles het *Vrye Weekblad* vry gebly (selfs van die alternatiewe en andersdenkende Afrikaner-sindroom). 'n Ruimte vir Afrikaans om asem te haal, die korset af te ruk en te jól, te gil, skree, huil en lag! Moedertaal kapperjol. 'n Ruimte vir joernaliste om verslag te doen, te skep, te bitch en te SKRYF!

Na vyf bittersoet en veral soet jare by *Vrye Weekblad* kan ek niks meer sê nie. Dit was goed. Sal die laaste een wat loop asseblief die lig afsit?

Laat die lyk loop!



# ....en toe was daar Vrye Weekblad



**JACQUES PAUW, mede-stigter en assistent-redakteur van *Vrye Weekblad* tot verlede jaar, het homself in die eerste vier jaar van *Vrye Weekblad* gevestig as die voorste ondersoekende joernalis in die land**

EEN dag, in November 1988, het 32 koerantbladsye van 'n printer afgerol.

Bladsy een was vyftien maande te vroeg - die vrylating van Mandela is net om die draai, voorspel dié koerant in sy eerste hoofberig.

Bladsy drie het die Staatspresident daarvan beskuldig dat hy 'n ete saam met 'n Mafiabaas - Vito Palazzolo - gehad het. (PW het vir laster gedagvaar en my ma het my gevra om my van te verander).

Bladsy vyf het 'n Bloemfonteinse sakeman as 'n skelm ontbloot wat arm mense met 'n behuisingskema uitgebuit het (hy het selfmoord gepleeg nadat hy die berig gelees het).

Bladsy 20 was 'n onderhoud met die verbande kommunis Joe Slovo (die redakteur is ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid aangekla, skuldig bevind en het opgeskorte tronkstraf gekry).

Daardie aand, in die Yard of Ale, het 'n sesstuks joernaliste mekaar op die skouer geklop. Party het gehuil, ander was dronk, almal was moeg, baie moeg.

Maar almal so verskriklik trots op daardie valerige, half-lelike koerantjie wat later dié nag in bondels voor kafees en nuusagentskappe afgegooi is.

Ongelukkig het min mense hom gekoop.

Die volgende aand het die Mandela-koor van Soweto dieselfde sesstuks joernaliste - almal steeds moeg en meeste nog dronk - in hul kantoortjie in Newtown kom toesing.

Veterane hou daarvan om byna vyftig jaar na die einde van die Tweede Wêreldoorlog steeds bymekaar te kom om veldslae, heldedade en sterftes te gedenk. En hul makkers te salueer.

Vyf jaar na die ontstaan van *Vrye Weekblad* word dié slag nou ook in herinnering geroep. Word daar met trots teruggekyk na dié aanvanklike vaal koerantjie met sy perserige mashoof wat almal so die moer in gemaak het.

Vandag dink ek met deernis terug aan Max wat op sy knieë in die donker rondkruip (ek het agter die kas geskuil) terwyl die Kerk van die Skepper - tot die tande toe gewapen - laatnag aan die kantoordeure hamer.


Hoe hy een nag, deurtrek van die peermampoer, na 'n woeste drinksessie saam met die BSB in die middel van die Ben Schoemanhighway deur 'n skielike blindheid tot stilstand gedwing word.

Hoe die vreeslose Du Preez tot handeroom verwater word deur 'n moordbende-askari wat êrens op 'n afgeleë plot in dowwe kerslig aan hom vertel hoe hy altyd sy mes in sy slagoffers se kele draai om 'n spoedige dood te verseker.

Ek dink aan Koos. Woes, bitterbek en dik die dôner in. Besig om 'n resensie te skryf oor *Huisgenoot-Wenresepte* se Beesvleis-in-Koffie-en-Gouestroop-resep.

Aan Pearlie wat lelike goed oor die Moderator van die NG-Kerk skryf, Charles wat bebloed terugkeer van 'n regse saamtrek. 'n Polisie-spioen wat probeer stories plant. Die Nasionale Intelligensiediens wat my en Max werk aanbied.




Daar was dreigemente, hofsake en bomme. Lofliedere, haat en verraad.

Hoop, nood en uiteindelik - dood.

*Vrye Weekblad* is daarmee heen.

Nog voor die eerste koerant vyf jaar gelede op straat gelê het, was sy uiteindelike lot reeds getel. Die eerste stel rekenaars is teruggevat omdat ons nooit daarvoor kon betaal nie. Die tweede stel is ook teruggevat. Die Kanadese het die derde stel genadiglik betaal.

Koerante wat toemaak, is niks nuuts nie. Daar was al baie - die *Sunday Express*, *Rand Daily Mail*, en nou ook die *Sunday Star*.

In alle gevalle het nog 'n stem stil geword.

Wat maak *Vrye Weekblad* dan so anders? In baie se oë selfs spesiaal?

Is dit die feit dat hy so woes teen 'n vieslike bestel te velde getrek het?

Moorddade van die polisie en weermag ontbloot het? 'n Generaal belaster het? Sy broek vir die establishment afgetrek het?

Ja, dis seker deel daarvan.

Maar ek sal *Vrye Weekblad* onthou vir juis dít wat uiteindelik tot sy ondergang gelei het.

Ons het nooit vir enige iemand geluister nie.

Nie vir die adverteerders nie. Nie vir die mark nie. Nie vir ander groot mediabase nie. Vir geen politikus nie. Nie vir die wet of die hof of die polisie of die prokureur-generaal nie.


*Vrye Weekblad* was so bedônnerd soos draad.

En ek is trots daarop.

# die kwagga by die vyeboom



INA VAN DER LINDE was mede-redakteur van *Vrye Weekblad* en sommer ook die hele Pretoriase kantoor







DIT was 'n fout, besluit ek na drie weke. Dié vertrek uit die veilige, beskermende vleuels van die hoofstroom-joernalistiek, vier jaar gelede. Uit die sekuriteit van 'n goed-geolieде administratiewe masjien, motors in werkende toestand met logboeke wat ingevul word en brandstof in die tenk.

'n Sekretaresse wat boodskappe neem, 'n biblioteek, 'n telefoniste met maniere, 'n advertensiespan, fotograwe, en 'n outomatiese betaalstelsel wat sorg dat jou tjekkie stiptelik op die 25ste inbetaal word.

Vir iemand wat haar soggens vererg as die ou voor my die brood nie mooi haaks gesny het nie, was die gebrek aan struktuur 'n nagmerrie.

En die corporate culture. Elke keer as Pearly die p-woord oor die tafel skree (manlik of vroulik), skrik ek. Of Ryk die n-woord.

Ek voel my die konserwatiewe tannie, biegmoeder, salwer van gekweste ego's. Ek vrek van ordentlikheid, soos my sussie sê.

Nuuskonferensie op Donderdagmiddag. Ek het maagpyn van spanning van die oggend. Die laaste blad is pas afgegooi. Daar was die gewone geskree op mekaar. Ryk en Max wat mekaar ingevlieg oor die een meer f... arrogant, egoïsties, skynheilig as die ander is. Die kopie was twee uur laat. Uitgeput sak ons om die tafel neer.

Stadig en lusteloos begin ons praat oor die volgende uitgawe. Aanvanklik sit almal met geslote gesigte, rooi oë na mekaar en staar. Dan gooi iemand 'n idee in vir die volgende uitgawe. "Het julle daai berig gelees oor skinheads?" Of "Daar's daardie ongelooflike swart bariton in Pretoria". "Ja, wat van 'n storie oor swart violiste." Die geesdrif begin bruis

."Wie't *Time of the Gypsies* gesien? Ek wil iets doen oor goëlery". Sê nog een: "Ek het hierdie boek gelees oor navorsing wat in Rusland gedoen is oor die vrou wat so kan goed op 'n tafel rondskuif sonder om daaraan te raak. "Onthou julle vir Yuri Geller? Dis of my kop wil bars van idees. Die adrenalien begin pomp. Ja, sê Max. "Ek dink hierdie uitgawe gaan werk."

Ek het hiernatoe gekom omdat ek sterk voel oor geregtigheid, moeg is om te hoor "dit kan nie wees nie", of "ons het nie geweet nie". Ek wou wys dat ek kant gekies het. Ek wou saam 'n stand maak.

Mettertyd dring dit deur: hier's 'n nuwe geslag. 'n Geslag wat rebelleer teen die geykte, die onderdrukkende. Wat met nuwe oë kyk na die Afrikaner en wat nie bereid is om te sê: Ons kan tog niks daaraan doen nie. Of: Dit kan nie wees nie. Ons mense is nie so nie. Ons sê: Ons gaan uitvind of dit so is en dit aan die wêreld verkondig sodat niemand agterna soos die Duitsers kan sê: Ons het nie geweet nie. En ons gaan dit doen ten spyte van die gebrek aan geld, te min mense, te min karre.

Hoe jammer mens weet eers by naskoue wat gewerk het en wat nie gewerk het nie. Dat die chaos van *Vrye Weekblad* ook ongelooflik skeppend was, juis omdat dit chaos was. Oor myself: Ek gebruik nog nie die p-woord nie, maar ek het vryer begin skryf, weggekom uit die netjies geordende, wit gestyfde voorskoot. Daardie vryheid het ek hier leer ken.

DIE LAASTE PAAR dae reën dit aanmekaar. Die dag wat ons besluit het ons gaan toemaak, stap ek uit ons kantoor buitentoe. Pienk bougainvillablomme lê in die stroompie water wat uit die geut drup. Die blare is gekneus en byna deurskynend, die fyn are

# ruimte vir 'n skrywer



CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN was die laaste jaar *Vrye Weekblad* se kunsredakteur




**V***rye Weekblad* was vry in die ware sin van die woord. Vry van vooroordeel, vry van stereotipering, ongebonde as dit kom by verantwoordelikhede jeens drukgroepe.

In 'n tyd waarin die rassistiese kranksinnigheid in Suid-Afrika tot 'n bloedige laagtepunt gevoer is, het *Vrye Weekblad* vorentoe getree as 'n belangrike teenvoeter vir regeringspreekbuise se napratery én as 'n meedoënlose oopvlekker van apartheidseuwels. Dit was 'n stem vir mense wat in daardie stadium - die donker dae van die mitiese Totale Aanslag - nie gehoor kon word nie. Andersdenkende Afrikaners kon nou wys dat alle Afrikaners nie vlakkop-dikgewrigte met boeppense en swastika-tattoo's is nie.

Vir my was *Vrye Weekblad* 'n oopkop-plek om voor te werk. Hoewel joernaliste eintlik veronderstel is om oopkop te wees, is dit 'n seldsame ding in die algemeen. En selfs al is jy oopkop, dwing 'n koerant se beleid jou om jou eie idees maar eenkant toe te skuif wanneer jy 'n berig skryf. Dit was nooit die geval by *Vrye Weekblad* nie.

Die scope by *Vrye Weekblad* was altyd wyd - so wyd as wat jy dit wou hê. Eie idees en 'n eie aanslag was belangrik. Daar was baie ruimte om jou skeppende vermoëns uit te brei - joernaliste kon die skryf van 'n artikel tot 'n fyn kuns verhoog sonder om vir 'n moedswillige sub se rooi pen te vrees. En heilige koeie was daar nie.

Die leser se intelligensie is nie onderskat by *Vrye Weekblad* nie. Daar is nie aangeneem dat lesers slegs val vir stories oor wellustige dominees of naakfoto's van vroulike morone nie.

Bang vir verandering was ons ook nooit nie. *Vrye Weekblad* se formaat en inhoud het in pas gebly met die veranderende werklikheid in ons land.

Die afsterwe van die blad gaan selfs die stiksieniges onder ons laat ween - die blad het 'n groot leemte gevul. En dié leemte is nou weer daar.

---

klein padkaarte.

Die paadjie na die agterkant van die Scouts Hall is toegegroei met kikoejoe na die vakansie. Joseph het lanklaas gras gesny. Hy was heel Desember in die hospitaal met 'n skietwond in die sy. Begin Desember het hulle hom kom haal waar hy in 'n bloedplas in sy sitkamer lê.

"Hy't tot by my gekom en my reg in die oë gekyk toe hy my skiet", het hy kom vertel. Oë vol trane, so asof hy dit nou nog nie kan glo nie. Selfs *Vrye Weekblad* se bakkie gesteel. Een van die drie voertuie wat altyd stukkend is of gesteel is of sommer net onverklaarbaar uit is.

Bewerig en bleek deur die bruin vel, dié man wat reg van die begin af maar daar was, in sy kantoor omring van ou koerante en plakkate met die reuk van gom en drukkersink.

In die lang gras, teen die gebou, staan 'n geroeste liasseerkabinet. In die grys lug lyk die leë gate waar daar vroeër laaie was, soos leë oogholtes. Bo-op die kabinet is 'n skeefgetrekte laai, gemerk: KORREKSIES GEDOEN. En daaronder, in kleiner letters, "reg vir sny en plak".


Toe ons op dié plek afgekom het, het ons gedroom van braaivleis hou onder 'n sterrehemel op die aande na die blad gesak het. Ons het dit toe nooit gedoen nie.

Agter in die hoek is ons vyeboom. As die spanning in die kantoor hoog loop, het dit 'n soort ritueel geword: ons storm buite toe en klim soos kinders in die boom rond op soek na ryp vye.

Van al die reën het die vye begin bars. As ek onder die boom inbuk, stort daar 'n vloed water op my kop. Ek kyk vas in 'n geel tor, 'n suier diep in die vel van die vrug ingedruk. Ek verbeel my ek sien hoe hy sluk aan die soet taai vog. Muggies vlieg in-en-uit aan die onderkant van die vye, soos bye uit 'n byekorf.

"Raai wat het ek laasnag gedroom", sê Llewellyn. "Ek het gedroom hier wei 'n kwagga by die boom. Net toe ek naderkom, ruk hy sy kop op en vlug weg."

# die kleinjong is gebore



Die koms van *Vrye Weekblad* was soos die diep asemhaal met die losknoop van 'n knypende korset.




**MARTIE MEIRING**, wat vir die eerste vier jaar van die blad se bestaan 'n leser was voor sy mede-redakteur geword het, vertel hoe die leespubliek die loshotnot van die pers verwelkom het




Begrafnis, Crossroads (Foto: Guy Tillim)

Plakkerskamp,
Kaapstad
(Foto: Guy Tillim)



Soweto (Foto: AP)





Kagiso (Foto: Brett Eloff)



Begrafnis





Kaapstad (Foto: AP)



Pietermaritzburg (Foto: AP)



Bisho (Foto: AP)

# van koeksister af gin toe en weer terug



LLEWELYN RODERICK is, ten spyte van sy sterk Walliese naam, van goeie Afrikaanse afkoms. Hy het as student by *Vrye Weekblad* gewerk en hom kort voor die sluiting aangekondig is, by die redaksie aangesluit

Ek haat Afrikaners van kleins af. My stint in die Voortrekkers was van korte duur. Al wat ek daarvan kan onthou is die wagstaan. Vir 'n uur moes ons langs die heining staan ek uitkyk vir die terroriste; wie hulle ook al was. Met my luck was ek die enigste ses-jarige sonder 'n fluitjie en nou nog kan ek die vreesaanjaande uur onthou: ek moes seker 'n honderd of wat swart figure tussen die eike bome sien verbyglip. Ook maar goed dat ek nie 'n fluitjie gehad het nie.




Maar dit was later, net ná my vormingsjare, dat ek eers my volk leer ken het. In die platteland is daar nie eintlik plek vir 'n sewejarige seun van die Kaap om sonder moeite in te pas nie en dit het maar swaar gegaan. Dit verduidelik seker hoekom ek sonder 'n gedagte die kans om Engelse kosskool toe te gaan, met gretige hande gegryp het. Toe was dit hoërskool, ook Engels, en toe sommer Rhodes Universiteit om die ver-Engelsing te voltooi.

Maar dit kon nie so maklik gebeur nie. Daar kom mos 'n stadium waar deure, wat voorheen toe was, skielik oopwaai. Die Engelse noem dit loss of innocence of so iets. Ek vind dit moeilik om my loss of innocence op een gebeurtenis of oomblik vas te pen; dis eerder iets wat jou hele lewe lank met jou gebeur. There are doors. And doors are meant to be opened. Wat ek deur dié deure gesien het, het my laat regopsit. Ewe skielik kon ek onder die vel sien, en dit wat ek gesien het, het my met 'n harde slag van die jenewer-trollie laat afval.

Ons het almal die ding al ervaar, of dit nou van-die-wa-af-val was of nie. Ongelukkig is idees gewoonlik nie genoeg om 'n mens anders oor iets te laat voel nie. Idees wat emosies opwek, ja well, maar sommer idees, nee wat. Dit vat mense.

Settler Country het bra vervelig geword. My Rhodes Universiteit liberal-come-lefty tjoms het baie min inspirasie gehad toe die oorspronklike struggle eers opgeskort is en ek het begin wonder oor hoge vrae soos "wie is ek nou eintlik" en "is God 'n swart vrou?" Ek kon nie na my Ingilse pelle toe draai nie. Wat het hulle geweet van bloed und bönden? (Wat het ek geweet van bloed und bönden?). Die grounded intellectual was op die endangered species lys saam met die alternatiewe Afrikaner.

Dis toe ek vir die eerste keer *Vrye Weekblad* onder oë gekry het.

Ek begin toe hier en daar 'n RAU- of Tukkies-student raakloop; die dissenters. Die volksverraaiers. En vir die eerste keer van dat ek al die Fritz Deelman en Keerboslaan-boeke klaargelees het, was ek weer lus vir Die Taal. Ek was honger en ek wou kos hê; sommer dadelik.

Toe die ene Max du Preez by Rhodes aankom om 'n Freedom of Speech-lesing te gee, gaan sê ek sommer vir hom: "Max, ek wil Afrikaans skryf." Hy sê toe dat ek maar moet kom werk vir 'n vakansie want hy het seker geweet dat ek nie by Rhodes 'n Afrikaanse woord onder pen gaan kry nie.

'n Maand van eerstes. Die eerste storie wat ek skryf, kak Ryk Hatting my van 'n kant af uit om ek nie skryf soos ek praat nie Dit was nie alles guns 'n roses nie. 'n Verloopte Afrikaner soos ek moes maar sukkel. Maar met die tweetalige woordeboek langs my het ek leer skryf.

Ek's weer terug Rhodes toe en hier November verlede jaar kry ek graad, en dis Jo'burg toe om weer by die Weekblad aan te klop. En dis nou waar ek sit by die einde.

*Vrye Weekblad* het nooit, en sal seker nooit 'n eweknie hê nie; onverskrokke, gatvol, vol van jol en nooit vervelig nie. Wat my die sadste laat voel, is dat dié deur nou toe is; vir my en vir enigiemand anders wat ooit 'n pad terug nodig gehad, of gesoek het.

En weet jy, ek het die ander dag wakker geskrik ná 'n woeste slaap om agter te kom dat ek weer in Afrikaans kan droom...

# bevry van hang-ups



BEVERLEY MITCHELL, 'n Kaapse politieke-cum-kulturele aktivis tot sy verlede jaar by *Vrye Weekblad* se redaksie aangesluit het, sê sy gaan *Vrye Weekblad* se passie mis

Ek onthou nog die eerste keer toe ek *Vrye Weekblad* gelees het. Dit was by een van daai dronk Kaapse trendy left-over partytjies in November 1988. Die koerant het so skuins op 'n koffietafel gelê. "Slovo en die Boere" het die hoofopskrif gelees.

Nou moet 'n mens onthou, in daardie jare was enigiets wat iets met die kommunisme te doen gehad het, baie aanloklik. Maar in Afrikaans? Ek kon my dronk oë amper nie glo nie. Dat dié koerant radikaal en boonop 'n sin vir humor gehad het, was onmiddellik opvallend. Sommer net daar was ek omgehaal.

Vir die volgende jaar het ek dikwels *Vrye Weekblad* gelees, maar in November 1989 het ek besluit dat ek elke week dié koerant sou koop. Die rede? Dié koerant het die integriteit gehad om die moordbendes aan te vat. Dié ouens was boere met pluck - 'n spul radikale Afrikaners wat nie 'n moer vir Big Brother omgegee het nie. En ek kon nog boonop lekker lag vir al die vloekwoorde wat my ma my altyd gesê het is onbeskof. Maar híér was dit in print!

Op daai tydstip was ek ook al lankal gatvol vir die Engelse liberale koerante, veral dié in die Kaap. Ek het toe besluit, naai, my broe, as djy wil wys raak van wat klap soe innie zoo, lees maar *Vrye Weekblad.* En al het ek eers die koerant gekoop om op hoogte te bly oor wat in die politiek aangaan, het die kunsblaaie die mees aanloklike deel geword. Dié van ons wat die Kaap goed ken, weet mos hoe hulle voorgee dat hulle sulke high en mighty culture vultures is. Kyk, ék was een van hulle. Vir 'n lank tyd was die *Weekly Mail* ons gids van wat in die kulturele wêreld aangaan. Maar toe kom *Two Tone* die jazz-tydskrif en die beste kunsblaaie wat die land nog ooit gesien het. "You are pale, *Weekly Mail*", was die spreekwoord in ons sosiale kring, "die Weekblad is ons kulturele voedseltrein!"

Toe ek verlede jaar hier begin werk het, het ek self ervaar dat alle Afrikaners nie verkramp en ingeteel is nie. Dié spul hier is nogal deksels mooi - moet asseblief nie altyd die byline foto's glo nie. Dis die drukkers se skuld, hulle wil hê ons moet lelik lyk. Wat ook opvallend was, was die passie wat mense rondom my gehad het. Kyk, ek moet erken, daar was dae waar daai passie 'n bietjie flou gevloei het, maar Suid-Afrika is 'n moeisame land en jy kan nie heeldag met 'n smile op jou dial sit nie.


Maar vir my was dit ook 'n plek waar ek baie geleer het. Ek glo dat die een ding wat almal wat hier gewerk het, geleer is, is hoe om 'n "definitive" storie te skryf. Hoe om diep te grawe en nie net 'n oppervlakkige storie te skryf nie.

My Afrikaans het ook baie goed verbeter - ek het myself vir eens en vir altyd van daai hangup oor Afrikaans bevry. Ek het ook geleer hoe om te motiveer vir 'n storie wat ek baie graag wil doen. Vir die eerste keer het die woord "angle" 'n betekenis vir my gehad.

Dit was 'n plek waar jy jou idees met ander kollegas kon wissel, sonder om soos 'n moegoe te voel. Almal het maar mekaar gehelp, want almal wou 'n goeie eindproduk sien.

Wat ek van *Vrye Weekblad* gaan mis, is die passievolle uitbarstings oor wat in 'n storie moet of nie moet gaan nie. En ek wonder ook soms waar ek 'n plek gaan vind waar ek sommer so lekker sal kan vloek, sonder om te blik of te bloos.

En ja, wat my die meeste kwel, waar sal ek ooit weer sulke chutzpah teekom? Ons almal gaan dié leemte voel.







Bosnie-Herzegovina, 1993 (Foto: AP)

Indië, 1993 (Foto: AP)



Koeweit, 1991 (Foto: AP)




Bosnië, 1993 (Foto: AP)



Egipte (Foto: Sally Shorkend)



Berlyn, Duitsland, 1990 (Foto: AP)




Turkeye, 1991 (Foto: AP)



Joego-Slawie, 1992 (Foto: AP)



Saudi-Arabië, 1991 (Foto: AP)



Bagdad, Jordanië (Foto: AP)



Ethiopie, 1990 (Foto: AP)



Mosambiek (Foto: Sally Shorkend)



Angola (Foto: John Liebenberg)

# 'n Kruis tussen Morné du Plessis en Neil Young



CHARLES LEONARD was in die vroeë dae van *Vrye Weekblad* 'n jack-of-all-trades op die redaksie

AS eertydse sport- en musiekskrywer vir *Vrye Weekblad* dink ek dit is toepaslik dat ek my metafore so 'n bietjie mix en die koerant (dit sal vir altyd dit bly, die doodsbed-formaat ten spyt) as 'n kruis tussen Morné du Plessis en Neil Young sal onthou.

Soos Max du Preez aan *Weekly Mail* gese het, "Ons fade nie. Ons fokof", het Morne dieselfde gedoen. Hy was nog bleddie goed en kon nog beslis vir 'n ruk uitgedraf het, maar sy timing was goed gewees en nou onthou alle fans hom nog met sulke veraf eerbiedige oe.

Behalwe vir die obvious redes (was hy nie bietjie van 'n fascis nie?), onthou niemand vir Jan Ellis nie wat saam met Morné vir Suid-Afrika in die lostrio gespeel het. Ellis het aangedonner na hy van Suidwes na Transvaal toe gekom het en is toe uiteindelik gedrop oor hy die afdraende geslaan het.




Neil Young, anders as sy spanmaats in Crosby, Stills, Nash & Young, het nooit 'n embarrassment geword nie. Sy musiek is nog steeds innovatief - in fact, hy staan aan die voorpunt van wat generies beskryf word as grunge. Vra vir enige van die mense in die genre, Sonic Youth, Pearl Jam, ens - hulle noem hom die grandpa of grunge.

Jy kan nou miskien sê: ek verstaan die ooreenkoms met Morné, maar waar pas Neil Young dan nou in, want hy speel nog? Wel, moet nou nie ingewikkeld raak nie, sal ek antwoord. En, ek het nie so baie ruimte om 'n lang (en waarskynlik flimsy) argument uiteen te sit nie. Ek sal sê die ooreenkoms lê by *Vrye Weekblad* se guts en daai "edge" wat hulle gehad het veral toe dit nog 'n koerant was. Neil Young het dit.

Die ander ooreenkoms is dalk dat hy net soveel (so min?) hare as Max het (sorry vir die erge pun, maar is *Vrye Weekbald* nie 'n idee vir 'n nuwe Du Preez-publikasie nie?).

*Vrye Weekblad* was my eerste werk in die gedrukte joernalistiek. Hoewel dit dalk anders mag lyk, is dit waar ek die meeste geleer het oor die joernalistiek. Kosie "Lord of the Flies" Coetzee het my elke Donderdag so voor deadline gestuur om vir hom 'n longtom, toegedraai in bruinpapier, by die Diggers Inn se off sales oorkant die straat te gaan koop. Dan het ek langs Koos gaan sit, waar hy met die bier vasgeknyp tussen sy bene, tussen die slukke deur vir my vertel het hoekom hy besig was om Elsabé Wessels se copy te "butcher". Hy't dieselfde gedoen met my amateuragtige werk en dit het gehelp.

Nou sit 'n mens en skryf 'n obit vir iets so belangrik soos die koerant. En kyk, *Vrye Weekblad* was belangrik, want hy/sy't die regime aan die kaak gestel vir sy deurkankerde korrupsie. *Vrye Weekblad* het ook gespoeg (en meer) op daai karikatuur van die Afrikaner as 'n moegoe met 'n terras-voorkop, crimp-safari, dik gat en kak-en-brandewyn tussen sy ore. Ek weet dit klink al soos 'n cliché - wat dit egter nie minder waar maak nie - maar *Vrye Weekblad* het meer vir Afrikaans gedoen as wat 'n honderd konkelende Stigtings vir Afrikaans kan hoop.

As iemand wat nou vir die buitelandse media werk, gaan ek die *Vrye Weekblad* meer mis as net vir die voor-die-hand-liggende. Soos die BBC se Fergal Keane in die nuutste Spectator sê, dié spulletjie is geneig tot luigat-joernalistiek as dit kom by Afrikaners ("the gun-toting fascists among the ranks of Afrikanerdom are comparitively few, in spite of the overwhelming prominence given to them by (foreign) journalists"), en *Vrye Weekblad* was altyd 'n goeie voorbeeld om te gebruik in die argumente daarteen.

So vandag is 2 Februarie weer geskiedkundig as dit chaaila-tyd is vir een van die belangrikste koerante in Suid-Afrika se geskiedenis.

Dalk gaan ons weer *Vrye Weekblad* nodig hê oor so twee of wat jaar, wanneer ons nuwe regering te lekker begin regeer. God behoede ons dat dit sal gebeur, maar politici het maar almal daai geneigdheid.

***NS: Ek hoop dat almal wat tot vandag in*** Vrye Weekblad ***se diens was, goeie werk sal kry. Hulle verdien dit. As ek 'n koerant gehad het ...***

# ons spook voort



## Skrywer en joernalis HANS PIENAAR het 'n lang verbintenis met *Vrye Weekblad*: eers as mede-reisiger, toe as deeltydse sub-redakteur, later nog as nuusredakteur en tot die einde as medewerker

Jy ry in Jeppe af, draai by die eerste straat na die laaste mutiwinkel by die Yard of Ale verby tot jy die teken regs sien: Mad Max. Vir Motor Spares en Accesories. Dan moet jy begin parkeerplek soek. Twyfel jy nog, vra die ouens in die bakkie-wat-nie-wyk-nie, die loodgieter met niks in sy pype nie, nét bugs. (Dit help nie jy gee hulle jou naam se regte spelling nie, hulle sal jou nie glo nie).

Dan tree jy oor die tamaties op die trappe, en loer eers. As daar 'n klomp mense rondloop asof die plek aan hulle behoort, is jy OK, Max is nie daar nie. Dan sluip jy vinnig in, versigtig om nie op Pearlie te trap nie (as sy wit aanhet, lê sy soos 'n engel met 'n afbeen op die grond; as sy swart aanhet, op die bank soos 'n dief in die nag wat wag dat dit ophou reën).

Jy moet reg wees om te koes ingeval Ryk sy rekenaar rondklap want dit het sy subwerk ingesluk. Jy sak agter jou eie neer, en skryf éééénige stelling neer wat jy wil: Hamlet is die Man van die Twintigste Eeu. Rugby is 'n Spel vir Sissies. Daar is 30 000 sensors in Suid-Afrika. Niemand in die townships het al van Paul Kruger gehoor nie.

Dan gaan drink jy koffie by die sink en jy dink: nou hoe de... Maar moenie worry nie, iets sal gebeur om jou te inspireer. Hulle wil 'n man voor die venster stenig. Daar's 'n mal Hollander in die Mark. Pakke Novosti kom aan met stories oor Lenin se Russe wat Vigs verbind met sonvlekke. Die Regering se hoof-propagandis kom drink tee met 'n hele entourage, so baie van hulle dat jy agterna check of die teeservies nie ook hulle s'n is nie.

Daar is gedurig iemand wat stry. Oor die verskil tussen Boer en Afrikaner. Oor FW en kulturele wapens. Audrey wat instorm en sê: Iemand moet vir Max assassinate. Verkeerd gespel, natuurlik, met tien s'e. En Pearlie loop al teen die plafon.

Dan gaan sit jy weer, met jou maagseer wat met jou praat en koffiegal in jou ore, en jy begin skryf en jy skryf en jy skryf nog en dit help nie die telefoon lui, en die leerlinge kom in opstand, en die teleks spoeg sy muurprop uit nie: dit wil nie ophou nie.

Dis wat *Vrye Weekblad* aan my gedoen het, en dis moeilik om dit nie deur 'n erg persoonlike bril te sien nie. Want ek het by VWB aangesluit toe ek moeg was vir die lefties en hul ostrasismetjies en literêre rugstekies, en was vas van plan om nooit weer 'n boek te skryf nie. Om iets te bereik in die joernalistiek, die mug's game, soos Hemingway dit stel, was my nuwe doelwit.

As nuusredakteur is daar nie eintlik skryfwerk van my verwag nie. Maar daar was so 'n vitaliteit, so 'n pizzaz, so 'n gebeur teen die ondier (en soetlief), dat die teenoorgestelde gebeur het: Na enkele maande het ek amper onophoudelik geskryf. Eendag, toe ons op deadline skielik 'n gat in die koerant had, het ek 'n bladsy vol binne 'n uur geskryf..

Dis nie spog nie: dit was nie ek nie, dis die punt. Daar was 'n spook wat ons almal aangedryf het, sodat Jacques Pauw gaan praat met 'n regse wat hy vas glo hom eintlik wil skiet, of iemand anders doodsbleek van 'n township terugkom en sê: Ek gaan nooit weer so bang in my lewe wees nie.

Wat was daardie spook? Daar was 'n dringendheid aan alles. Ons was besig om te veg vir ons lewens. Nie die een wat in die doodskis gaan kom nie, maar die een wat ons vaders en moeders, of sommige van hulle dan, wou doodsmoor. Ons wou 'n beginsel vestig: Niks is taboe nie, nie 'n mooi naakte vrou op die voorblad nie, of 'n penis, of 'n giftige generaal wat 'n koppie koffie aanbied aan 'n kaptein wat sê nee dankie, liewers nie.

Sure, Max was maar 'n ou tiran. Ek is 'n hands-on redakteur, het hy altyd gesê, die probleem was net hy het gedink hy het tien hande. Maar 'n meer benevolent tiran sal jy nie kry nie. Ons moes soms baklei en konkel en tande kners, maar onder hom kon jy skryf wat jy nie kon droom om elders te skryf nie.

Vandag is daardie beginsel gevestig, hy/sy begin oral dinge. En ek het tot vandag nog nie opgehou skryf nie. Vergeet maar wat die regters gesê het oor Lothar die ou loodaar, niemand glo hulle tog nie. Om met die feite te kom, het nie gewerk nie, maar daar is nog baie ander maniere. Dit gaan oneindig moeiliker vir môre se regters wees om die waarheid te keer.

Vandag is nog net die winkel se teken daar: Mad Max. Spares en Accesories. Maar parkeer maar, loop 'n bietjie rond, die plek lyk klaar anders, maar kyk maar om jou, die mense daar is 'n hele ent vryer as vyf jaar gelede toe *Vrye Weekblad* sy deure oopgemaak het.

Aluta continua, ons spook voort.





# An open letter to Max du Preez

*Dear Broer,*

I will always call you BROER. I will always remember you as "een van my T-bra's". In fact I am a sucker for uncomproming, assertive and unpretentious people, and you happen to be one of them.

Do you remember how short my first and last job interview with you lasted? Five minutes. Within those minutes you decided to appoint me as an Advertising Mananger and I thought to myself this Boer has gone bananas. It was unheard of those days that a black person can manage a whole advertising department of a lily white publication. Nog erger was the fact that this was an Afrikaans weekly whose advertising and marketing was to be manned by a Darkie - 'n ousie nogal.

This was the most challenging post I ever got, Max, and guess what? That designation opened many doors for me locally, internationally and inter-continentally. Ta! Broer.

Working with my Boere was fun. Most weekends I would be dying to get back to the office which was like my second home. You had created a team of a closeknit family from people from different backgrounds. What a crew, my God! We worked hard in harmony, played hard at the Yard of Ale, swore such that taxi drivers would cry with envy. My Afrikaans is nou vrot van vloekery. Ta! Max.

On a more serious note I would like to celebrate the closure of *Vrye Weekblad*. We Africans just love celebrating. We slaughter beasts to celebrate and to mourn. I would love to slaughter a cow for you. As editor Zwelakhe Sisulu righteously put it: "*Vrye Weekblad* has closed down, but it did not fail". How true. Yes broer, you did not fail to fight tirelessly for human rights and the freedom of the press.


Those advertisers who spitefully deprived *Vrye Weekblad* of financial support should bury their heads in shame. For not only have they contributed to the folding of a reputable publication, they have also denied excellent journalists an opportunity to show the world just how talented South African scribes are. Advertisers should know that the role of the indepedent press is to guide and watch whatever Government is in power. Be it the NP, ANC or the CP.

What movie-maker can capture the vibe and the garb of *Vrye Weekblad*'s newsroom - 60's fully gathered dresses (direct from ouma's kist), scarlet red bellbottoms (you know whose), bald headed boere, jeans, and jeans and lots of jeans. Jeans. Broer, did you finally buy a suit?

Anyway, what streetwise sharp photographer can reflect the colourful dingy-de-luxe offices of *Vrye Weekblad*'s offices in Newtown? And what narrator could relate those memorable evenings when we gossiped about the Royals, the sellouts, the soccer mafia, the South African Nazis, the Exiles and "Inziles", the patronising fascist liberals, the monopoly of the print media and other juicy bedroomy associations? Maybe a gutsy author can pick up these pieces and write a book on *Vrye Weekblad* and folks.

There is life afer death, Broer. Long live! Vrye! Long live!

*Joyce Dube*




# Stil broers

## hier kom *VWB* se adrep



**ELIZE VILJOEN was *Vrye Weekblad* se advertensiebestuurder - ook getroud met 'n stigterslid van die blad, Jacques Pauw**

Na vyf jaar van vrou-van-'n-redaksielid en vriend van *Vrye Weekblad* wees, was dit 'n heerlike uitdaging om die advertensiedepartement oor te neem - nie heeltemal 'n departement met personeel ens. nie, maar tog. Die betrekking

sluit toe sommer bemarking ook in. Advertensiebestuurder beteken "glorified" adrep en bemarkingsbestuurder beteken "skakel met die drukker, hou 'n oog oor verspreiding en kry mense om posters op te sit". Alles behalwe "hier's 'n begroting, werk vir ons 'n bemarkingsveldtog uit".

Nietemin. Ons begin 'n nuwe voorkoms *Vrye Weekblad* en daar's baie werk om te doen. Vir die eerste keer moes *Vrye Weekblad* advertensies op die agterblad en binnevoorblad hê. Van 'n advertensiestruktuur was daar nie juis sprake nie. Hier en daar 'n advertensiemaatskappy se naam en 'n kontakpersoon, sommiges wat nie eers meer daar werk nie. Na 'n paar weke se rondbel en soek is die lys volledig en kon ek begin om met mense te skakel en afsprake te maak.

Wat doen jy as jy honderde rande se advertensiepakkette en verklarings aan al die advertensiedirekteurs stuur en later uitvind dat hy/sy nooit eers daarna gekyk het nie, of dit na sy mediapersoneel gestuur het nie? Jy hou jou nederig en stuur dieselfde pakket aan die advertensiebestuurder wat dit heel waarskynlik ook nie aan sy/haar personeel gaan aangee nie. As jy gelukkig is kom jy tog uiteindelik by die mediabeplanners uit. Met uitsonderings is hulle vreeslik jonk, met 'n klomp make-up of ontwerpersklere of albei, 'n helse attitude, praat net Engels en het nog nooit van jou publikasie gehoor nie - kan om die waarheid te sê nie eers die naam uitspreek nie. (Fraayhe Weakbladder, het een darem probeer.) Maar jy bly entoesiasties en laat hulle vreeslik slim en belangrik voel (hulle is vrek belangrik want jy soek 'n ad!).

Vir die meeste van hierdie mense het dit nie saak gemaak dat ons aan 'n uitgelese gehoor geskryf het, baanbrekerswerk gedoen het, of die enigste onafhanklike stem in die joernalistiek was nie. "I'm looking for figures, darling, and that's the bottomline." Pak jou sak en voertsek - kom weer terug as jy soveel soos *Penthouse* of *Hustler* of *Huisgenoot* verkoop. Dis half moeilik, want mens kry nie soveel intelligente Afrikaanssprekendes nie.

Ek neem nie almal kwalik wat nie by ons wou adverteer nie. Om die waarheid te sê, ek het 'n klomp simpatie met sommiges gehad. Hoe kan hulle dan adverteer by 'n publikasie wat oor die jare hulle Broederbond-kliënte afgekraak het of hulle regering omgekrap het? Siestog!

Maar dít het gesorg vir 'n paar heerlike vergaderings. Wanneer hulle in 'n kring om jou sit en jou toetakel met politieke vrae en alles wil weet van *Vrye Weekblad* se beleid en sy snaakse uitgesproke redakteur, weet mens dis waarom jy jouself toegelaat het om advertensies vir *Vrye Weekblad* te werf. Ten minste verwag niemand dat jy hoë hakke en 'n miniromp moet dra nie - jy's mos van *Vrye Weekblad* (daai Afrikaanse lefties).

Dis eers hier aan die einde dat ek gevoel het ons was besig om 'n advertensiedeurbraak te maak - ongelukkig te laat. As enigiemand daar buite weer 'n onafhanklike, Afrikaanse publikasie wil begin sonder respek vir die establishment (of die nuwe establishment) en dink hulle gaan dit dadelik volpak met advertensies - dis godsonmoontlik, vra my, die koek is al klaar te dun gesny en intelligente Afrikaanse lesers is op die onderste trap van die advertensieleer.

As jy 'n sakeman is deesdae wat wil wys jy is deel van die nuwe Suid-Afrika, then you go black and definitely English, darling.








Kwakwatsi




# alle fotos deur **Sally Shorkend**

Mosambiek





Alexandra



Koppies

Manie Maritz (Foto: Gideon Mendell)







# soos 'n trendy low-budget party in die onderdorp

PEARLIE JOUBERT het in Desember 1989 as joernalistiek-student by *Vrye Weekblad* begin werk en gou een van die beste feature-skrywers ooit in Afrikaans geword

DEADLINE-DAE het die layout-man met 'n bottel gin werk toe gekom. Deadline-oggende het die drywer-posman 'n joernalis op die blou bank voor die TV wakker gemaak - die een wie se storie 24 uur laat is. En deadline-aande het die redakteur óf ANC-Vrystaters óf polisiemanne in die Yard of Ale raakgesuip.

Vrydagoggende na die redaksie-vergadering - nadat konsensus bereik is dat die Weekly Mail gescoop is; afgeskryf is as boring-polities-korrek; en saamgestem is dat Jode en Ingelse geen sin vir humor het nie - het iemand altyd gedreig om te fokof. Of daad by die woord gevoeg.

Die joernaliste wat, gewoonlik onaangekondig en ondramaties, by *Vrye Weekblad* begin werk het, kon óf nêrens anders werk nie omdat hulle al oral gewerk en gefire is (die redakteur), óf omdat hulle nie die redakteur geken het nie (ekke en almal onder 25) óf omdat hulle niks anders gehad het om te doen nie (die ander) óf (in almal se geval) hulle met passie geglo het dat daar 'n sonnige lewe na Christelik-Nasionalisme, Sonja Heroldt, Voortrekkers, koffie-tafel glans-foto-boeke oor 'n sterwende Hendrik Verwoerd en die SAUK is. Maar hoofsaaklik: Skrywers wat geglo het in 'n lewe na die FAK en die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls.

Vir die Afrikaners wat nie swartmense kaffers noem nie; wat nie op skool genooi is om agter in die bus met een van die rugbymanne te vry nie; wat geglo het dat volkshelde soos Paul Kruger, Boerneef en NP van Wyk Louw eintlik maar net lekker ou daggarokers, womanizers en vuilgatte was; en wat eendag besef het dat selfs die dominee al met homself gespeel het, was *Vrye Weekblad* die enigste swyn die moeite werd om mens se pêrels voor te smyt.

*Vrye Weekblad* was, om dié rede, vir die redaksie eintlik een groot heerlik-bloederige bevrydingsoorlog en dan eers 'n koerant. Oorlog teen die Broederbond toe ander koerante lankal opgegee en 'n ander populêre drol in die drinkwater ontdek het.

Oorlog teen preekstoel-Afrikaans. Geveg in Afrikaans, deur Afrikaans-praters.

Wie kan anyway snaaks, sarkasties, sardonies, sexy of hartseer in 'n tweede taal wees? Wie kan iemand uitvloek in 'n tweede taal? Wie wil, anyway, 'n middeljarige (manlike) redakteur met 'n voorstedelike huis-verband, ongelukkige huwelik en lelike das probeer oortuig dat die gatvol-faktor nie net geld vir Ingilse lefties met puisies en oproep-instruksies van die weermag nie?

*Vrye Weekblad* is begin toe Nasionale Pers se joernalistiek-skool op Stellenbosch Universiteit vir my geleer het dat elke storie 'n mees belangrike feit het en dat die feit in die intro moet wees. Dat goeie joernaliste objektief is en nie hul eie menings het nie. Dat mans oor politiek, noodtoestande en die kommunistiese aanslag skryf en vroue oor oorstromings en bedreigde diersoorte in dieretuine.

En *Vrye Weekblad* stuur snotneus 20-jariges na Nasionale Party-kongresse, stel die enigste joernalis - seker in die wêreldgeskiedenis - wat nie kan tik nie, aan as senior joernalis. *Vrye Weekblad* vloek en belaster. En wanneer vyf mans met grys skoene en donkerblou pakke een van die tientalle dagvaardigings aflewer, skree die redakteur "skiet hom in die hol Jackson, Pa wil die vel heel hou". Wanneer die prokureurs effe witgeskrik terug na hul kantore gaan, skree die redakteur: "Opfok sal ons hulle opfok."

*VRYE WEEKBLAD* was soos low-budget parties in die onderdorp wat skielik ontdek word deur die kliënte van die trendy middestad spots. Max kon skielik weer, sonder vrees dat iemand sal dink hy is 'n Nasionale Party-ondersteuner, sy Vrystaatse beesboerbaadjie dra; die wit leftie-ekonome en politici en swart Zoeloe Witsstudente en menseregte-prokureurs kon weer erken dat julle tog vir Bart Nel op skool gelees het - die waaghalsiges mag selfs 'n ou Van der Merwe-grappie vertel of erken dat hulle ouma Afrikaans en nie Frans was nie.

Maar soos dit gaan met jols in die nuutontdekte onderdorp: Die novelty hou nie lank nie. Drie jaar gelede was Afrikaners wie nie kaki-uniforms onder in kaste weggesteek het nie, oulik. Nou is dit gelukkig swartmense se beurt.

Anyway. Daar is 'n lewe na Max en *Vrye Weekblad*.

# rowwe dae



TINUS HORN was twee jaar lank *Vrye Weekblad* se sportredakteur, maar dwarsdeur die bestaan van die blad was hy kunstenaar, spotprentekenaar en medewerker.

Ná twee jaar by *Vrye Weekblad* is ek weg sonder dat ek twee van my groot lewensideale kon vervul: Ek is nooit deur die veiligheidspolisie ondervra, of vir laster gedagvaar nie.

Louis Luyt het my darem uit die persbank by Ellispark geskop, maar as dit by street cred kom, tel dit net nie soveel punte nie.

In *Vrye Weekblad* se rowwe dae - die dae van "Dit wás Doepa se doepa" - was die sportredakteur se rol nogal 'n bietjie soos dié van *Sports Illustrated* se politieke korrespondent. Jy was daar, maar altyd so 'n entjie weg van die aksie.

Dit was nogtans fun. Wat is jou kanse om by *The Star* of *Beeld* 'n lid van 'n regte, egte moordbende raak te loop? By *Vrye Weekblad* was daar amper elke week 'n nuwe een. Of ten minste 'n bom op die voorstoep.

En die feit dat jou foon getap was, het jou op 'n vreemde manier belangrik laat voel, al was jy net besig om na Fulton Allem te luister wat jou vertel watter briljante gholfspeler hy nou eintlik is.


Die beste van alles was: 'n Mens kon skryf wat jy wou. Ek hoop dit werk nou nog so, want ek het 'n boodskap aan die vaal mannetjies, wat al jare lank *Vrye Weekblad* se ondergang voorspel, en dié week sekerlik 'n bietjie lekker kry: Aaaaaag, fok julle ook.


**noseWEEK**

Subscribe to noseWEEK fo only R104!
You save R12, get noseWEEK delivered to your postbox free, and get a free smalls ad insert.
Complete the form below and post together with your crossed cheque for R104,00, to:
Subscription & Syndication Services (Pty) Ltd, PO Box 44538, Claremont, 7735.

Title:........ Name:..........................................................................
Addres:..........................................................................
..........................................................................
..........................................................................Code:..............
Tel:.......................................Fax:..........................................
Free smalls ad (max 15 words)..........................................................
..........................................................................
..........................................................................

# die ontwerp *guerrilla*



*Vrye Weekblad* het baie keer die laaste vyf jaar in voorkoms verander. Partykeer net omdat die redaksie verveeld begin word het, ander kere in 'n ernstige poging om beter te lyk, soms selfs om meer lesers te probeer trek. Maar die ingrypendste verandering het in April 1991 gekom, toe 'n skraal, werklose skilder met 'n kaalkop en weird klere, **ANTON SASSENBERG**, die blad se ontwerp oorgeneem het. Die redakteur en die lesers het kort-kort in hul post toasties gestik met sy soms wilde ontdekkingsreis deur die gewoonlik saai wêreld van die tipografie. Maar dit was nie 'n jaar later nie, toe begin sy revolusionêre idees in ander publikasies insluip. Daar is al van hom gesê dat hy bladuitleg in Suid-Afrika meer beïnvloed het as al die Amerikaanse kenners wat die laaste paar jaar teen miljoene dollar na Suid-Afrika gebring is om koerante te herontwerp. Kollegas Christi van der Westhuizen, Llewelyn Roderick, Elize Viljoen en Esma Anderson het Sassenberg aan die kort hare oor 'n glas jenewer beetgekry

(Bladuitleg op dié bladsye gedoen deur Anton Sassenberg)

LR: **Anton, naas jou lyf nou, wat is vir jou die belangrikste ding?**

AS: My lyf.

CvdW: **Beskou jy voorkoms dus as die belangrikste ding?**

AS: Dis waarom ek 'n ontwerper is.

CvdW: **Maak dit jou nie 'n oppervlakkige mens nie - die feit dat jy glo voorkoms is die belangrikste?**

AS: Ja.

CvdW: **Is dit om daardie rede dat jy nog nooit *Vrye Weekblad* in jou lewe gelees het nie?**

AS: Nee, dit maak my baie diep.

CvdW: **Dink jy jy het lay-out in Suid-Afrika beïnvloed?**

AS: Nee. Dit het my beïnvloed.

EA: **Wie is vir jou die beste kunstenaar in Suid-Afrika? Jy het al gesê dat Braam Kruger naas jou die slegste kunstenaar in Suid-Afrika is.**

AS: Ja, hy is die tweede slegste kunstenaar in Suid-Afrika.

EV: **Jou favourite ontwerpers?**

AS: Iaan Bekker, Anselm Keifer, David Bowie, Brian Eno en Edward Hopper vir nou.

LR: **Is ontwerp belangrik vir jou?**

EV: **Watse vrot vraag is dit nou? Natuurlik is ontwerp belangrik vir hom. Dis so goed iemand kom op die lughawe aan en hulle vra hom "Do you like South Africa?"**

LR: **Kry jy 'n kick daaruit?**

Nee.

LR: **Kan ons jou nee as 'n ja vat?**

EV: **Ja, want hy het 'n werk nodig. Ons kan nie dat hy sulke onverantwoordelike goed kwytraak nie. Is ek sy agent of is ek nie?**

AS: Elize verkeer onder die indruk dat iemand die interview gaan lees.

LR: **Anton, dink jy jy sal kwyn as jy nie ontwerp doen nie?**

Nee. Ja, ek sal definitief kwyn as ek nie ontwerp doen nie. Ek sal nie geld hê om te kan eet nie.

CvdW: **Dus 'n fisieke verkwyning.**

LR: **Ja, ons is terug by die lyf. Die link**



**in bed with brenda**

**CHARL BLIGNAUT** joins **BRENDA FASSIE** in bed and discovers that the queen of South African **pop is more of a free spirit** than she is controversial. ***She tells him everything about herself,***

photographs by sally shorkend

We're standing waiting outside **Brenda Fassie's** modest home just next to Soweto, where she was at school and where she is loved by millions. We've been waiting since the morning to get the interview done. At about 3pm a new red sports car comes tearing round the corner. As she swerves past and into her driveway, Brenda shouts, "Typical me, I'm always late!". She's short, stylish, energetic and brightly dressed. We go inside. We decide to do the bedroom



**'naked girl at stones party'**

MARIANNE FAITHFULL was a high profile symbol of the Swingin' Sixties. She blazed headlines as Mick Jagger's lover, as a hardcore blonde sex kitten, a junkie folk\rock singer, a tragic tabloid Ophelia. *Telegrams From Hell* is a new cabaret on at the Market Theatre. Starring FIONA RAMSAY as Marianne Faithfull and directed by Vanessa Cooke, the show bounces off the headlines and symbolism to reveal the woman in its shadow. **CHARL BLIGNAUT** picks up on Faithfull's life

**hierso is die ontwerp en die lyf.**

AS: Ek ontwerp die lyf. *Vrye Weekblad* se lyf is shocking.

LR: **Anton, neem jy verantwoordelikheid daarvoor?**

AS: Ek neem nooit verantwoordelikheid nie. Ek maak maar net die kopie op die bladsy inpas.

EV: **Hy geniet elke oomblik daarvan. Ontwerpgewys, wie is jou rolmodel?**

AS: Ek kyk nooit na ander ontwerpers nie.

CvdW: **Sou jy nie sê *Interview* magazine beïnvloed jou nie?**

AS: Ek het nou die dag na die beste van *VWB* gekyk. Ek dink op ons beste was ons beter as *Interview*. Ek weet dit klink 'n bietjie rof want *Interview* het 'n heerlike identiteit maar *VWB* op sy beste het 'n heerlike identiteitskrisis gehad.

CvdW: **As jy kyk na die woorde in 'n kop, beïnvloed die betekenis daarvan die manier waarop jy die woorde uitstal?**

AS: Nee. Wat ek gedoen het by *Vrye Weekblad* was eintlik baie egosentries. Ek het 'n blad opgemaak soos ek gevoel het die dag. As ek lus was om Helvetica Light te gebruik, het ek. Ek het my eintlik glad nie gesteur aan die publikasie self nie.

CvdW: **Dink jy Max du Preez het 'n uitwerking gehad op jou uitlegstyl?**

AS: Hy was 'n sensor tot 'n sekere mate.

CvdW: **Tot watter mate? Dat jy tien bladsy agtermekaar moes heropmaak?**

AS: Nee, sewe.

LR: **Sou jy anders gewerk het as Max nie daar was nie?**

AS: Ja, dalk baie slegter.

CvdW: **Om watter rede?**

EV: **Omdat Anton ongedissiplineerd is by tye.**

AS: Dis nie waar nie. Elize glo alle kunstenaars is ongedissiplineerd. Ek het altyd gedink ek is ongedissiplineerd tot ek by *Vrye Weekblad* begin werk het. Ek het saam met twintig mense in die kantoor gewerk waarvan ek by verre die mees gedissiplineerde een was.

LR: **Jy wil nie name noem nie?**

Ek kan nie hulle name onthou nie.

LR: **Voorletters?**

AS: Ek sien die gesigte so vaagweg voor my.

CvdW: **Wat dink jy van die tydskrif-uitleg in hierdie land?**

AS aan EV: Wat moet ek sê? *Cosmo* is amazing?

AS: Ek dink nie daar is ontwerp in tydskrifte in Suid-Afrika nie. Hulle gebruik uitlegkunstenaars om hul kopie op bladsye neer te sit. Ek weet nie of dit sleg is nie nie want dis baie maklik vir hulle om 'n gegewe styl te volg. Ek weet net nie hoe hulle hoegenaamd vir langer as twee uitgawes geïnteresseerd daarin kan bly nie.

CvdW: **Wat dink jy is die probleem - die feit dat hulle geen oorspronklikheid het nie?**

AS: Is dit wat ek gesê het?

LR: **Een ding van *Vrye Weekblad* is dat dit nooit ophou verander het nie. En na 'n rukkie was dit hoe *Vrye Weekblad* was.**

CvdW: **So jy het nooit gedink dis nodig om eenselwig te wees nie?**

AS: Ek sal nooit kan glo dat mense regtig so dom is nie.

CvdW: **Het jy probeer om kopie deur jou lay out toeganklik te maak?**

AS: Nee, jy moet amuse deur jou lay out. As jy mense amuse, sal hulle die kopie lees.

CvdW: **Dink jy dus aan die leser as jy lay out doen?**

AS: As ek nie aan die leser gedink het nie, sou ek nie by *VWB* gewerk het nie.

CvdW: **Werklik?**

AS: **Hoekom is jy so geskok, Christi? As ek nie aan lesers gedink het nie, sou ek nie by publikasies gewerk het nie.**

EV: **Hy is humanisties.**

CvdW: **Maar jy wil nie eintlik vir publikasies werk nie?**


AS: Ek sou wou as daar publikasies was wat my kon akkommodeer. Ek dink nie daar is nie.

CvdW: **Hoekom dink jy is daar nie 'n groot aanvraag na jou talente ná *Vrye Weekblad* se afsterwe nie?**

AS: Ek dink hulle is bang vir my. Nee, weet jy, ek dink mense weet glad nie van my nie.

CvdW: **Tog het jy *Highveld Style*, *Femina* en *Cosmo* beïnvloed.**

AS: Dis die probleem. Ek dink nie mense kyk na 'n tydskrif en dink daar is 'n ontwer-




per wat daaragter sit nie. *Vrye Weekblad* was die eerste tydskrif in die land wat so iets gedoen het. Dis nie werklik ontwerpers wat tydskrifte ontwerp nie - dis lay out-persone.

Let's face it, Max was of baie braaf of baie stupid om my aan te stel.

**CvdW: Jy dink nie jy's 'n trend setter nie?**

AS: Ek twyfel. As daar 'n bewussyn daar buite was dat ek verandering aan tydskrifontwerp aangebring het, sal daar tog belangstelling gewees het. En daar was nooit.

**EV: 'n Profeet word nooit in sy eie land geëer nie.**

**EA: Hulle het jou dan onbeskaamd gecopy.**

AS: Ek het dit nooit gesien nie.

**CvdW: Komaan, jy het een keer die *Cosmo* oopgeflip en gesê hulle het hierdie kop en daai kop en so aan by jou gesteel.**

AS: Ek het nog nooit deur *Cosmo* geflip nie.

**EV: Wat van *De Kat*? Anyway, hier is 'n interessante ding: Anton het *Talk* se lay-out gedoen. Toe vat Republikeinse Pers sy lay out en gee dit vir *Scope* se editor om oor te doen want hulle het gedink hy weet beter. So. Waar sit Republikeinse Pers nou?**

**CvdW: Sekere van ons lesers het gevoel jou uitleg is ontoeganklik.**

AS: Ek dink nie anders is noodwendig ontoeganklik nie. Wat ek gedoen het, was dalk slightly anders as wat *Beeld* gedoen het...

**LR: Gaan jou lay-out nog verander?**

AS: Wel, toe ek *Vrye Weekblad* gedoen het, het dit omtrent elke week verander. Maar dit het opgehou toe ons 'n nuustydskrif geword het.

**CvdW: Hoekom staan die nuwe tydskrif-formaat jou nie aan nie?**

AS: Dit het te doen met die hele kultuur van ordentlik wees. Ons het baie hard probeer om ordentlik te wees en ek is nie baie ordentlik nie.

# a fool's paradise..

## but at least a paradise of sorts



ANDREA VINASSA was *Vrye Weekblad* se kunsredakteur tot Mei verlede jaar

IN defiance of the New Austerity imposed by our fearless editor, which, incidentally, precipitated my departure some nine months ago, I'm writing this in my Boere-spaghetti brand of English. For me, *Vrye Weekblad* was never about pioneering an alternative Afrikaans, freeing the language from the oppressor... I thought it was a pretty hot taal to start with, pungent, poetic, and, in the hands of anarchists like Ryk Hattingh and Max du Preez (they were responsible for the Friday morning posters), explosive. As an expressive tool, Afrikaans is unrivalled.

But I wasn't interested in all that Boere-angst. I wasn't railing against a morally rigid Afrikaner upbringing like many of my colleagues, so the heavy issues of language and culture bored me. Being the offspring of colonials from four different European countries, it's kind of difficult for me to keep a sense of ethnic identity. I just saw a gap to perpetrate some unorthodox journalism. I was drawn to the ethos which was created by a group of people with extraordinary passions who refused to conform to the mediocrity around them. I saw too, the potential for some serious fun.

EVERYONE THOUGHT I was nuts to give up my powerful and influential position as the film critic of the country's largest English-speaking daily - a million people a day read my reviews - to become the production skivvy for a decidedly unstable Afrikaans weekly with about ten thousand readers. Five years later, all I can say is that it was the most exciting five years of my life and that I'll never have a similar journalistic experience. Personally? Oh well, when your job is such a ball, you don't need a private life. For five years I subsisted on Milan Kafka's meat pies and cappucino. I didn't iron a stitch of clothing, didn't make a bed, didn't wash a dish, didn't entertain a mundane thought.

I could wax pompous about working for a publication with a mandate to bring about justice in our evil society... but it was more like jolling in a cheap spy novel. Max tries to present to the outside world a united front of busy *Vrye Weekblad* bees buzzing in harmony, but half the fun of working there was the conflict between the different personalities. I watched Max on television - butter wouldn't melt in his mouth - saying that we never disagreed on politics and such matters. All of us more or less agreed that Something Had to be Done About the Government, but that's where the agreement ended. Within that broad directive, we were eager to express a multiplicity of viewpoints which generated unbelievable conflict in the newsroom. Blood flowed often. Only the most ruthless survived.

At most newspapers editors surround themselves with sycophants in white shirts, assistant editors are promoted to deputy editors because they agree with each other. Not so with *Vrye Weekblad*. The paper seemed to attract the outsiders, the space-cadets, the ego-maniacs, the geniuses and the loudmouths. The newsroom was teeming with testosterone-charged Boere with beards, but under those beards beat hearts of individualists with agendas of their own. And the only difference between the men and the women was that we had no

beards. We learnt very quickly that to survive we had to stake out our territory.

Editorial meetings were battlefields... no polite euphemisms here. We were granted freedom of expression and, boy, did we use it. Criticism was often acrimonious and new recruits were dumbfounded (or maybe just bored?) at the viciousness of the arguments which were often esoteric and fought on matters of principle.

READERS WOULD OFTEN complain of inconsistency and chaos evident on the pages, but *Vrye Weekblad* derived its character from obstinate individuals who refused to compromise - a luxury no other publication can afford. If a shrink got hold of our psychographic profile he would have locked us away in a loony bin.

Much of the inconsistancy had to do with the absolutely crippling workload. We produced more copy in a week than most magazines produce in two months. The stress was unbearable because we were always breaking barriers, pushing out the frontiers, defying the legal system, pissing off the dominees, winding up the politicians and behaving like adolescents who had stolen dad's car.

*VRYE WEEKBLAD* OFTEN LOOKED like a cross between a master's thesis and a fanzine because we were eager to give our readers in-depth analytical stories without crushing them to death with turgid facts and theories. Because we were funded by worthy foreigners, we felt that we had to justify ourselves by producing everything bigger, better, deeper and more outrageous. Often we were very happy our funders could not understand the language for many of them were church types who would have been horrified by the profane nature of our humour.

In the beginning we would work through nights to get the paper out and feel invigorated in the morning, but as the years wore on it became more and more difficult to sustain those levels of energy. Max, of course, would say that his energy never flagged, but then again, when he bought a bromide machine, who had to shoot the bromides? Suckers like me. Dogged by relentless deadlines, some of us took to throwing spectacular tantrums.

We functioned on adrenalin, nervous energy, irrational rage and humour - the best and blackest kind. We veered between exhaustion and ecstacy. *Vrye Weekblad* was obsession-inducing and all-consuming.

A question most asked is 'what was it like working with Max du Preez?' The media loved to paint a romantic picture of Max the Tyrant, Max the Maverick, Max the Dissident Afrikaner and Max the Crusader leading his motley band to moral victory.

On one level he was all of the above (actually, he's a pussycat) but on another level some of us had to drag him kicking and screaming into more progressive territory. Max spent all his time trying to reign in the artists and madmen and (god forbid) writers of fiction trying to hijack his paper. If it was up to Ryk Hattingh, Anton Sassenberg and I, we would have changed the masthead every week.

In journalism cultural writers and news journalists are natural enemies. Editors of newspapers are not very bright when it comes to things intellectual. Max was more enlightened than most, but we (the cultural wing of *Vrye Weekblad*) still had to wage a fierce battle against the forces of anti-intellectualism. I wanted to keep my arts pages experimental, spontaneous and anarchic. I wanted to undermine and question the larger project of the rest of the newspaper and journalism in general, ie that so-called objective reality should take precedence over the emotive and the subjective.


Max was a champion of Die Gemiddelde Leser and a source of incredible tension was his belief that there were millions of readers out there just waiting to swell our circulation figures. The cultural wing felt that if Jan Alleman couldn't understand what we were saying, he could read *Huisgenoot*. We all wanted to believe that *Vrye Weekblad* would live for ever - Max just believed it harder than the rest of us.

I'VE ALWAYS WANTED to make one of those speeches that the MC makes at weddings. A corny thank-you speech. There are several people without whose help I would literally not have survived. Darryl Accone spent endless tedious hours keeping me company while I worked until two in the morning. He brought me takeaways and was with me on the night the bomb ripped through the beautiful front door of our office. The CCB had the courtesy to wait for Darryl and I to leave before they set off the device.

Freelancers had to endure a lot of abuse at my hands. Writers like Chris Pretorius, Ashraf Jamal, Nic Vergunst, Charl-Pierre Naudé, Clara Gerhardt, Elza Miles, Hamilton Wende, Henning Viljoen and Ivor Powell contributed to the controversy generated by the arts pages and often didn't get paid for their trouble. Also Kendell Geers toiled tirelessly to keep me out of the jaws of depression. That brilliant young thing Charl Blignaut saved my bacon right at the end when I thought I would go over the edge if I had to see another play.

What finally got me was the realisation that our small, but tenaciously loyal readership would simply not be good enough for conservative advertisers. I got bored with bashing my head against a wall of dominees (I wanted to unnerve them and drive them crazy, but Max said he refused to go to jail for a full-frontal male nude shot. Chicken) and taalpurists.

When I received a letter from some guy in Auckland Park wishing that I burn my tits off along with my bra, the reality of where we live started to dawn on me. For a short time we lived in a fool's paradise.. but at least we lived in a paradise of sorts.



# Ander soorte Boere



VIRGINIA KEPPLER was 'n skoongesig-Eersterus-meisie tot sy by *Vrye Weekblad* as leerling-joernalis kom werk het. Kyk hoe lyk sy nou!

Tyd gaan en kom, maar Vrye Weekblad sal altyd wees, al is dit net in gees. Dit is die woorde waarmee ek myself deesdae troos.

As jy nie kan werk kry nie want jy het geen ondervinding nie, dan gaan werk jy maar by Shoprite. En dit is ook die plek waar ek opgeeëindig het net voordat 'n oom met die naam van Don Mattera my voorgestel het aan 'n Boere-oompie met die naam Max du Preez.

Ek daag toe ewe netjies by Vrye Weekblad op een Maandagoggend vir 'n onderhoud. Die plek was deurmekaar en het geen indruk op my gemaak nie, want vir 'n Afrikaanse bruinmeisie soos ek was dit nie juis "hoog" nie. Maar nou ja, ek wou mos joernalis wees en volgens my oom Don was dit die beste plek vir sy opgetelde dogter om te gaan leer.

En so was dit dan ook, want die plek het my visie van hoe joernalistiek bedryf behoort te word, heeltemal verander. Mens hoef nie net te skryf oor dit wat jy hoor nie. Daar is iets soos jou eie opinie. Hier het ons ondersoekende joernalistiek toegepas. Ek het geleer dat mens 'n saak van alle kante af moet aanspreek om tot by die wortel te kom. Die dinge wat ek hier geleer het, sal ek toepas solank as wat ek gaan skryf. Vir my was VWB die beste skool om by te leer.

Hier het ek geleer wat spanwerk is en dat dit noodsaklik is. Mense het altyd gesê vir sulke klein groep joernaliste bring ons 'n baie goeie koerant uit. Wel, dit is omdat ons nie net kollegas was nie, maar 'n span. Ek het gou besef dat jy elke artikel met sorg moet doen, want jy steek nie jou redakteur in die skande nie, maar net jouself. Want elke artikel wat jy doen, is 'n weerspieëling van jouself en jou vermoë.

Ek het geleer dat Afrikaans 'n lekker taal is en dat ek trots kan wees dat dit my Moedertaal is. En die Boere wat sê Afrikaans is hulle taal, wel ek het nuus vir julle. Dit is my taal ook want ek is 'n egte Afrikaner!

Vir die mense wat altyd wou weet of VWB nie 'n "Boere-koerant" is nie, en of ek "darem goed behandel word". Die antwoord is nee, VWB was nooit 'n "boerekoerant", en ja, ek was baie goed behandel. Ek was dan die laaste baba wat VWB in die koerantwêreld groot gemaak het.

Dié was ander soorte Boere wat regtig nie kak gevat het van Boere met hul roere nie.

En dan was daar die gevloek. Sies! het ek in die begin gesê want ek is van daardie goedgemanierde, Godsdienstige meisies wat selfs op 'n stadium Sondagskoolonderwyseres was. Maar ek het gou uit gevind dat vloek deel was van VWB net soos wat ek later deel geword het daarvan, en nou vloek ek self soos 'n wafferse matroos.


En as jy nou regte gevloekery wou hoor, dan moes jy by gewees het as ons een van daardie redaksievergaderings gehad het. Pearlie het mos altyd gesê: "Daar is niks verkeerd met vloek nie, dit is net 'n ander taal". Dit was die einste Pearlie wat my altyd hard uitgelag het as ek woorde verkeerd gespel het. Ek moet sê ek het regtig eers soos 'n dronkvlieg gespel.

Dan was daar die gesuipery. Die Ontwerper val maar so met 'n bottel Gin Beefeater in die oggende by die deur in. Die redakteur kom partykeer van middagete af met 'n nip brandewyn en die ander spul vat sommer drank op skuld by die drankwinkel oor die pad. En so het ek geleer drink - nie baie nie, net so dat ek eendag kennis gemaak het met die Yard of Ale se toiletvloer. Nanna, dit was alles Max se skuld!


Nie net het ek nie gevloek nie, maar ek was baie sagmoedig ook, tot dat Christelle Terreblanche haar so vererg het vir my en een middag gesê het: "As jy joernalis wil wees, dan moet jy hardegat wees. In hierdie wêreld is daar nie plek vir sagsinninge mense nie."

En moenie praat van jou bek hou nie, O nee! Ons was dan so demokraties. As jy jou bek wou hou dan het jy nie hier gehoort nie, want VWB se mense het geleer om hul bekke vir "te g'n niks en te g'n niemand" te hou nie. Ook maar goed so, anders kak elke voëltjiebors-mannetjie op jou kop.

En vir daai Mickey cats wat lekker kry omdat ons toemaak: Ons fade nie, ons chise.



# Manie Maritz



(Foto: Gideon Mendell)

# sê dit

*Vrye Weekblad* se plakkate het vroeg al 'n soort kultus-gevolg begin kry - amper 'n lewe afsonderlik van die koerant gekry. Om die waarheid te sê, as almal wat mal was oor *Vrye Weekblad* se plakkate (en gesteel het om in die kleinhuisie op te plak) ook die blad gelees het, was *Vrye Weekblad* een van die heel grootstes.
Die plakkate was meestal die breinkind van Ryk Hattingh en Max du Preez wat laat in die week om 'n koppie koffie (Ryk drink nie) 'n klomp idees rondgegooi het. Ryk se spesiale bydrae was veral die draai wat hy aan 'n bekende sê-ding of idioom kon gee, soos die kleurplakkaat ORANJE, BLANJE, BLUES en KOM DANS KARABYN wat 'n artikel oor geweld moes adverteer.
Die bekendste van die plakkate was seker die reeks rondom die referendum. Die eerste een, 'n paar weke voor die referendum, was JA-NEE, opgevolg deur AG NOU JA. Toe kom NOU JA TOE die week voor die stemmery, met SO JA die week daarna.
Hier is 'n seleksie van *Vrye Weekblad* se bekendste plakkate.



Breytenbach-onderhoud



Bisho-bloedbad



Die einde van die Afrikaner Broederbond



Magnus, wie anders?



'n Onderhoud met Mimi Coertze



Piet Koornhof se liefdeskaperjolle



'n Vroeë Popcru-storie



Buthelezi wat nie met ander partye in die onderhandelingsbed wou klim nie



Pretoria



Die regses toe nie so gevaarlik nie

# op die paal

Vrye Weekblad

DAAR'S 'N DUIWEL IN JOU SKILPAD

Die Ninja Turtle-mode

V B

DORRE AARDE DORRE SIELE

Die droogte van 1990

Vrye Weekblad

BOP SE BOSSBOYS EN BWANAS

Artikel or Bophuthatswana

Vrye Weekblad

ONS LOER NA ET SE BBBBOUDE

Die Jani Allan-hofsaak

Vrye Weekblad

DIE PENIS MAGTIGER AS DIE SWAARD

Persvryheid

V B

SKINHEADS PRAAT KAALKOP

Johannesburg se skinheads

Vrye Weekblad

SKOLLIE WIE'T VIR JOU GEMAAK?

Tronkbendes

V B

STILLE **NAG** BLOEDIGE **NAG**

Die Boipatong-bloedbad

Vrye Weekblad

PSSST! WAT SÊ TAMBO?

Toe OR nog verban was

V B

SLAAN JOU OË OP NA DIE DUINE

St Lucia en die myne

Vrye Weekblad

PRAAT VAN DIE DUIWEL

Satanisme

V B

WAT RYM MET KRIEL?

Oor Hernus - en die antwoord was "siel"


De Klerk

# FW



SAMPIE TERREBLANCHE, Stellenbosse ekonomie-professor, was van die begin af op die direksie van *Vrye Weekblad* se moedermaatskappy. Vir geruime tyd het hy 'n rubriek met die naam Tuynhuys-monitor gehanteer. Hier is Tuynhuys-monitor se laaste sê

# verspeel sy kans om ware staatsman te word

FW DE KLERK is op 2 Februarie 1989 tot hoofleier van die NP verkies. Oor die afgelope 5 jaar het hy 'n belangrike plek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis verwerf. Dit is nie sonder rede dat hy met die Nobelprys bekroon en as een van *Time* magazine se manne van die jaar benoem is nie.

De Klerk is eèn van die vindingrykste politici in die land. Maar dit is miskien juis hier waar die probleem lê. Hy is veel meer 'n partypolitikus as wat hy 'n staatsman is. En hy is 'n nog beter verkoopsman as wat hy 'n politikus is.

## Die partypolitikus

DE KLERK se grootste partypolitieke prestasie is dat hy die gehawende NP-skip met sy swaar ballas van geakkumuleerde politieke begunstiging, nepotisme en korrupsie só in die stormagtige (onderhandelings-) see kon stuur dat dit in een stuk as 'n belangrike vlagskip aan die groot regatta van 27 - 29 April gaan deelneem.

De Klerk het sy vernuf as politieke strateeg telkens getoon "when the going was really tough". Dan het hy met verstommende kalmte, aansteeklike (maar tog naïewe) optimisme en altyd met daardie glimlag om sy mondhoeke, sy struwelende ministers, sy koukus en sy ondersteuningskorps met hom meegeneem. Om dit met die NP reg te kry, was 'n prestasie.

Van sy vyf jaar as partyleier was 1989 en 1992 waarskynlik sy moeilikste jare. Gedurende 1989 het die internasionale druk en die binnelandse onrus - te midde van 'n erg verslegtende

ekonomie - 'n hoogtepunt bereik.

Volgens betroubare inligting het Margaret Thatcher tydens De Klerk se besoek aan Londen in Junie 1989 aan hom gesê sy en die ander Westerse leiers wil Mandela gou vrygelaat hê en 'n onderhandelde skikking in Suid-Afrika wil sien. Tydens daardie gesprek én in die briewewisseling wat daarna tussen hulle plaasgevind het, het Thatcher dit glo baie duidelik gestel dat sy nie end-uit haar anti-sanksie-posisie sou kon handhaaf nie.

Om onder hierdie buitelandse druk in September 1989 'n verkiesing te veg wat gedreig het om 'n "hung parliament" op te lewer, het besonder hoë eise aan De Klerk se partypolitieke vaardighede gestel.

Ná sy opspraakwekkende toespraak van 2 Februarie 1990 het dinge vir De Klerk besonder goed verloop tot einde 1991. Hy en sy ministers het toe rede gehad om te glo dat hulle besig was om met hulle versteekte agenda te slaag, naamlik om die ANC in die onderhandelings te uitoorlê. Maar op 20 Desember 1991 het Mandela vir De Klerk by Kodesa I gekonfronteer met die boodskap dat as die NP "hard ball" wil speel, die ANC dit ook kan doen. Dit het die NP in 'n ernstige krisis gedompel wat tydelik be-redder is deur die Referendum-uitslag van Maart 1992.

**Die ryk (hoofsaaklik wit) bourgeois establishment kyk na ons Afrika-situasie nie alleen met Europese oë nie, maar ook met die oogklappe wat gemaak is van tjekboeke en aandeelsertifikate. Gevolglik is De Klerk en sy establishment se uitsig baie eng, hebsugtig en baie korttermyn georiënteer.**

Die eerste nege maande van 1992 moes vir De Klerk en sy ministers hel gewees het. Op 15 Mei het Kodesa II ontspoor en op 17 Junie het De Klerk hom teen die woedende skare van Boipatong vasgeloop. Die massa-optogte en die wegbly-aksie van Julie en Augustus het uiteindelik die besef laat insink dat die "street power" van duisende swart stemlose voete wat in die strate toyi-toyi, 'n bres kan slaan in die vermeende ondeurdringbare militêre, burokratiese en ekonomiese magstrukture van Pretoria en Johannesburg.

Ná die debakel op Ellispark (15 Augustus) en ná die bloedbad in Bisho (17 Augustus) het die weerstand van Pretoria begin verkrummel. Blykbaar het die Bush-administrasie op hierdie tydstip ook groot druk op De Klerk toegepas.

Gedurende 1992 het De Klerk telkens met groot bravade 'n sterk en kragdadige staanplek op die vir hom skuins en glibberige onderhandelingspad probeer inneem... maar telkens verder en verder teruggegly langs die kontoere van die onvermydelike.

Uiteindelik het die ANC en die NP op 26 September 1992 eenstemmigheid bereik oor die Notule van Verstandhouding. Hierdie notule simboliseer die einde van alle NP-pogings om die ANC te probeer uitoorlê. Dit is gelukkig dat De Klerk en sy ministers toe die onvermydelike aanvaar het. Hoewel die NP hierna nog verskeie flankoorloggies geveg het, was die slag gelewer.

## Die verkoopsman

OM UIT die moeilike hoeke te kom waarin Thatcher De Klerk in 1989 en Ramaphosa hom in 1992 vasgekeer het, het De Klerk minstens twee groot beleidsbolmakiesies gemaak. By albei geleenthede het hy met 'n vernuf wat alle verkoopsmanne hom kan beny, sy volgelinge om die bos gelei met die mooipraatjies dat sy beleidsbesluite (op 2 Februarie 1990 en 26 September 1992) in ooreenstemming met die beginsels van die NP was. Hoewel sy verkoopsmanstruuks telkens die nodige politieke dividende opgelewer het, moes hy waarskynlik heelwat aan geloofwaardigheid inboet.

Ná 2 Februarie 1990 moes De Klerk erg bont staan om te verduidelik dat sy Groot Toespraak in ooreenstemming was met die mandaat wat hy op 6 September 1989 van die kiesers ontvang het. Hoewel 'n mens simpatie met hom het - vanweë die bytende verwyte wat die verregses teen sy kop geslinger het - was sy "mandaat-storie" eenvoudig nie waar nie. Enigeen wat hieroor twyfel moet hom/haar maar net vergewis van hoe die NP in Augustus/September 1989 honde, helikopters, waterkanonne en blatante verdagmakery teen die vreedsame betogings van die MDM - én teen die DP - gebruik het om daardie soort vreespsigose te skep waarsonder die NP nie meer 'n verkiesing kan veg nie. (Ons wag om te sien watter vreesaanjaende dierasie die NP vir die April-verkiesing uit die hoed gaan haal.)

In veral 1990 en 1992 het De Klerk sy ondersteuners mak en tevrede gehou deur hulle herhaaldelik en uitdruklik die versekering te gee dat die nuwe grondwet aan minderhede (soos die blankes) 'n statutêr-verskansde veto sou verleen.

Van 'n statutêr-verskansde vetoreg (in die kabinet) het weinig tereg gekom in die interim-grondwet van Desember 1993.

Joe Slovo het die uitvoerende gesag van die interim-regering tereg as 'n "Cabinet of Togetherness" beskryf. Die ANC het tydens die onderhandelinge aan die NP die troosprys gegee dat vier NP-ministers vir 5 jaar in die kabinet teenwoordig kan wees, maar sonder die mag om enige kabinetsbesluit te veto! Dit sal ook nie in die Parlement kan gebeur nie - behalwe wetgewing oor die nuwe grondwet.

In *Time* magazine (3 Januarie 1994) verklaar De Klerk dat hy geen "fundamental concessions on principle" gemaak het nie, maar slegs toegewings oor praktiese aangeleenthede. Dit is eenvoudig nie waar nie. Uit die oogpunt van 'n fundamentele beginsel is die gaping tussen 'n "entrenched veto" en "entrenched togetherness" in die kabinet so groot soos die Stille Oseaan. Vir daardie ondersteuners wat sy verkoopspraatjie glo, wag 'n Groot Ontnugtering ná 27 April.

Dit moet betreur word dat De Klerk hom met dubbelpratery bedien het in die propagering van sy onderhandelingsideologie. Hierdie land het meer as genoeg gehad van NP-hoofleiers - van DF Malan tot by PW Botha - wat telkens die kiesers op die dwaalweë gelei het met Groot Ideologieë wat op erg twyfelagtige "waarhede" gebaseer was.

Dis moontlik dat die geskiedenis De Klerk sy wit leuentjies - om sy beleidsbollemakiesies te vergoelik - sal vergewe. Dit is maar soos politiek bedryf word, sal mense sê. Gelukkig was albei beleidsbollemakiesies reusagtige spronge voorwaarts. Tog jammer dat die man dit nie as sodanig wou erken nie - ter wille van die waarheid en ter will van die opvoeding van veral daardie (80 persent?) blankes wat nog onder die Groot Illusie verkeer dat die blanke kammaland onveranderd moet bly voortbestaan - en ook gaan bly voortbestaan.

## Die staatsman

MAAR wat die geskiedenis De Klerk beslis nie gaan vergewe nie, is dat hy die gulde geleentheid om uit te styg tot 'n staatsman, volledig deur sy vingers laat gly het. Die rede waarom hy nie hierdie geleentheid kon benut nie, is omdat hy die (organisatoriese) gevangene geword het van die NP en die bourgeois establishment se seksionalisme, hul materialisme en hul groepselfsug.

De Klerk het oor die afgelope vier jaar die ideologiese leier en beskermheer van die NP en die bourgeois establishment geword. Dit is opvallend hoe entoesiasties hy hom bedien met die retoriek en die waarde-oriëntasie van Thatcheristiese kapitalisme en met die naïewe "growthmanship" kenmerkend van die Oppenheimerskool.

Die ryk (hoofsaaklik wit) bourgeois establishment kyk na ons Afrika-situasie nie alleen met Europese oë nie, maar ook met die oogklappe wat gemaak is van tjekboeke en aandeelsertifikate. Gevolglik is De Klerk en sy establishment se uitsig baie eng, hebsugtig en baie korttermyn georiënteer. De Klerk sien dit as sy amptelike taak om die gevestigde belange, én die gevestigde bevoorregting van die bourgeoisie, só te beskerm dat dit so ongeskonde as moontlik sal bly in die Nuwe Suid-Afrika. Gevolglik kan die verkiesing maklik ontaard in 'n onverkwiklike klassestryd tussen die ryk bourgeoisie (én die opkomende petite bourgeoisie) enersyds en die hoofsaaklik swart werkerstand en werkloses andersyds. So behoort dit nie te wees nie.




As synde die "grootbaas" van die bourgeois establishment - sowel vanweë sy eie oortuigings as vanweë die invloed van sy binnekring - is dit nie verbasend dat De Klerk so min begrip en empatie toon met die sware lewenslot van die armste 40 persent van die bevolking nie. Dit is eweneens nie verbasend dat hy tot nog toe botweg geweier het om uitdruklik te erken dat rasse-kapitalisme en apartheid tot 'n groot hoogte vir sowel die wydverspreide (swart) armoede as die onhoudbare skerp ekonomiese ongelykhede verantwoordelik is nie. Albei hierdie stelsels berus op magstrukture wat tot swart uitbuiting en verontregting in Suid-Afrika se "eeu van onreg" gelei het.

Die ander kant van hierdie selfde munt is tog dat die meerderheid van die blankes buite verhouding met hulle verdienste (struktureel) verryk en geëmbourgeoiment geraak het.

Of De Klerk en sy bourgeois establishment daarvan gaan hou of nie, hulle sal vir etlike jare moet opdok: óf ter wille van groter regverdigheid, óf ter wille van groter sosiaal-ekonomiese stabiliteit - maar eintlik ter wille van albei.

Sonder 'n redelike minimum van regstellende maatreëls sal dit beslis nie moontlik wees om omstandighede te skep wat gunstig vir buitelandse kapitaalinvloei en vir ekonomiese groei sal wees nie.


Dit is tog so duidelik soos daglig dat 'n ANC-regering geen ander keuse gaan hê as om 'n rekonstruksiebeleid te implementeer om sowel die ergste (strukturele) armoede as die ergste (strukturele) ongelykhede uit die weg te ruim nie. Waarom is De Klerk dan so kortsigtig dat hy nie reeds ná 2 Februarie 1990 die inisiatief met so 'n beleid geneem het nie?

Die antwoord is voor-die-hand liggend. Hy het nóg die oortuiging, nóg die mannemoed, nóg die vryheid om reguit aan sy bourgeois establishment te sê dat hulle opofferings ter wille van strukturele regstelling én ter wille van sosiale stabiliteit sal moet maak. Indien De Klerk wel bereid en in staat sou wees om dit te doen, sou dit van onskatbare materiële en simboliese betekenis gewees het en sou dit wondere gedoen het vir die belangrike versoeningstaak wat voorlê. Maar nou weet ek nie so mooi nie.

Die feit dat De Klerk herhaaldelik pleit dat ons die verlede moet vergeet en net vorentoe moet kyk, is tipies van 'n verwende bourgeoisie, maar in ons situasie is dit baie sorgwekkend. Geen bevolkingsgroep - en allermins die blanke Suid-Afrikaners - durf hulle verlede vergeet nie. Die blankes sal vir 'n geslag of twee 'n sosiale gewete en 'n sosiale bewussyn oor die onreg wat hulle gepleeg het, lewendig moet hou as hulle vir hul 'n (gemeenskaplike) tuiste hier wil vestig.


Juis vanweë De Klerk en sy establishment se onwilligheid en onvermoë tot bewustelike boetedoening - in sowel simboliese as konkrete terme - is die geskiedenis oënskynlik reeds besig om 'n ironiese speletjie met hulle te speel. Ná 27 April gaan De Klerk en vier NP-ministers deel van die "Cabinet of Togetherness" wees. In hierdie hoedanigheid sal hulle van baie naby kan waarneem hoe die kabinet weekliks besluite gaan neem oor 'n rekonstruksiebeleid om tot 'n bevredigende hoogte vir die onreg van die verlede te kompenseer, sonder dat die NP-vyfmanskap enigeen van hierdie besluite sal kan veto én sonder dat hulle hul medepligtigheid daaraan sal kan ontduik.

Die meul van die geskiedenis maal stadig, maar seker.





Nelson Mandela
(foto: Sally Shorkend)

Bloedrivier
(foto: Roger Bosch)



Transkei
(foto: Guy Tillim)





Sean Taylor
(foto: Sally Shorkend)



Jeanne Goosen
(foto: Pearlie Joubert)



# Siesa, gagga!

## Het julle dan nie respek vir beskaafde standaard-Afrikaans nie?

*Vrye Weekblad* torring die taal los, kry so 'n paar taai klappe en toe praat en skryf almal maar so. Redaksielede gesels oor *Vrye Weekblad* se omstrede gebruik van Afrikaans

JA, die taalgebruik. Hoeveel kritiek het ons tog daaroor gekry. Maar ook: hoeveel ander, veral jongmense, het die losser gebruik van Afrikaans geniet, die stoutigheid, die kragwoorde wanneer ons iemand aanhaal wat so praat, en die spreektaal wat Engelse woorde insluit.

Hoekom wou ons Afrikaans so gebruik? Max du Preez verduidelik: "Daar was 'n gaping tussen die Afrikaans wat gebruik is deur die sprekers van die taal en die Afrikaans wat in die koerante gebruik is. Die gaping was so groot dat dit onnatuurlik was en Afrikaans geen guns bewys het nie.

"Van die begin af het ons gesê: Maar dis nie óns Afrikaans nie. Daarmee sê ons nie dat dit nie goed was om 'n goeie kennis van Afrikaans te hê nie, inteendeel, maar ons het besluit om te sê: Wie is hierdie outjies wat die reëls oor ons taal maak? Al hierdie jare was dit middeljarige Broederbond-manne met grys skoene, aangestel deur die Akadamie, wat vir ons gesê het hoe om te spel, hoe om te praat en hoe om te skryf. En volgende jaar bring hulle 'n nuwe woordelys en spelreëls uit, en dan moet ons almal soos skapies agterna.

"Nie net het dit 'n geweldige kloof tussen skrywers en gebruikers van die taal gebring nie, maar ook 'n weersin."




SÊ INA VAN DER LINDE: "Afrikaans is in 'n borstrok ingedruk deur mense wat agter die lessenaar sit en woorde uitdink sodat dit tog net nie te veel na Engels klink nie. Die kreatiwiteit van die taal is gesmoor. Ons het later nie meer geweet hoe om spontaan en skeppend met woorde om te gaan nie. Ek onthou die voorskrifte elke week van die Kaap af toe ek nog by *Beeld* gewerk het: dié en daai het op bladsy so en so hierdie voorsetsel of woord gebruik. Dis nie só nie maar dit moet só geskryf word.

"Ek het 'n ding teen mense wat eenvoudig die Engelse sinstruktuur wil neem en dit dan net so in Afrikaans wil oorklank. Maar ons het van taal wragtag so 'n gesofistikeerde, bekrompte leerstuk gemaak dat mens te bang was om buite die waters te loop vaar".

Max: "By ons was die maatstaf wat klink lekker en voel goed. Elke mens is 'n interpreteerder van die taal in die volksmond. Wat maak mens om nie soos 'n dominee of 'n landdros te klink nie? My maatstaf was altyd om my oë toe te maak en te dink hoe sou ek dit op straat vir iemand sê. En as jy nie self seker is nie, gaan toets dit by die volgende ou."

EN ONS HET baie kritiek gekry oor die gebruik van Engelse woorde. Max: "Mense het meewarig hul koppe geknik en gesê: sies, dis swak taal. Dit omdat ons woorde soos townships, establishment, Aids, constituency, bandwagon, ens, begin gebruik het. Woorde wat te veel betekenis verloor as jy dit vertaal. As Sandton oorwegend swart word, dan sal dit 'n swart woonbuurt wees. Maar Alexandra en Nyanga en Mamelodi is townships. Vandag doen ander koerante dit ook. Ons het gehelp maak dat Afrikaanse koerante taal losser gebruik."

Dis die enigste redding vir Afrikaans. Klim af van die preekstoele en verhogies, skuif die akademiese kateder eenkant toe en praat die taal soos wat dit gegroei het en lekker warm op die tong lê.

Joernaliste uit die "bruin" gemeenskap het ook 'n interessante inset by *Vrye Weekblad* kom lewer sover dit die taal aangaan.

Soos Audrey Brown wat in 'n Engelse Katolieke skool was waar sy Engels gepraat het, maar by die huis Afrikaans. Brown het gesê: "Kyk, ek weet nie hoe praat julle Afrikaans nie, maar ek kan nie bybly nie. Julle bly neuk en vroetel aan 'n ding wat kan klaarkom sonder 'n geneuk. Hoekom moet Afrikaans nou reëls kry waaroor ons ons cultural weapons moet uithaal en oor moet baklei? So what as die taal nie suiwer is nie?

"I mean, hoekom het die Here vir ons twee official tale gegee as ons dit nie kan mix nie? En besides, hoekom het ons al daai ander tale wat die lekkerste woorde en konsepte het wat ons kan gebruik?"

Beverley Mitchell sê: "In die Kaap is daar 'n verskil tussen die middelklas-mense en die working class. Die working class praat Kaapse Afrikaans, terwyl die middelklas Engels praat. Ek het in 'n middle class-omgewing grootgeword en ons was skaam om Afrikaans te praat. As iemand jou vra dan sê jy: I can't speak that language.

"Eendag het ek by UCT 'n *Vrye Weekblad* opgetel en gedink: maar dis mos verstaanbaar. Die taal was progressief, polities sensitief. Dit het die stigma van die ruling class en apartheid weggevat. Die taal was amper poëties. En die lekker Kaapse vloekwoorde soos moer, fok, en bliksem - wat maar deel is van ons taalgebruik - was absolutely wonderful. Vir my en baie ander het dit die taal aanvaarbaar gemaak. Hier was 'n blad wat ons geaccomodate het."

Martie Meiring sê vir haar was die korrekte weergawe van hoe mense 'n akademies inkorrekte - maar lewende - taal gepraat het een van die groot taalgawes wat *Vrye Weekblad* aan die volk gegee het. Kontreitaal het bekend geword met die baie onderhoude wat met mense oor die spektrum gevoer is. "Nou kon jy rêrigwaar lees hoe mense praat, so van Blomfontein, en vrimme manne, en hoe ou swartmense nog 'n argaïese, pragtige Afrikaans gebruik. 'n Knipsel wat ek gemaak het was bv van hoe dr Johan Heyns in een van die, verskoon my, eindelose Broederbondartikels aangehaal word: 'Is daar nie ook in jou lewe dinge wat geheim is nie? Praat jy met ieder en almal oor jou sekslewe? As jy en jou vrou twis, bly dit mos 'n geheim tussen julle!' Kan jy jou voorstel dat die pous van die Afrikaans kerk so padlangs met 'n ander, sogenaamd gerespekteerde, koerant sou praat? Dis omdat hy vryer gevoel het om so te praat met *Vrye Weekblad*."

En dan was daar Namibia. 'n Handvol taalpuriste het hulle maande lank omtrent natgemaak elke keer as *Vrye Weekblad* Namibia eerder as Namibië gebruik het. En *Vrye Weekblad* se argument was eenvoudig: Dié gewese kolonie het nie in sy nuwe grondwet 'n amptelike skryfwyse van sy naam op Afrikaans neergelê nie. So dit was in die skoot van die praters en skrywers om te besluit. Daar was voorbeelde soos Ethiopië en Zambië wat al vas is in die volksmond, maar Namibia was 'n nuwe besluit. En hier was die geleentheid om 'n land waarin Afrikaans 'n populêre taal is, se naam eenders in al sy tale te spel sonder dat die uitspraak juis aangetas word. En die a-einde is darem nie vreemd nie, soos in Pretoria.

Ons lesers het in die begin baie gekla. Mettertyd het hulle begin om daaraan gewoond te raak.

Vir dié wat opgehou het om *Vrye Weekblad* te lees weens die taalgebruik, sê Max: "Ag shame. Julle was nie deel van die mees opwindende joernalistiek in Afrikaans nie. Omdat ons 'n ou k-woordjie of 'n f-woord gebruik het soos wat Afrikaanse mense - selfs die hoofouderling! - elke dag in gesprekke gebruik, of 'n Engelse woordjie, het hulle besluit om terug te gaan en die Ou Buiger gelees. Dis nie ons verlies nie. Dis hulle s'n."

OOR DIE BESLUIT om *Vrye Weekblad* tweetalig te maak, was daar ook heelwat argumente. Die idee was om te protesteer teen Afrikaner-eksklusiwiteit enersyds en andersyds om mense te akkommodeer wat nie Afrikaans kon lees nie - veral ons swart lesers en uitgewekenes. Maar op die ou end het dit nie eintlik 'n verskil gemaak aan ons leserstal nie. Dit het nie gewerk nie.

Die besluit om terug te keer na 'n eentalige tydskrif, het saamgegaan met die gevoel dat die gety gedraai het. Dit is tyd om nou op te staan en te sê ons is Afrikaans en Afrikaans is oraait.

EN OOR DIE grappe: Vir elke ou wat die donder ingeraak het, was daar 'n ander wat lekker gelag het. Ons was met tye te stuitig, so een of twee keer het skerp woorde deurgeglip wat kon gebly het. Maar die oomblik wat dit in druk verskyn het, het ons dit besef en agterna probeer regmaak. Maar ons was nooit pornografies nie, ons was nooit sensasioneel en in swak smaak nie.

In elk geval pas die moral re-armamenthouding nie by moderne Afrikaanssprekendes nie. Sê Max: "Een ding is baie belangrik. Ons was nooit 'n Broederbond-Rapportryers-NG Kerk-Boerekoerant nie. Ons het bloot dieselfde taal as hulle gebruik. Ons het nooit onderskeid gemaak tussen wit, bruin of swart lesers nie. Ons het teen rassisme en eksklusiwiteit geveg. Al die pad.

"En as daar één ding is waarop ons nogal trots is, is dit die guns wat ons aan die taal Afrikaans gedoen het - deur dit te destigmatiseer, maar ook deur dit losser en meer sexy te maak.

"Ons was deel van die beweging om Afrikaans terug te hijack na waar dit hoort: by die gewone mense wat dit praat."



# die verbygaan van die tyd



## Prof GERRIT OLIVIER van Wits was lank *Vrye Weekblad* se boekeresensent en literêre ghoeroe

LANGS my lê daar 'n stapeltjie boeke waaroor ek nie meer in *Vrye Weekblad* geskryf gaan kry nie. Laat ek hulle name noem: Kerneels Breytenbach se *Glimlag*, Petra Müller se *Die dwerg van die Infanta en ander verhale*, *Geniet die oorlog, die vrede gaan erger wees* deur PH Roodt en Klaas Steytler se *Toe die wêreld nog anders en ek nog jonk was*.

Met die sluiting van *Vrye Weekblad* verdwyn daar 'n onafhanklike en uitdagende stem wat in die weke en maande voor die verkiesing gemis sal word. As leser vind ek dit 'n verdrietige gebeurtenis, maar miskien méér nog as gereelde medewerker.

Toe ek genader is om tweeweekliks op hierdie bladsye oor nuwe Afrikaanse prosa te rapporteer, het ek my byna boeglam geskrik vir die hoeveeldheid werk wat dit behels. Maar algaande, soms met 'n armdraai van William Pretorius as 'n resensie teen spertyd nog nie gefaks is nie, het ek daarvan begin hou.

Af en toe was daar 'n blaaskans om te dink aan die dilemma van 'n resensent. 'n Gereelde resensent loop die risiko om iets aakligs te word: 'n boekhouer, 'n lykbesorger wat al om die ander week aan nog 'n boek of twee sy rusplek toeken.

Vir die leser wat sy of haar skryfsels moet verduur, kan dit baie erg raak, maar erger nog is die gevoel wat die resensent self mag kry dat hy 'n meule is waardeur 'n boek gemaal word en dan as resensie anderkant uitkom.




In die afgelope ses maande het ek soms self in *VWB* gelees wat ek tien dae gelede geskryf het en sonder uitsondering gedink: dit moes nog bygevoeg word, hier het ek iets misgelees, iets verkeerd geformuleer. Ek het bewus geraak van dié resensent wat ek nooit sal wees nie.

As die resensent nie ook liefhebber bly nie, sal al sy moeite verniet wees. En liefhebber moes beteken in hierdie geval: aandagtig lees, met eerbied vir wat die boek probeer bereik en probeer wees. Dit is hierdie aanvanklike aandag en oopheid, iets wat deur elke boek opgeëis word, wat aan die kritiek sy bestaansreg gee.

Die komponis John Cage het aan die einde van sy loopbaan die standpunt verdedig dat dit moreel 'n hoër staat is om die stilte te beluister. 'n Mens hoef nie heeltemal aan sulke radikale sienings te glo nie om te weet dat elke boek 'n plek vul waar daar vroeër stilte en woordloosheid was.

Wat die resensent moet doen en byna nooit regkry nie, is om die boek in sy eie stilte duideliker te laat spreek. Want die resensent is die dienaar van die boek - en van die leser. Boeke bevat miskien die mees intense kommunikasie wat daar kan bestaan, en in dié proses is die resensent wat hulle deesdae noem 'n fasiliteerder, niks meer en niks minder nie.

Die gedagte wat onlangs weer uitgespreek is dat 'n resensent "maar net" 'n mening gee, is 'n gevaarlike gedagte. In die volle besef dat hy natuurlik net 'n mening gee, probeer die resensent iets oor die boek uitspreek wat 'n geldigheid en waarde buite sy toevallige vookeure om sal hê.

Voordat dit dalk te vriendelik mag klink, moet ek bysê dat die resensent se verpligtinge om met eerbied te lees en met sorg te formuleer, gekwalifiseer word deur die presisie en sorg wat in die boek aanwesig is. Oor slegte boeke val daar min te sê.

Oor goeie boeke, daarenteen, is daar altyd méér te sê. Daarom is die interpretasie en waarde-oordeel van die resensent altyd iets voorlopigs - 'n eerste woord oor 'n teks wat altyd weer bekyk kan word soos wat dit deel word van ons gesamentlike besit.

Die twee aangrypendste boeke waaroor ek hier geskryf het - Koos Prinsloo se *Weifeling* en *Hierdie lewe* van Karel Schoeman - het 'n vermoede bevestig wat ek al lankal het. En dit is dat die letterkunde miskien maar één tema het: die verbygaan van die tyd en ons gesukkel om met daardie feit in die reine te kom.

Afrikaanse boeke was my tema, en van Afrikaanse boeke was daar 'n enorme produksie in die afgelope tyd. Oor die redes hiervoor kan 'n mens net spekuleer. Deel daarvan is 'n nuwe ontdekking van die mark, deel daarvan is die dringendheid om deur middel van literatuur te probeer bevry.

Vermoedelik is daar ook 'n soort oorlewingsdrang hieragter, gebore uit die besef dat die Afrikaanse literatuur nie net meer op sy politieke geloofwaardigheid kan teer nie. Die spektrum van tekste het wyer geword.

Of dit altyd gepaard gaan met diepgang, betwyfel ek. Noudat bemarkbaarheid op die voorgrond kom, is dit moontlik dat maklike verteerbaarheid al hoe meer 'n kenmerk sal word van Afrikaanse boeke - en inflasie 'n eienskap van die resensiewese. Lees 'n mens wat die Afrikaanse kritiek te sê het, sou jy byvoorbeeld kon dink dat 1993 'n jaar van meesterwerke was.

Ten slotte: Rondom elke boek is daar 'n

# ’n vrye boekewêreld waarin die gesprek kon gedy



Boekeredakteur WILLIAM PRETORIUS kyk na die komplekse omgewing van die boek en hoe dit in *Vrye Weekblad* aangebied is

NA so 'n paar *Vrye Weekblad*-uitgawes, het 'n kennis gemeen: "Dis 'n interessante keuse boeke wat julle aanbied, maar wat is jul beleid?" Dit het my laat kopkrap.

Watter beleid het 'n mens dán vir 'n boekeblad, as dit nie net oor boeke as sulks gaan nie? As mens die woord "boek" gebruik, dan gebruik mens mos 'n woord wat een van die mees opwindende en stimulerende simbole van 'n kultuur beskryf. Ook een van die mees komplekse simbole.

Interessant genoeg het ek ook gevind dat "boek" ook die konteks omvat waarin dit versprei word, verkoop word en beskikbaar gestel word. Dit beteken om in boekwinkels (daardie band tussen boek en publiek) te snuffel, dit beteken ook die verhouding tussen uitgewers en verkopers, en die probleme wat met die invoer van boeke en die hoë pryse ontstaan. "Boek" beteken ook biblioteke en hul funksies, dit beteken ook die skrikwekkende hoë ongeletterdheidsyfer. Boeke is, kortom, 'n verwikkelde wêreld met sy eie kultuur en politiek.

En dis maar net die begin."Boek" is nasionaal en dis internasionaal.

As ons 'n normale samelewing in Suid-Afrika gehad het, sou ons 'n wye, onbeheerde toegang tot die wêreldliteratuur gehad het - ons sou kon kies en keur uit al die wye -ismes en literêre teorieë - ons sou al die bande wat die literêre kompleksiteit so wonderlik maak, kon saambind: die invloede, die nasionale, kosmopolitiese, inheemse, ingevoerde, eklektiese. Dit skep beslis 'n baie ryk landskap.

Die jammerste ding omtrent die verdwyning van *Vrye Weekblad* is die klomp stories wat nog gedoen moet word. Boeke wat wag om bespreek of gelys te word. Die boekeblad het al bewys dat ruimte nodig is, dat die indringende gesprek nodig is - daar's 'n sterk saak uit te maak vir die gereelde, weeklikse voertuig wat die boekewêreld kan bekend stel aan lesers.

Dis belangrik dat die atmosfeer waarin sulke besprekings gedoen word, vry moet wees. En dis wat *Vrye Weekblad* gebied het: vryheid om met boeke om te gaan op 'n volwasse, indringende manier. Dis die kosbaarste toegewing aan die joernalis. Dit het Max du Preez, as redakteur, aan my gegee terwyl ek vir hom gewerk het. Ek is dankbaar daarvoor.


---


verskeidenheid instansies wat daardie boek en beskikbaarheid moet verseker. Ná die skandelike jare waardeur ons gekom het, is dit belangrik dat die belange van skrywers en lesers en studente gedurig onder die aandag gehou word.

Verwikkelinge in die uitgewerswese, die boekhandel, openbare biblioteke en die belangrikste van almal: die groot projek van geletterdheid, regverdige gereelde dekking in tydskrifte en koerante, miskien selfs 'n blad wat hom op hierdie dinge toespits.

Ek groet u.

---



# Lothar Neethling versus Vrye Weekblad: nuwe getuienis




Regsgeskiedenis gaan waarskynlik nog in die omstrede lastersaak tussen genl Lothar Neethling, gewese hoof van die SAP se Forensiese Afdeling, en Vrye Weekblad gemaak word.

Die Appèlhof het laat verlede jaar bevind dat hulle nie kon besluit wie om te glo nie, en toe besluit dat Vrye Weekblad aan Neethling skadevergoeding skuld nadat Vrye Weekblad vroeër geskryf het dat hy gif verskaf het waarmee teenstanders van die regering vermoor moes word.

Vrye Weekblad hou vol dat sy inligting heeltemal korrek was en dat die laster dus geregverdig was.

Vrye Weekblad het nou besluit om dieselfde regters te vra om hul bevinding eenkant te skuif en die saak te herverhoor nadat nuwe, opspraakwekkende en verdoemende getuienis na vore gekom het.

Dié nuwe getuienis kan nie in dié stadium in besonderhede uitgespel word nie omdat die regsproses nog aan die gang is, maar dit behels in breë trekke die volgende:

- Van die polisiemanne wat by die SAP se Vlakplaas-eenheid gestasioneer was, het nou na vore gekom en hulle beskikbaar gestel om in 'n hof volledig oor hul ervarings met en deelname aan die moordbende-aktiwiteite te getuig. Van dié getuies het tevore voor die Harms-kommissie van ondersoek na moordbendes ontken dat enigiets wat Coetzee gesê het, waar is.
  Nou is hulle bereid om te vertel hoe hulle aangesê is om te lieg en vir Coetzee te diskrediteer. Hul nuwe getuienis staaf elke aspek van Coetzee se getuienis wat nie deur die Appèlhof aanvaar is nie.
  Van die getuies was tydens kritieke oomblikke van Coetzee se moord- en vergiftingsveldtog saam met hom. Hulle kan onder meer getuig oor die moord op die menseregte-prokureur, Griffith Mxenge, die moorde op die ANC-gevangenes Peter Dlhamini en Vusi Mavuso en verskeie invalle in Suid-Afrika se buurstate.
  Van hierdie polisiemanne het na hulle vroeë uitdienstreding uit die SAP geldpakette van tussen R350 000 en R1 miljoen ontvang - waarskynlik om hul stilswye te verseker. Van hulle het egter nou besluit om te praat.
  Polisiemanne wat ná Coetzee se vertrek nog in die mag aangebly het, is ook bereid om in besonderhede te vertel oor aktiwiteite van die sogenaamde Derde Mag en ander ernstige ongerymdhede in die SAP.

- 'n Ou vriend van genl Neethling gaan vertel hoe Neethling trots aan hom vertel het hoe hy 'n nuwe gif ontwikkel het waarmee mense vermoor kan word. Die generaal sou aan hom gesê het dat al wat 'n nadoodse ondersoek kan bevind, is 'n hartaanval.
  Coetzee het getuig dat die gif wat Neethling aan hom gegee het, 'n hartaanval sou veroorsaak.
  Neethling het in sy getuienis ontken dat die SAP ooit gif sou gebruik het om aktiviste mee te vermoor.

- 'n Oud-polisieman wat niks met die teen-insurgensiemag by Vlakplaas te make gehad het nie, wil getuig hoe genl Neethling aan hom in die kroeg by die Forensiese Afdeling van die SAP in Pretoria gesê het dat hy aan hom 'n kapsule sou gee wat hy vir die Kaapse ANC-leier Tony Yengeni kon gee wat hom aan 'n hartaanval sou laat beswyk.

- Nuwe getuienis sal gelei word wat sal bewys dat Neethling en Coetzee mekaar wel in 1981 geken het - 'n feit wat ten sterkste deur die generaal ontken is.

Een van die probleme met van die nuwe getuienis is dat daar heelwat intimidasie van ander senior Vlakplaas-polisiemanne plaasvind. Van die lede wat al begin praat het, word gedreig as hulle verder hulle monde oopmaak.

Die getuies het egter aangedui dat hulle beslis ná die verkiesing van 27 tot 29 April bereid sal wees om onder eed in 'n hof die waarheid te vertel.

In die Appèlhof se uitspraak sê regter Hoexter onder meer oor Coetzee se verhale wat nou volledig gestaaf word: "In regard to what was the crucial issue in the case Coetzee was a single witness with a grudge against the SAP and a motive to misrepresent. He was a criminal whose many misdeeds included crimes of dishonesty. ... In that part of his evidence which inculpated the appellant there was grave improbability."

Oor Neethling se getuienis sê Hoexter hy was "unable to agree with the adverse credibility finding which the trial judge made against the appellant. Still less am I satisfied that the testimony of Coetzee should be preferred to that of the appellant.

# Die Regters van die Ou Orde teen die Pers van die Nuwe



Die maandblad *noseWEEK* is deesdae die skerpste pen en die fynste vergrootglas in die media van Suid-Afrika. Die redakteur is die doyen van ondersoekende joernaliste in Suid-Afrika, Martin Welz. *noseWEEK* het in sy jongste uitgawe veel te sê oor die Appélhof se verstommende uitspraak in die lastersaak tussen generaal Lothar Neethling en *Vrye Weekblad*, waarin die vyf regters byna elke faset van die uitspraak van die verhoorregter, Johan Kriegler, met minagting verwerp het. Hier volg uittreksels uit Welz, wat self met die saak gemoeid was, se ontleding van die hofsaak

Looked at dispassionately, the balance of probabilities has always been very much against the Chief Justice, Michael Corbett, and the other Lordships of the Appeal Court in Bloemfontein heralding the way to a New Order of justice and liberty in South Africa.

And, as that court has declared, it's the balance of probabilities that counts.

The issue has been brought into sharp focus by the Appeal Court's recent judgement in the case of General Lothar Neethling against *Vrye Weekblad* and the *Weekly Mail*. The demonstrable errors of fact and logic contained in the Appeal Court's judgement; the ignorance, and the attitude and outrageous assumption of the judges, not only demand repudiation. They also suggest that a very serious reassessment of the Appeal Court, as it is presently constituted, is urgently called for.

Not only did the judges find Coetzee's story unbelievable. They went futher and found that "The readers of the *Weekly Mail* (and *Vrye Weekblad*) had no possible legitimate interest in having communicated to them these untested, and largely hearsay, allegations by an informant whose credibility and motive alike were suspect."

Also the credibility and commitment to the public good of the press received short shrift from the Appeal Court: without any evidence or argument, the motive of the two newspapers in publishing Coetzee's story was declared fatally suspect - simply by virtue of the court's own amateur - and arrogant - assumptions about how the press functions and what its motives are generally. For this purpose the court elevated the personal, prejudiced and otherwise banal view of the press expressed by Chief Justice Corbett in an earlier case, to the status of law:

Corbett first expressed his view of the press in the now notorious "Sage Holdings" case (where, too, it was totally unwarranted by the facts). In the Neethling/*Vrye Weekblad* case, Corbett's views are quoted, without further ado, as a "useful" authority for demanding the press out of hand:

"There is a wide difference," (said the perceptive Chief Justice, by way of introduction) "between what is interesting to the public and what it is in the public interest to make known.

"The media have a private interest of



Generaal Lothar Neethling en sy vrou

their own in publishing what appeals to be public and may increase circulation or may increase the numbers of their viewers or listeners; and they are peculiarly vulnerable to the error of confusing the public interest with their own interest..."

TO SETTLE THE issue of the credibility of "the media", in the Neethling case the Appeal judges found it "not inappropriate" to, in addition, quote a rhetorical question (a quaint euphemism for an expression of vicious prejudice?) posed by one Lord Macnaghten in 1908:

"Is it in the interest of the community, is it for the welfare of society, that the protection which the law throws around communications made in legitimate self-defence, or from a *bona fide* sense of duty, should be extended to the communications made from motives of self-interest by persons who trade for profit in the characters of other people?"


"So much for the law (on the matter of the rights of the press)," concludes Mr Justice Hoexter - and four Appeal judges, Nestadt, Nienaber, Nicholas and Chief Justice Corbett himself - nodded their concurrence, thereby damning the motives of *Vrye Weekblad* and *Weekly Mail* in publishing Coetzee's story as selfish, vulgar and malicious.

The judges may just, I believe, in fact have damned themselves. (But the subject of the press and the law, as raised in this case, is such a major one that that it must wait to be dealt with in a future edition).

To the probability of the actual existence of police hit squads, most significantly, the Appeal Court gave no consideration at all.

Are we condemned to accept this judgement as the last word on all these very serious subjects? Surely not!

Those who, like the judges of the Appeal Court, think that it is most improbable that General Neethling (and those of his status in service of the Afrikaner Nationalist State) would in the Seventies and Eighties have been party to killing the (mostly black) enemies of the Apartheid State, may continue to think so. On the other hand, these people who, with all their own intelligence, wisdom, knowledge and experience of life is South Africa (judges, readers might be amazed to learn, do not have a monopoly on those commodities) - on the farm, in the police - on hearing Coetzee's story, found it



entirely credible, are entitled to believe otherwise.

A thought: Their Lordships could, of course, themselves have been party to the killing of several such enemies of the Afrikaner Nationalist State - probably labelled by the courts at the time as "terrorist" and "agitators". [They only gave the orders - Ed]

Unlike judges, newspapers do not condemn people to death, to imprisonment, or to pay heavy financial penalties and ruinous costs. The press does not claim Papal - or Appeal Court - infallibility. The press does not punish those who beg to differ, or who think the judge (of the information) - in this case the editor - is an ignorant, arrogant arse. The result is that many do think - and say - just that. Errors in an Appeal Court judgement are therefore far more serious than errors in a newspaper report.

THERE ARE MANY serious errors in the Appeal Court's judgement. The Court is shockingly amateur in its reasoning and insights - apparently not only ignorant about the role of the press and how it functions, but when it comes to analysing and understanding the evidence of Captain Coetzee, ignorant of the philosophy of logic and knowledge, and of the well developed field of social sience.

Has the lack of a cultural and intellectual component in the training of lawyers finally reached our Appeal Court? South African lawyers have long since not been required to read the classics of Western thought and Civilization. They are not trained in logic or even the basics of the philosophy of knowledge; instead they are forcefed a mass of ineptly drafted and increasingly arbitrary rules, precedents and conventions, accumulated by generations of mediocre South African lawyers and law makers, who have been demonstrably arrogant, insensitive to the dictates of morality and devoid of respect for their fellow Citizens.


But before we deal with some of the errors in the judgement, how - on a balance of probabilities - are we to rate the credibility and moral judgement of the current Appeal Court of the Republic of South Africa? And it's commitment to truth and justice and the human rights of all South Africa's people?

ONE OF THE features of Afrikaner nationalism was its need to escape from the standard and demands of the civilised world. And the Appeal Court of the Republic of South Africa, as it exists today, is that Afrikaner culture's handiwork. Might it not be fair to argue that the probabilities are that the Appeal Court of the Republic is fatally tainted by it's own life "beyond the law" - it's forty years of loyal service to apartheid, found by the rest of the world to be a crime against humanity?

The legitimacy of the court derives neither from an aristocratic idealism, as did that of the classical judgement commited to the search for justice (Let Justice Prevail, Though the Heavens come Crashing Down, remem-



Kapt. Dirk Coetzee

ber?), nor from a democratic foundation; it derives from the naked power of a fascist state.

Lest We Forget.

Until the recent token appointment of Mr Justice Mohammed, every single one of the judges currently on the bench in South Africa was appointed by, and met the approval - and racial criteria - of an undemocratic, authoritarian, racist Afrikaner Nationalist government. All of them were happy to accept that approval and appointment. (Chief Justice Corbett himself became a judge in the Cape in the era of Hendrik Verwoerd, and an Appeal Judge by the grace of John Vorster.) All are white. All are male. (Miss Justice Leonara van den Heever is undoubtedly the exception that proves the rule.)

Is it surprising, therefore, that South Africa's courts lack a broader, cultured and informed view of the world, and moral sensibility?

NOW LET'S look again at one of those elements of Coetzee's story that the Appeal Court judges found so improbable as to be impossible to believe: Judge Hoexter finds Coetzee's behaviour in obtaining poison from General Neethling to be totally bizarre, to the point of being unbelievable. Why, he asks, would Coetzee want or bother to use a poison which was supposed to be untraceable in the corpse, in a case when there was no need for this subtlety? In a case where, in the end, they would in any case shoot the victims at point blank range and then incinerate their corpses?

There was no need for the court to be puzzled. Coetzee's motive for wanting to use poison is clearly stated in the record. "I thought poison is a better method of killing, a bloke... than shooting him at a point blank range while looking him in the eye," he says. It is noteworthy from his evidence, that while Coetzee was party to several murders, he did not personally execute a single one of the victims in cold blood. He witnessed colleagues do the deed, or ordered or authorised others to do it. Coetzee is always consistent. To anyone who has chosen to take a pet to a vet to be "put to sleep" rather than, slaying the creature himself with a blow to the head or a bullet through the brain, the motive is perfectly comprehensible.

Judges condemn men to death, but prefer not to have to do, or even witness, the hanging theselves. It is, after all, purely a question of aesthetics - rather than of morality. According to Coetzee's account, three attempts, with increased dosages of the poison supplied by Neethling, failed to have any effect on the victims. Their Lordships find it totally incredible - and therefore reason to dismiss Coetzee as a liar - that a leading toxicologist such as Neethling might provide a poison that did not work.

It appears their lordships have not read a decent detective thriller for a while either, or they might have been able to work it out. (They have also not read the history - as recorded in official congressional records - of similar bungled projects conducted by Neethling's senior scientific colleagues in the CIA, or they would not have found the possibility nearly so unbelievable.)

The Judges need, in fact, only have read Coetzee's evidence with more care and then applied some logic: Coetzee not only says poison appealed to his sensibilities; there are clear indications in his evidence that it was to be used on the two victims as an experiment. He told the court that he had gathered from Neethling that the poison had been used successfully in experiments with a sheep. Think about it - no matter how accomplished a scientist Neethling is said to be, he or any of his colleagues in the Western World are unlikely to have had much chance to conduct clinical trials on a sample of human subjects to prove the efficacy and establish the dosage of a drug which they believed would precipitate fatal heart attack and then be untraceable in the corpse. The reason why Neethling (as alleged by Coetzee), or, for that matter, anyone else involved in developing such a drug might have supplied it for use on victims

The Appeal Court and Supreme Courts can hardly claim to have been the standard bearers of rationality, principle and justice in the past half century, which might otherwise have justified the hundreds of millions it costs the taxpayer each year to keep "their Lordships" (for so it pleases them to be called) in the style to which they have become accustomed. With very rare exception, they have long ceased to be of service to the ordinary man. Costs are so prohibitive, and the risk of arbitrary and eccentric judgements so great, that only the very rich, the criminal and the insane willingly make use of their services.

South Africa's court of last appeal has now declared that the public had no right to be informed of the continually growing body of evidence which indicates that servants of the state have secretly, and on a nationally organised scale, been murdering, molesting and otherwise terrorising opponents of the government.

It's none of our business, the judges say. As far as these judges are concerned, two of this country's very few independent newspapers must be put out of business for daring to believe otherwise. For, make no mistake, when the Appeal Court judges, in their discretion, ordered Vrye Weekblad and Weekly Mail to pay costs far in excess of a million rand each, that is what they must have contemplated. - noseWEEK se redaksionele kommentaar



who, in the normal course of events, were to be shot and incinerated anyway, are therefore completely rational, if still reprehensible: they presented a rare opportunity for a clinical trial in order to establish whether the drug was as effective in killing humans as it was in precipitating fatal heart attacks in sheep.

THIS ALSO EXPLAINS another aspect of Coetzee's story which the Judges found damningly unbelievable: they simply cannot understand why Coetzee and colleagues should have travelled around the countryside for nearly two weeks with the two victims in tow, periodically trying a different dosage of the drug on them - without success - before shooting them.

I should say that the particular clinical trial "conducted in the field" simply revealed that the drug was better at giving sheep heart attacks, than it was at giving human beings fatal heart attacks. Of course this clinical trial was so limited that, to be perfectly scientific, we would have to allow for the possibility that black ANC members have a particular immunity which a respected Aryan toxicologist could not be expected to predict.

The drug was obviously not essential for the actual extermination (uitwissing) of poor "Peter" and "Vusi" [nowhere in the appeal courts judgement do their lordships do the unfortunate victims the courtesy of mentioning their surnames, so that it is not clear if they were foundling minors (synde optelkinders), or merely "boys" as traditionally described in certain old South-African circles - ed.] But if the efficacy and the required dose of such a drug could be proven (and according to Coetzee's own statement, it clearly had not been, or General Neethling would not still have had reason to ill-treat sheep with it, or have had need to ask those who administered it to the human victims to keep note of their observations), it does not take an Appeal Court judge to realize that such a drug could be a devil in the hands of a secret killer- and dirty tricks department.

The Medici's already understood the value of being able to kill a victim in such a way that the actual killer and real cause of death might not even be suspected - let alone be traced. That's if you know who the Medici's were.

**In next month's *noseWEEK*: The Press and the Law: The appeal court makes findings about Coetzee which are, to my direct personal knowledge, simply untrue. Why should I, a mere journalist, know better than a full bench of the appeal court? And what right have I to say it?**

# briewe

## Johanna de Beer skryf:

You're closing down and I am saddened. Yours was a unique voice and for me, a reference point in these changing times.
I'll miss so much - Max's editorials, Nettie's recipes, the exciting design, the film reviews...
You'll not be forgotten.
Thank you.

## Monica Viljoen van Fochville skryf:

Baie min dinge kan my depressief kry, nie eens om die ma van vier tieners te wees kry my onder nie. Slegs wanneer my huishoudster en vasvatter nie opdaag nie bly ek morbied tot sy weer aan diens is.
Die ander ding wat my in 'n diep donker put gegooi het was toe ek lees *Vrye Weekblad* gaan nie meer my lewe opkikker nie. Ek kan onmoontlik nie onbepaald depressief bly nie, so wat van 'n alternatief soos 'n nuusbrief, of kan ons nie weer die tonnel na Krugersdorp se bank oopgrou nie? Daar moet net eenvoudig 'n plan wees vir sulke eensame alternatiewe denkers op klein plattelandse dorpies soos ek.
Jy het soveel vermag tot nou toe, komaan, span daai kreatiewe brein van jou in! Daar is baie meer mense wat na jou kyk as wat jy van kan droom.

## Robin Brink van Durban skryf:

Met ongelooflike skok het ek gehoor dat *Vrye Weekblad* nou 'n deel van ons geskiedenis is. Ek skryf as 'n Engelsprekende Suid-Afrikaner wat die koerant van die begin af geken het.
U en u medewerkers en verslaggewers het 'n uitmuntende 'job' gedoen. Wie gaan nou al die korrupsie, onregverdigheid en skynheiligheid ontbloot? Ons het rêrig 'n koerant/tydskrif soos *VWB* nodig - veral na April 27. Dit is baie jammer en treurig dat u so 'n beslissing moet neem. Ek, my gesin en vriende sal *VWB* mis.

## Corné Scheepers van Balfour skryf:

In Maart word ek agtien. Ek het groot geword in 'n Afrikaner gesin op 'n klein plattelandse dorpie. Anders as die meeste van my vriende stel ek nie belang in die tipies regse geur van alles wat in ons distrik om my gebeur het nie, en was ek meeste van die tyd salig onbewus van die linkse kant van ons samelewing. Dit was heel waarskynlik maar die manier waarop ons geslag op die platteland groot geword het. Ons koop gereeld die *Vrye Weekblad*, en




lees dit graag. En dit is slegs in die laaste paar jaar dat ek tot die besef gekom het van die skade wat deur die groot 'A' aangerig is, en die gevaar daarvan om alles maar net te aanvaar soos wat dit vir jou gevoer is.
Ek is bewus daarvan dat die *Vrye Weekblad* op 2 Februarie vir die laaste keer sal verskyn. Maar ek besef ook, danksy u blad en u program Donderdagaande op radio, dat Max du Preez nooit sal gaan lê nie. Daarom het ek gevoel dat ek u vroegtydig in kennis moet stel van my toekomsplanne. Ek gaan hierdie jaar matriek voltooi, en daarna joernalistiek studeer (moontlik ook 'n Honneurs- of Meestersgraad). U sal weer 'n alternatiewe blad die lig laat sien, ek weet dit vir 'n feit. Die deursnit Afrikaner is nie bombastiese 'kaffer'-haters nie, en ons almal smag na intelligente, onafhanklike




leesstof wat die waarheid kan vertel. Ek wil beslis deel wees daarvan. Bewaar asseblief hierdie brief, en beskou dit as my aansoek om indiensneming in u redaksie, wanneer u na vier of vyf jaar weer die golf van journalistiek gaan ry.

### Chris Claassen van Brooklyn skryf:

Gaan julle mis. Daardie eerste uitgawe (was dit die einde 87?) toe julle die ou Groot Krokodil so vreesloos aangevat het, het ons al geweet: Hier's uiteindelik 'n boerestem teen apartheid en die muwwe ou orde. As die val van die ou era eendag in die geskiedenis beskryf word, sal julle rol ook daar staan. Dis jammer julle waai nou, want wie gaan die nuwe magshebbers se gatte op Afrikaans skop as hulle droogmaak? Hamba Khahle, thanks for the memories, rus in woedende vrede, en al daai jazz. (Het iemand vir my 'n tissue?)

### Roelien Lotter van Orania skryf (namens 'n groepie jong Afrikaners):

Net 'n kort briefie van simpatie met die tragiese heengaan van *Vrye Weekblad*. Wát 'n groot teleurstelling om jaar vir jaar te sien hoe die verskeidenheid nuusblaaie op Afrikaanse mark net minder en minder word. Al het julle ons volkstaters soms minder goed en soms meer goed behandel, was *Vrye Weekblad* darem altyd 'n prikkel gewees. Nou is hy deel van die "collector's items". Miskien was een van *Vrye Weekblad* se latere probleme dat hy nie meer die alternatiewe stem in Suid-Afrika was nie. Dalk moet julle bietjie 'n draai kom maak by die alternatiewes in Orania. Wie weet ons het dalk vir julle nog 'n werk hier. Hoe lyk dit met 'n "Vrye Volkstaatblad".
Ons wou al baie keer 'n alternatiewe klip in die bos gooi. Maar weens die tegnologie wat Orania nog nie getref het nie, het die handsentrale nie sy kant gebring nie. Dra asseblief die boodskap oor dat Orania hard aan die werk is om deel te wees van die oplossing in Suid-Afrika. Ons wens die Nuwe Suid-Afrika sukses en vrede toe. Kom ons maak ruimte vir mekaar.
Groete uit die volkstaat.

### Lochner de Kock van Melville skryf:

'n Hartseer-Blybrief vir oulaas. Hartseer oor die leë Vrydae wat nou voorlê, en die kinkverlies wat swaar gaan lê op die hart. Maar bly oor wat julle vir almal in ons land kon beteken. Dankie dat julle altyd vreesloos en eerbaar in die front-linie kon stry vir geregtigheid en menslikheid. Julle waagmoed het die vryheid vir vele beteken.
Ek groet julle (voorlopig) met deernis, dankbaarheid en eer.
Majebuje Max & Kie!




### Lauren Wilson van Morningside skryf:

Having just read that your publication is to close down I wanted to write and say that I have read *Vrye Weekblad* religiously ever since I first discovered it, I am a great fan. It was a source of great value to me in my





studies and later in my working field. I am very sorry to hear that they've finally got it right and closed the door on you. I will miss your publication and the power that it had to make people think, something they do with great difficulty.
I wish you and all your staff the very best, perhaps things will change, it is said everything has a season, and will pass. I just wanted to say that there are many of us who will be the poorer for this as we were all enriched in some way by your *Vrye Weekblad*.

### Anne-Marieke Steeman van die Holland Committee on Southern Africa in Amsterdam skryf:

We were very sorry to read in the Dutch newspaper *Het Parool* of yesterday that Het *Vrije Weekblad* will appear for the last time next week.
We are quite sure that het *Vrije Weekblad* has contributed to opinion leading in the new South Africa. We are also convinced that it must have had a positive effect on the - although tough heads of a lot of - Afrikaners.
We will miss the *Vrije Weeblad* very much.
Warm greetings from a cold Amsterdam.

### Scott McCloud van *Time Magazine* skryf:

It was with sadness that we learned from this morning's papers that *Vrye Weekblad* is coming to an end. You and your fellow editors and reporters have done such an amazing job of keeping us informed about




e "real South Africa" that this news leaves arge gap in our lives and our hearts. Your ork has been an inspiration to us all. eaking as humble journalists on one news- gazine to another, we wish you all the st for the future.

### heo Tecklenburg van nden skryf:

ie, baie jammer om te hoor van die sterwe van *VWB* in gister se "Star". Dankie die uitstekende werk gedoen deur almal n Afrikaner se koppe so bietjie meer oop maak. Ek was bevoorreg gewees om am met julle, vanaf die voëlvrytoer te ees.
oorspoed aan almal.

### anie de Villiers van Yeoville kryf:

isteraand op TV lewer Max uit die blou effe grys in die baard) *VWB* se lyksrede. Hel, gaan julle 'n leemte laat! Ek het elke iewe uitgawe onder oë gehad. Al wat ek nog kan sê is dankie, en sorry.

### Annemarie en Mike Martinson van Johannesburg skryf:

We are sad to see the departure of *Vrye Weekblad.* We believe you have helped to change South Africá. We salute you for your brave stand, and wish you well in the future.

### Malcolm Hacksley van die National English Museum skryf:

Dit is met groot spyt dat ons by hierdie Museum kennis neem van die eersdaagse verdwyning van u blad. Dit was vir ons 'n belangrike bron van verskeie soorte inligting en menings oor 'n verfrissende verskeidenheid letterkundige en ander kulturele sake. Dat juis hierdie blad tot sterwe gedwing moet word is 'n slegte voorbode vir 'n toekomstige, hopelik vrye samelewing in die geliefde land.
'n Mens besef daar is dinge wat jy kwalik kan keer, maar jy kan darem nog jou spyt oor jou eie onmag uitdruk. Vandaar dié brief.
Gun ons die geleentheid om vir u persoonlik, en ook vir u medewerkers, sterkte toe te wens. Wat u gedoen het, was die moeite werd om te doen, en daarvoor is ons almal u groot dank verskuldig.

### Peter Brown van Hilton skryf:

I read with dismay the sad news about the end of *Vrye Weekblad.*
Take heart from the fact that it did a great job while it lasted. But who will do that job, when it will most certainly need to be done, in the future?



Vrye Weekblad

Alles oor die Comrades - bl 24

Rooi komplot

Lokval vir Boesak, Tutu en Cosatu

Die foto spook nou by Vlok

Welkom in die Plek van Vreugde - bl 12&13

### Egbert en Santa van Bart van Groot Marico skryf:

Noudat die sand byna alles deur die uurglas geval het - dat die enigste adres na jou waaroor ons beskik - een van die dae ook 'n dooiemansdeur dreig te word, moet ek my verroeste pen opneem en enkele dinge opmerk waarby ek die afgelope paar jaar wou uitkom.
*Vrye Weekblad* was vir ons - soos vir baie



Vrye Weekblad


Let's put peace first

GAAN DIE NUWE SA IN VLAMME OP?

*FW de Klerk se uur van waarheid breek aan*

ander - die eerste beduidenis van 'n dagbreek na 'n helse lang nag. Vir jou moontlik 'n verligting om onder die juk uit te kom - vir ons 'n teleurstelling - (Daar is, benewens Die Suid Afrikaan, geen enkele Afrikaanse nuusblad, tydskrif of koerant wat ek eers oor die drumpel van my huis wil toelaat nie - laat staan nog lees. En vir die eerste keer in dekades word 'n radio hier in ons kaia gehoor, tussen 10 -11 nm op 'n Donderdagaand - en die Engelse media is niks beter nie.)
Deur die jare het *Vrye Weekblad* in verskillende rigtings vertak - moontlikhede vir groei aangedui - puik ondersoekende joernalistiek - vensters is oopgegooi op 'n groter samelewing as wat mense van wou weet - die as is afgeblaas van die kole van 'n geheue en 'n verlede wat verskraal het met tyd en deur mites en leuens vervang is - en vlammetjies het hier en daar opgespring om aan te dui - hier's nog asem - hier's lewe.
Al die Vrye Weekblaaie staan hier op 'n rak (op een kopie na, wat ons nooit kon opspoor nie), maar 'n mens kan nie nalaat om dit saam te vat as 'n soort opvoeding in die demokrasie nie - die begin van 'n soort opvoeding in die demokrasie - en daarom is dit jammer, want ons is bitter ongeleerd oor die demokrasie en een uur per week Radio Demokrasie (Max du Preez se inbel-program Donderdagaande 10-11 op Afrikaans Stereo) is net nie goed genoeg nie.
Sterkte en sëenwese vir 1994!
*(Brief heelwat verkort, Redakteur)*

taren**taal**



## Tarentaal leef voort

*Vrye Weekblad* se prys vir die Afrikaanse Kopieskrywer van die Maand word oorgeneem deur DE KAT. Dié reklameprys is só goed ontvang dat DE KAT besluit het om dit nie te laat sterf nie.
Alle voorspoed aan DE KAT en al die Afrikaanse kopieskrywers in ons land. Ons hoop TARENTAAL groei van groot tot baie groot.

# Intekenaars

Intekenaars op *Vrye Weekblad* aan wie nog uitgawes van die tydskrif verskuldig is, sal binnekort hul uitstaande geld terugontvang. Dié administrasie word gehanteer deur Times Media, en navrae kan gerig word aan André de Klerk by telefoonnommer (011) 497-2617.

# TE KOOP OF TE HUUR




## Scouts Hall, Carolinestraat 91, Brixton

Die geskiedkundige ou baksteengebou waarin *Vrye Weekblad* die laaste jaar gehuisves was, is te huur of te koop.
Die hoeksteen van die Scouts Hall is in November 1924 gelê. Dit is 'n oop-plangebou, amper soos 'n kerkie, met sowat 256 vk meter vloerruimte, 'n mezzanine-vlak, donkerkamer/kombuisie, twee pakkamers, twee toilette, tuin en parkeerplek. Hierdie historiese juweel is in die hart van Brixton geleë, naby banke, restaurante, winkels en die SAUK. 'n Infinity curve is reeds ingebou omdat dit voorheen as 'n fotografiese studio gebruik was. Dit is die perfekte gebou om as studio, klein restaurant of gallery - of natuurlik 'n ongewone blyplek - te gebruik.

Skakel vir Kevin Rudham by tel no. 011 646 3539 indien jy belangstel.

Huur: R3 000,00 per maand
Koop: Onderhandelbaar

Die span wat dié laaste uitgawe van *Vrye Weekblad* voorberei het, is:

**Redakteur**

Max du Preez

**Mede-redakteurs**

Ina van der Linde

Martie Meiring

**Ontwerp**

Anton Sassenberg

**Verslaggewers**

Louis Kirstein

Esma Anderson

Christi van der Westhuizen

Virginia Keppler

Beverley Mitchell

Llewelyn Roderick

**Advertensiebestuurder**

Elize Viljoen

**Redaksie-assistent**

Narike Lintvelt

**Kantoor-assistente**

Joseph Moetaesi

Vernon Zulu

Vrye Weekblad is uitgegee deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/40168/06) van 91 Carolinestraat, Brixton. Die telefoonnommer is 837 7017 en die faksnommer 837 3567. Vrye Weekblad is gedruk deur Promedia-Publikasies, Markstraat 324, Waltloo, Pretoria.


JOHN ROLFE
Amerika se Eerste
Tabakplanter
JOHN ROLFE
KINGS
1612
1612
America's First
Tobacco Planter
CLASS "A"
CIGARETTES
EDGEWORTH, INC., RICHMOND, VA., U.S.A.
JOHN ROLFE
In die geskiedryke jaar 1612,
het John Rolfe in Jamestowne,
Virginia, die eerste tabak geplant.
Dié goue blare het Amerikaanse tabak
wêreldwyd beroemd gemaak.
Ryk Smaakvolle Tabak
EDGEWORTH INC., RICHMOND, VA., V.S.A. Vars in Suid-Afrika vermeng.
JRK 193A